# Wie is God, Jahweh of Allah?

Outeur: Jacobus N S Pretorius

Uitgewer – JNS Pretorius
E-pos: jacobusns@gmail.com
Sel: 072 347 7919

Eerste gedrukte uitgawe – Junie 2003, deur Aidos Boeke

Hersiene elektroniese uitgawe – September 2012

**ISBN: 978-0-620-54621-8**

Kopiereg gehou deur JNS Pretorius

*This book is also available in English under the title:*
***Who is God, Yahweh or Allah?***

**Wie is God, Jahweh of Allah?**

# Inhoud


Die Doel van hierdie Boek ............ 3
1. Wie is God? ............ 4
2. Nie–Moslems se Beskouing van Islam ............ 8
3. Wat is Islam? ............ 11
4. Die Liefde van Allah, die God van Islam ............ 17
5. Die Liefde van Jahweh, die God van die Bybel ............ 21
6. Verhoudings met ander Mense. ............ 25
7. Sonde, Vergifnis en Straf ............ 28
8. Islam se Paradys ............ 37
9. Geweld in die Christendom ............ 41
10. Geweld in Islam ............ 45
   i. Die Quran ............ 45
   ii. Geweld in die Hadis (Tradisies van Mohammed) ............ 48
   iii. *Jihad* (Heilige Oorlog) ............ 50
11. Waarom is Oorlog dan Nodig? ............ 55
12. Die Waarde van Ooreenkomste, Beloftes en Ede in Islam ............ 59
13. Buit, belastings en ander voordele vir Islam ............ 65
14. Islam, Israel en Geweld ............ 67
15. Jesus en Mohammed ............ 69
16. Jesus, Seun van God? ............ 76
17. Dieselfde God? ............ 78
18. Gevolgtrekking ............ 80
Aanhangsel A. ............ 83
Aanhangsel B. ............ 85
Aanhangsel C. ............ 87
Bronnelys ............ 91

## Die Doel van hierdie Boek

Baie mense is van mening dat Jahweh (kan ook gespel word Yahweh, wat moontlik ‘n meer korrekte spelling is), die God van die Bybel en die Christendom en Allah, die God van die Quran en Islam, dieselfde wese is en daarom deur baie gesien word as die enigste ware God. Maar is dit so? Is hierdie twee wesens dieselfde God wat net verskillende name het? Indien dit wel die geval is, is dit goed en kan albei as sulks aanbid word. Indien dit nie dieselfde wese is nie, dan is ten minste een van hulle nie die ware God nie, en behoort dan nie aanbid te word nie. Daar is natuurlik, in die wêreld, baie vals gode wat wel aanbid word.

Een manier om vas te stel of Jahweh en Allah wel dieselfde wese is, is om vanuit hierdie godsdienste se heilige boeke te bepaal wat elkeen van hierdie wesens se belangrikste eienskappe (attribute) is en dit dan te vergelyk. Indien hulle belangrikste attribute identies is, is dit moontlik, en kan dit erken word dat hulle wel dieselfde wese en dus dieselfde God is. Dit is dan ook waaroor hierdie boek handel. In hierdie studie word vanuit die Bybel van die Christendom en uit die Quran en Hadith (instruksies vir lewe deur Mohammed, Islam se profeet, wat deur Moslems baie belangrik is vir lewe), van Islam, bepaal wat die belangrikste attribute van hierdie twee wesens is en dit word dan vergelyk ten einde vas te stel of hulle wel dieselfde wese, of dan dieselfde God is. Uit hierdie studies sal dan ook bepaal kan word of dit wel die ware God is, indien hulle wel dieselfde wese is, of, alternatiewelik sal bepaal kan word watter een die ware God is, indien dit duidelik is dat dit nie dieselfde God kan wees nie.

In hierdie proses is daar in hierdie boek gebruik gemaak van meer as 85 aanhalings uit die Quran, meer as 95 aanhalings uit die Hadith en meer as 75 uit die Bybel. Hierdie aanhalings is meer as voldoende om die karakter en eienskappe van hierdie twee wesens, die God van die Bybel en Allah van Islam, bo alle twyfel te bepaal.

Hierdie boek se doel is dan om die eerlike soeker na waarheid te help om voldoende insae te kry in die karakter en attribute van Jahweh, die God van die Bybel en Allah van die Quran, ten einde hom/haar dan instaat te stel om 'n ingeligte besluit in verband daarmee te neem.

Skrywer

## 1. Wie is God?

Die twee grootste godsdienste in die wêreld is die Christendom (waarvan die meerderheid Rooms-Katoliek is) en Islam. Jahweh is die God van die Christene en word deur hulle as God erken en aanbid. Moslems (Islam) aanbid Allah en beskou hom as die enigste en ware God. Islam erken die God van die Christene nie as Jahweh nie. Hulle maak egter daarop aanspraak dat Allah, Islam se God, en die God wat deur die Christene aanbid word, dieselfde God is en dat sy naam Allah is. Daar is ook baie Christene, waarskynlik die meerderheid Christene, wat meen dat Jahweh en Allah dieselfde God is, en dat hierdie twee geloofsgroeperinge in wese dieselfde God aanbid. Albei hierdie geloofsgroepe glo ook dat daar net een ware God is. Dit is dus uiters belangrik om seker te maak of hierdie twee wesens dieselfde persoon of godheid is. Indien hulle nie dieselfde God is nie, dan kan ‘n mens aflei dat ten minste een van hulle nie die ware God is nie en dus 'n afgod is.

Hierdie twee wesens, Jahweh van die Bybel en Allah van die Quran, word deur hulle onderskeie openbarings (boeke) bekend gestel. In die geval van Jahweh, deur die Bybel en in die geval van Allah, deur die Quran, asook in groot mate deur die Hadith (word later meer volledig bespreek). Uit hierdie openbarings van hulle, deur hulle onderskeie boeke, word albei se karrakter en eienskappe (attribute) duidelik. Vir die doeleindes van hierdie studie word hoofsaaklik gekonsentreer op hulle morele attribute. Indien hulle wel dieselfde God is sal hulle ten minste dieselfde morele attribute deel, en hierdie morele attribute behoort duidelik uit hulle onderskeie boeke waarneembaar te wees. Uit aanhalings wat gebruik is sal die leser merk dat die betrokke boeke geen twyfel laat oor die karrakter en aard van die morele attribute van hierdie twee wesens nie.

Dit is die uitgangspunt of voorveronderstelling in hierdie boek dat die hoof morele eienskap van die ware God, **liefde** is. ‘n Omgee liefde, nie ‘n soetsappige sentimentele of emosionele liefde nie. Soos wat elke kreatiewe mens omgee vir sy/haar skeppings, trots is daarop en beskermend is daaroor, kan ‘n mens verwag dat ‘n Skepper-God soveel te meer graag sal wil hê dat dit goed sal gaan met sy skepping, en veral so met die mens. Die liefde van ‘n ware Skepper-God behoort uiteraard ‘n welwillendheid te wees en daarby sal dit waarskynlik ‘n onselfsugtige liefde of welwillendheid wees, want dit sal daaroor gaan dat dit goed gaan met sy skepping. Die liefde waaraan hier gedink word kan op menslike vlak beskryf word as ‘n gesindheid waar 'n mens altyd liefdevol optree teenoor almal met wie jy te doen kry, insluitend mense van wie jy nie hou nie. Dit beteken dat ‘n mens altyd aan ‘n ander doen wat jy aan jouself gedoen sou wou hê in soortgelyke omstandighede en nooit iets aan ‘n ander te doen wat jy nie aan jouself gedoen sou wou hê in soortgelyke

omstandighede nie. Dit behoort ‘n liefdevolle (welwillende) optrede te wees sonder die geringste motief vir selfbevoordeling. So ‘n liefde sou as ware liefde beskou kan word, want hoewel dit nooit die motief is nie, is selfbehoud inherent in so ‘n gesindheid. So ‘n liefde bou op en is vir niemand ‘n bedreiging nie, terwyl ‘n gebrek daaraan, of dan liefdeloosheid, ‘n bedreiging inhou vir almal, want dit breek af en berokken skade. Indien alle mense altyd in hierdie soort liefde opgetree het sou daar geen nadeel vir enige iemand gewees het nie, en sou dit eintlik hemel op aarde gewees het. Daarom kan so ‘n liefde as ware liefde beskryf word, wat van ‘n ware God verwag kan word. In die Bybel is daar heelwat beskrywings van liefde wat met hierdie beskrywing ooreenstem. Een daarvan is te vind in 1 Johannes 4:18:

> *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie."*

‘n Mens sou verwag dat ‘n ware God, wat in wese ‘n liefdevolle God sal wees, se wet (sy opdragte aan sy volgelinge) liefde en welwillendheid sal wees, of ten minste sal aandring op liefdevolle handelinge teenoor medemense asook teenoor Hom. Dit sal aandring op ‘n gesindheid wat vir medemense goed en voordelig sal wees en nie vir hulle ‘n bedreiging inhou nie.

Wanneer ‘n mens kyk na die skepping kan die ware Skepper-God se welwillende liefde daarin gesien word. Die God wat die heelal geskep het, die wêreld en alles wat daarin is, kan nie anders as om 'n God van liefde te wees nie. Afgesien van die harmonie van die aarde in verhouding tot die ruimte: die mooi, die kunstigheid en delikaatheid van dit wat geskep is, heelal, aarde, plante, diere en die mens, is die feit dat die mens 'n vrye wil het 'n verdere bewys van die Skepper se liefde. Hoe liefdevol sou dit wees om mense te skep wat meganies of instinktief funksioneer, soos robotte? Daar sou geen sprake kon wees van sinvolle verhoudings nie. 'n Mens sou nie goeie dade kon doen of gehoorsaam kon wees nie. 'n Mens sou wel ook nie slegte dade kon doen of ongehoorsaam kon wees nie, maar dit sou geen waarde of nut hê nie omdat dit nie vrywillig is nie.

Vriendskapsverhoudings is tog vrywillig. Niemand kan iemand anders verplig om sekere persone as vriende te kies nie. Daar is punte van ooreenstemming in die skeppingsverhaal van die Bybel en die van die Quran. God het die mens (Adam en sy vrou) geskep met die vermoë om keuses te maak en met die bedoeling om met Hom (God) in 'n liefdesverhouding te lewe, soos wat dit aanvanklik ook was in die Tuin. God weet dat dit met die mens net goed sal gaan solank hy God bly dien en in 'n liefdesverhouding met Hom bly. Hulle moet dit egter vrywillig doen en nie onder dwang nie, anders sou dit nie net

betekenisloos wees nie, maar ook liefdeloos en onregverdig van God. Daarom stel God die mens voor ‘n keuse, volgens die Bybel. Hulle kon Hom gehoorsaam wees deur nie van ‘n sekere verbode vrug te eet nie (Hom dus eerste stel) of hulle kon ongehoorsaam wees en wel van die vrug eet. ‘n Liefdevolle God sou tog graag in ‘n vrywillige liefdevolle verhouding met sy skepsel wil leef. Daar kan tog geen vreugde in ‘n gedwonge verhouding wees nie. As die mens nie 'n vrye wil gehad het nie sou dit nie vir God nodig gewees het om hulle te belet om van 'n sekere boom te eet nie, want dit sou vir hulle onmoontlik gewees het omdat dit teen God se wil was. Deur hierdie verbode vrug te gebruik (van die boom te eet), in die hoop om soos God te word, het die mens dus sy eie belange bo die belange van God gestel, en so het die self (eie ek), vir die mens, belangriker geword as God. Natuurlik was dit, volgens die Bybel, onder aanmoediging en misleiding van Satan, deur die slang, maar die mens is skuldig omdat hy die vermoë gehad het om aan God gehoorsaam te bly. Hy het nie nodig gehad om toe te gee aan die aanloklikheid van selfbevoordelende optrede, soos deur die slang aan hulle voorgehou is nie.

'n God van liefde kan nie anders as om ook regverdig te wees nie (regverdigheid is liefde en onregverdigheid is liefdeloosheid). Hy kon dus nie anders as om die straf wat Hy beloof het toe te pas nie. Buitendien kan selfsug en liefdeloosheid nie in ‘n God wat liefde is se teenwoordigheid bestaan nie. Daarom word die mens, omdat hy vir homself en teen God gekies het, uit God se teenwoordigheid en verantwoordelikheid gedryf, in 'n wêreld in wat in die mag van die Bose is. Die mens was deur God gewaarsku en het geweet dat dit sou gebeur, maar was ten spyte daarvan ongehoorsaam. Dit is kortliks die Bybelse verhaal van die mens se toestand van verwydering van God, of geestelike dood, en dit gaan verder.

Omdat God liefde is wil Hy steeds hê dat die mens na Hom moet terugkeer, maar dit moet vrywillig gebeur. God het die mens lief en Hy wil graag hê dat die verhouding herstel moet word, maar dit moet op 'n regverdige manier gebeur. Die enigste regverdige manier is om die mens sover te kry om vrywillig terug te kom. Dit is egter iets wat die mens nie kan doen nie, behalwe as iemand anders wat kwalifiseer, die straf vir sy sonde dra. Daarom het God bemoeienis gemaak met die enkelinge (wat in 'n wêreld was wat in die mag van die Bose was) wat 'n liefde en begeerte na Hom gehad het, en deur hulle het Hy 'n volk voorberei. Uit hierdie volk sou die Persoon, wat die straf sou dra, in die wêreld inkom en sodoende die versoening met God moontlik maak vir diegene wat wil. Op watter ander regverdige manier sou ‘n God van liefde sy vervreemde (geestelik dood) skepsel met Homself kon versoen?

Indien die ware God nie 'n God van liefde was nie sou Hy mense so geskep het dat hulle geen vrye keuses kon maak nie. Dit sou dan ook nie nodig gewees

het om wette en opdragte daar te stel nie, want hulle sou nie in staat wees om verkeerd te kon doen nie. Anders sou Hy hulle wel met die vermoë tot vrye wil kon skep, maar hulle met geweld verplig om Hom te dien. Hierdie laaste geval sou nog meer liefdeloos wees. Sou dit dan nie beter gewees het om hulle maar sonder hierdie vermoë te skep nie? Hoe regverdig is ‘n God wat die mens skep met ‘n vrye wil maar die mens dan met geweld dwing om hom te dien?

Daar sal aangetoon word uit die Bybel dat Jahweh, die God van die Bybel, wel ‘n God van liefde is. Indien bo alle twyfel vasgestel kan word dat Allah, volgens die heilige boeke van Islam (Quran en Hadith), 'n God van liefde is, en dat hy dieselfde karrakter en attribute het as Jahweh, God van die Bybel, dan, en dan alleen, kan gekonstateer word dat hulle dieselfde God is (soos wat algemeen geglo word). Indien hulle nie dieselfde eienskappe het nie, dan is dit logies dat dit nie dieselfde Wese is nie.

Dit sal beteken dat daar indringend gekyk sal moet word na die twee godsdienste, Islam en Christendom, hulle heilige boeke en dit wat hulle leer en lewe. Hierdie studie gaan dus nie oor opinies van mense oor die verskillende godsdienste nie, **maar oor dit wat hulle heilige boeke leer en optredes as gevolg van wat geleer word.**

Indien daar, in hierdie proses, dinge gesê word wat aanstoot gee, moet die leser asseblief glo dat dit nie die bedoeling is nie. Die bedoeling is om slegs by die waarheid te hou, en dit is ongelukkig so dat die waarheid soms seermaak. Baie moeite is gedoen om aanhalings getrou, onbevooroordeeld en binne konteks weer te gee. Indien die leser egter volhou en deurdruk sal hy besef dat die motief vir die skryf van hierdie boek, liefde is, en 'n opregte poging om die waarheid te soek en bekend te maak.

Die leser word dus genooi om dit klaar te lees, en indien nodig die waarheid van aanhalings uit die bronne te kontroleer, en dan 'n besluit te neem oor wat hy/sy as geloofwaardig aanvaar. Dit is ongelukkig so dat, net soos in die Christendom alle Christene nie altyd op hoogte is van wat die Bybel leer nie, so is daar blykbaar ook Moslems wat nie altyd op hoogte is van alles wat in Quran en die Hadith geleer word nie. Daarom mag sommige aanhalings uit hierdie boeke vir sommige lesers, Christene sowel as Moslems, 'n verrassing wees.

## 2. Nie–Moslems se Beskouing van Islam

Na die gewelddadige verwoesting van die Wêreld Handel Sentrum (World Trade Centre) geboue in New York, Amerika, op 11 September 2001 deur sogenaamde Moslem ekstremiste, hoor 'n mens in die media teenstrydige uitsprake oor die vredeliewende aard en karakter van Islam.

Daar word beweer dat Islam 'n vredeliewende godsdiens is en dat die deursnee Moslem vrede nastreef. Hierdie inligting word verkry van Westerse- en selfs Christen 'kenners' van Islam. Wanneer daar in die media met Moslem leiers hieroor gepraat word, dan gee hulle ook telkens die versekering dat Islam eintlik, in wese, vredeliewend is. Hulle veroordeel die terroriste dade en simpatiseer met die veronregtes. Dit klink goed en dit laat die gemiddelde nie-Moslem beter voel oor Islam.

'n Mens sou graag wou glo dat Islam 'n vredeliewende godsdiens is, want as dit nie is nie, is daar moeilikheid vir alle nie-Moslems. Daar is baie Moslems en die sogenaamde ekstremiste skroom nie om hulle lewens op te offer om hulle 'vyand' uit te wis nie. Hoe duisende, niksvermoedende, ongewapende burgerlikes, wat besig is met hulle gewone dagtaak, insluitende vrouens, hulle vyande kan wees, is vir die gemiddelde nie-Moslem glad nie duidelik nie.

Wanneer 'n mens egter sekere Moslems se vreugde oor hierdie terreurdade op TV sien en sien hoe sogenaamde vredeliewende Moslems regoor die wêreld, insluitende Suid-Afrika, reageer teenoor Amerika op grond van hul optrede teen die terroriste, sowel as teenoor die voorheen terroristiese staat, Afghanistan, dan wonder 'n mens hoe dit rym met hulle 'vredeliewendheid'. Hulle betogings en plakkate is niks minder as dreigend nie. Daar word gedreig met 'n sogenaamde heilige oorlog, of *Jihad* teen Amerika. Ook in Suid-Afrika was daar aksies om mense te werf om Afghanistan te gaan help, nie net finansieel en met middele nie, maar ook as soldate.

Daar is uitsprake van 'vredeliewende' Moslems, soos die volgende: *"As 'n Moslem aangeval word deur 'n nie-Moslem, word almal aangeval en dan moet almal help"* (Moslem geestelike tydens onderhoud oor RSG). Die Suid-Afrikaanse Moslem Regsraad veroordeel Amerika as die aggressor vir sy aanvalle teen Afghanistan en sy terroriste. Die meerderheid van Moslems wat daaroor iets te sê het, stem met hierdie veroordelings saam. Dan is dit nie meer so seker of Islam wel 'n vredeliewende geloof is nie en ook nie wie almal hulle vyande is nie.

Vir die gemiddelde nie-Moslem is Islam 'n raaisel. Daarom bestaan daar in hierdie dae by die meeste mense onsekerheid oor hierdie sake. Selfs by

‘nominale’ Moslems, (mense wat nie op hoogte is van wat hulle heilige boeke leer nie) wie se geloof gebou is op wat hulle hoor in die Moskees (Moslem plekke van aanbidding), by hulle geestelike leiers, sowel as in hul gemeenskap, is daar onsekerheid. Indien daar nie onsekerheid is nie, is hierdie teenstrydige menings moeilik te verduidelik.

Vir die nie-Moslem kom die gemiddelde Moslem vreedsaam voor. Oor die algemeen word hulle beleef en ervaar as vriendelike en hulpvaardige mense. In Westerse lande is kontak tussen nie-Moslems en Moslems egter hoofsaaklik beperk tot 'n besigheidsituasie waar die nie-Moslem die klant is en die Moslem die besigheidsman of –vrou. Oor die algemeen word Moslems ervaar as 'n eksklusiewe groep, waar vriendskappe met nie-Moslems en werklike sinvolle sosiale interaksie baie min voorkom. Daarom is die Moslems en hulle godsdiens, Islam, vir die gemiddelde nie-Moslem 'n raaisel.

Dit gebeur dikwels dat Moslems betrokke is, of geïmpliseer word, by dade van geweld wat deur nie-Moslems as tereurdade beskou word. Uiterste voorbeelde daarvan is die gewelddadige verwoesting van die Wêreld Handel Sentrum (World Trade Centre) waarna reeds verwys is, en die motorbom ontploffing in Bali, Indonesië, op 12 Oktober 2002 waar groot getalle nie-Moslems die teikens was. Moslems se reaksie op hierdie dade is gewoonlik teenstrydig. Aan die een kant word dit veroordeel, maar aan die ander kant word dit ook goedgepraat. Uit die reaksie van Moslem leiers kry 'n mens die indruk dat hierdie dade nie deur hulle as terreur beskou word nie, maar eerder as regverdigbare oorlogsdade. 'n Mens kry verder die indruk uit uitsprake van leiers sowel as gewone Moslems dat hulle simpatie het met die mense wat hierdie ‘terreurdade’ pleeg.

Die nie-Moslem vind dit moeilik om te verstaan hoe duisende mense in vreedsame omstandighede, besig met hulle gewone dagtaak of vakansie, insluitende vrouens en kinders, die vyande van Islam kan wees, wat verdien om regmatiglik, as 'n daad van oorlog, doodgemaak te word. Dit rym nie met die reeds genoemde beeld van Moslems nie, en dit is verwarrend vir die nie-Moslem. Selfs Moslems verstaan dit nie altyd nie en vind dit dikwels moeilik om te verduidelik.

Aan die ander kant het Moslems ook soms probleme om sin te maak uit nie-Moslems se optrede, en in besonder ook met Westerlinge wat hoofsaaklik deur Moslems as Christene beskou word. In die naam van Christendom is daar ook Moslems doodgemaak tydens die Kruistogte (Crusades). Moslems in Westerse lande sien ook elke dag hoe mense wat bekend staan as Christene en wat daarop aanspraak maak dat Jesus in hulle plek die straf vir hulle sonde gedra het, hulle skuldig maak aan die gruwelikste sondes soos onder andere

onsedelikheid, drankmisbruik, geweld, ensovoorts. Tereg maak hierdie dinge nie vir hulle sin nie, want hoe kan iemand aanhou sonde doen terwyl hy daarop aanspraak maak dat Jesus die prys betaal het vir sy sonde?

As Christen is die skrywer bewus daarvan dat die meerderheid mense wat voorgee dat hulle Christene is, en deur ander gelowe as Christene beskou word, nie eers self weet wat die ware en Bybelse betekenis van die woord 'Christen' is nie. Hierdie mense ken die God van die Bybel nie, en lewe glad nie in totale oorgawe aan Hom, soos wat dit 'n ware Christen betaam nie. Hierdie is nie 'n poging om verskonings te soek nie; dit is feite, en dit is goed dat Moslems daarvan kennis neem. In Aanhangsel B word 'n definisie gegee van wat 'n ware Christen is. Hier kan net gesê word dat hoe nader 'n mens aan die God van die Bybel leef, hoe meer lewe jy in oorgawe aan Hom en hoe meer liefdevol is jy, want die God van die Bybel is liefde. Dit sal uit die Bybel aangetoon word. Enigiemand wat dus geweld, haat en onsedelikheid bevorder kan nie 'n ware Christen wees nie al gee hy/sy voor om een te wees.

Die skrywer is daarvan bewus dat Islam die Bybel as verdraai en onbetroubaar beskou. Hy is egter ook daarvan bewus dat selfs Moslem geestelikes erken dat daar geen bewyse bestaan dat die Bybel verdraai is nie, en dat niemand enige geldige bewyse kan voorlê nie.

As gevolg van die onkunde en onsekerheid oor die vredeliewendheid van Islam, het die skrywer verskillende vertalings in Afrikaans en Engels van die Quran en ook vertalings in Engels van verskillende samestellings van die Hadis (Hadith) bekom, waar hy in hierdie heilige boeke van Islam gesoek het na antwoorde op vrae oor liefde, geweld, oorlog, sonde, vergifnis, straf, ens. Uitsprake oor hierdie sake deur die God van die Bybel word vergelyk met uitsprake hieroor deur Allah, die God van Islam, in die Quran. Hieruit behoort dit vir die leser duidelik te word of Jahweh, God van die Bybel en Allah, God van die Quran, dieselfde wese is, en indien nie, watter een waarlik God is.

Aangesien die skrywer nie Arabies magtig is nie moes hy hom verlaat op Afrikaanse en Engelse vertalings van hierdie boeke (Quran en Hadis). Daar is egter baie moeite gedoen om aanhalings korrek en binne die konteks te gebruik. Verwysings word gegee om die leser in staat te stel om die akkuraatheid en toepaslikheid van aanhalings te kontroleer.

Let asseblief daarop dat alle aanhalings uit Engelse bronne, vry vertaal is in Afrikaans. Daar is egter baie moeite gedoen om die betekenis getrou weer te gee.

## 3. Wat is Islam?

### Islam

*Islam* is 'n godsdiens wat sy oorsprong het in die Arabiese Skiereiland (vandag Saudi Arabië) aan die begin van die sewende eeu na Christus.

Die woord 'Islam' beteken, volgens Imam Baker (1981:xviii) in sy inleiding tot sy vertaling van die Quran in Afrikaans, *"om vrede te sluit"*. In sy kommentaar tot die Hadis (later meer hieroor) sê Al-Haj Maulana Fazlul Karim (1998: (Vol. 1): 128), 'n afgetrede regter: *"Islam beteken letterlik vrede of totale onderwerping* (aan Allah)*"* en verder, *"Islam is (i) vrede, en (ii) aanbidding van slegs een, Allah."* Islam beteken dus *totale onderwerping aan Allah* en dit word beskou as sinoniem met, of dieselfde as *vrede*. 'n Mens sou kon vra of dit dan beteken dat vrede net bestem is vir Moslems.

Daar is egter ander menings oor die oorspronklike betekenis van die woord 'Islam'. Dr. M Bravmann, (soos gekwoteer deur Morey 1992:36-37) 'n kenner van die Midde Ooste, het 'n ander verduideliking hiervoor. Hy sê: *"[Islam was oorspronklik] 'n sekulêre* (nie-godsdienstige) *begrip, wat vir die primitiewe Arabier gedui het op 'n verhewe deug, trotsering of uitdaging van die dood, heroïsme; om in oorlog te sterf."* Dit blyk dus dat die betekenis van 'onderwerping aan Allah' eers later ontwikkel het.

### Moslem

'n Aanhanger van die Islam geloof word 'n *Moslem* genoem. Dit beteken iemand wat hom onderwerp aan die Islamitiese geloof.

### Koran – Quran

Die belangrikste heilige boek (Bybel) van Islam word genoem die *Koran*, ook gespel, *Qur'an*, *Qur-an* of *Quran*. Dit bestaan uit 114 hoofstukke. Die boek is in Arabies geskryf en sommige Moslems aanvaar nie enige ander vertalings nie, daarom word gewoonlik na vertalings verwys as 'die betekenis van …' of *'the meanings of'* (sien die bronnelys) In Engels en Arabies word die hoofstukke '*Surah*' of '*Sura*' genoem wat beteken 'stap' of 'graad'. Die Quran is volgens Islam die finale openbaring van God. Dit word baie ernstig opgeneem en alle opdragte daarin is direk van Allah deur die Profeet Mohammed en **moet** gehoorsaam word. Moslems hanteer die Quran dan ook met die hoogste agting en baie respek, gewoonlik slegs met die regterhand in ooreenstemming met die Arabiese en Moslem tradisies van die gebruik van verskillende hande vir verskillende take. (Sien ook Mohammed en die Quran hieronder.)

## Allah

*Allah* is die God van Islam en volgens Moslems die enigste ware God, en word as sulks deur hulle aanbid. Die woord *Allah* beteken nie God nie; dit is die naam van die God van Islam. Die naam *Allah* was reeds in die voor-Islamitiese tydperk bekend. Volgens Morey (1992:217) dui argeologiese opgrawings daarop dat *Allah* die naam van die maangod was wat as die hoofgod in die *Ka'aba* in Mekka aanbid was. Mekka is die heilige stad van Islam, waar alle Moslems minstens eenmaal in hulle lewe besoek moet aflê om te aanbid. Hierdie verpligte pelgrimsreis na Mekka word *Hajj* genoem. Sien hoofstuk 4: iv hieronder vir meer inligting in hierdie verband. Die feit dat die naam Allah in voor-Islamitiese tydperk reeds bekend was verduidelik volgens Morey waarom die Quran *Allah* nie volledig beskryf en definieer nie, en ook waarom Mohammed aangeneem het dat die heidense Arabiere Allah reeds geken het.

## Mohammed

Mohammed is die grondlegger van Islam. Hy word deur Islam beskou as die laaste profeet en finale boodskapper van God (Allah). Mohammed maak in die Quran hierop aanspraak. Hy (Mohammed) verwys onder andere na homself as *"geëerde Boodskapper"* en in Engels: *"honoured apostle" Sura* 69:40. [Daar sal deurgaans verwys word na '*Sura*', gevolg deur die hoofstuk en vers nommers, wanneer uit die Quran aangehaal word (byvoorbeeld *Sura* 7:157 of 51:52)]

## Mohammed en die Quran

Die Quran is volgens Islam woordeliks deur Allah, deur tussenkoms van die engel Gabriël, aan Mohammed [571(570)-632 n.C. bronne verskil oor die jaar van sy geboorte] gegee.

In die Afrikaanse vertaling van die Quran, vertaal deur Imam M.A. Baker (1981), word Mohammed gespel as *Muchammad,* en Moslem(s) word gespel as *Moesliem(s)*.

Mohammed ontvang sy eerste openbaring in 610 n.C. in die vorm van 'n visioen, terwyl hy in 'n verrukking van sinne (*trance*) was. Mohammed vrees aanvanklik vir sy lewe en is nie seker van die oorsprong van die visioen nie. Sy vrou, Khadija, vertroos hom en behandel hom vir skok, en nadat sy raad gevra het by haar neef, Waraqa-b-Naufal, verseker sy en die neef hom dat dit die aartsengel van God is, wat voorheen aan Moses verskyn het. Volgens tradisie wou Mohammed toe selfmoord pleeg, maar het die engel Gabriël toe aan hom verskyn en hom verseker dat hy die Apostel van Allah is. Oor die

volgende 22 jaar, tot met sy dood in 632 n.C. het hy gereeld, op verskillende maniere, openbaringe ontvang (Karim, 1998(Vol. 4):354-359).

Die Quran bestaan uit hierdie visioene van Mohammed. Hy kon nie lees en skryf nie, en het dit gedikteer vir mense om hom, wat dit dan neergeskryf het. Eers na Mohammed se dood is die dele van die Quran, wat op verskillende voorwerpe onder andere perkament, blare en bene geskryf was, bymekaar gemaak in boekvorm om die Quran te vorm. Oor die samestelling, volledigheid en inhoud daarvan is daar selfs in Moslem geledere geen eenstemmigheid nie.

In die Quran is daar verskeie ontkennings dat Mohammed kranksinnig of besete was.

> *Sura* 52:29: *"Vermaan dan want deur die guns van die Here is u* (Mohammed) *nog 'n waarsêer, nog 'n kranksinnige."* (Baker, 1981:389) (sien ook *Sura* 37:35-36; 44:14; 51:52; 68:2 & 51; 81:22).

Hierdie ontkennings beteken minstens dat Mohammed deur sommige van sy tydgenote as kranksinnig of besete beskou was. Dit het waarskynlik te doen gehad met die feit dat hy dikwels in verrukking van sinne was. Volgens Al-Hadis (Karim, 1998:22:79(Vol.4):360) het Aisha (Mohammed se een vrou) gesê:

> *"Ek het hom (Mohammed) gesien wanneer die openbarings op hom neergedaal het op 'n baie koue dag; toe dit hom verlaat was sy voorhoof stomend van sweet."*

In (Karim, 1998:22:80(Vol.4):360) op dieselfde bladsy sê Obadah-b-Swamet:

> *"… wanneer 'n openbaring oor die Profeet gekom het was hy in ernstige beroering en het sy gesigsuitdrukking verander. … hy het dan sy kop geknik en so ook sy metgeselle. Wanneer die openbaring beëindig is het hy sy kop opgelig."*

### Die Hadis

Die 'Hadis' (Hadith) is, naas die Quran, die belangrikste geskrif<u>te</u> waarop Islam gegrond is. Die Hadis is versamelings, geskryf deur 'n verskeidenheid van mense wat na-aan Mohammed (die Profeet) geleef het, en dit bestaan uit aanhalings van wat hy sou gesê het, sowel as gewoontes en tradisies van hom.

Dit is so dat die Quran die belangrikste boek in Islam is, die Hadis kan egter nie geïgnoreer word nie. Daar is wel meningsverskil onder Moslems oor die waarde van die Hadis in die lewe van 'n Moslem. Niemand kan egter ontken dat dit ook baie gewig dra nie, want dit word deur Allah self in die Quran bepaal. Allah eis in die Quran, in *Sura* 3:31; 4:59; 8:20 & 46; 24:52; 47:33; 64:12: *".. gehoorsaam Allah en gehoorsaam die Boodskapper,* (Mohammed)" Dit is dan klaarblyklik ook die rede waarom dit wat Mohammed gesê en gedoen het (opgeteken in die Hadis) ook verplig (*sunnah* wat nagevolg moet word) is vir die Moslem. Die opdrag kom direk van Allah af. Hy stel dit ook duidelik in *Sura* 4:80:

> *"Wie die Boodskapper* (Mohammed) *gehoorsaam, gehoorsaam ook Allah."*

In die *Al-Hadis, an English Translation and Commentary of MISHKAT – UL – MASABIH* uitgegee deur *Islamic Book Service*, New Delhi 1998, saamgestel deur Al-Haj Maulana Fazlul Karim, waarna reeds hierbo verwys is, sê die samesteller in sy inleiding, (Karim, 1998(Vol. 1):3):

> *"Die Quran sonder die Hadis bly inderdaad onverstaanbaar in baie gevalle in die alledaagse lewe van 'n man"* en verder: *"Dus, indien die Quran geglo word, is daar geen ander alternatief nie as om ook die Hadis (tradisies) van die Profeet (Mohammad) te glo nie."*

Hy sê ook op (Karim, 1998(Vol. 1):154):

> *"Die .. Quran ... en die Hadis van die Heilige Profeet sal die belangrikste boeke wees waardeur die lewe van 'n ware Moslem gerig word."*

Die belangrikheid van die Hadis vir die Moslem word ook geïllustreer in Karim se woorde in (1998(Vol. 3):122):

> *"Daarom is die nakoming van die reëls van die Quran en die Hadis verpligtend vir die behoud van die siel en vir sy volgehoue vordering."*

Behalwe bogenoemde samestelling van die *Hadis,* waarna voortaan verwys sal word as ***Al-Hadis,*** is ook die Engelse vertaling deur Dr. Muhammad Mushin Khan van *Sahih Al-Bukhari* se samestelling van die Hadis gebruik. Dit is getiteld, *The Translation of the Meanings of Sahih Al-Bukhari,* uitgegee deur Khitab Bhavan, New Delhi, 1987. Na hierdie samestelling sal verwys word as ***Al-Bukhari,*** en aangetoon as (Khan, 1987: gevolg deur die nommer, volume nommer en bladsy nommer).

Vanuit die Hadis word die *Sunnah* of *Sunna* bepaal. Sunna is dit wat nagevolg moet word en beteken dus eintlik ook 'wet'. Die letterlike betekenis van *sunna* is *weg* of *pad*, teenoor *Shariah* of *Shariat* wat beteken die *godsdienstige wet van Islam*. Die Sunna is ontwikkel uit wat Mohammed geleer en gesê het en ook uit sy gewoontes, soos opgeteken in die Hadis (Hadith). Sunna word deur Al-Bukhari (Khan, 1987(Vol 1):Lxxxi) as volg gedefinieer:

> *"Al die tradisies en gebruike van die Profeet (Mohammed) wat voorbeelde geword het vir die Moslems en deur hulle nagevolg moet word."*

Dit is dus die riglyn waarvolgens elke Moslem veronderstel is om te lewe, oftewel die pad of weg wat hulle moet volg. Wanneer daar dus uit die Hadis aangehaal word, kan dit verstaan word as 'n 'wet' vir elke Moslem wat hy veronderstel is om te gehoorsaam, of die weg wat hy moet volg.

Volgens hierdie belangrike geskrifte het die Profeet Mohammed, volgens Al-Hadis (Karim, 1998:1:59(Vol. 1):135) die volgende gesê: *"'n Moslem is hy van wie se tong en hande ander Moslems veilig is,"* Dink 'n mens aan die oorlog tussen Iran en Irak enkele jare gelede, sowel as die woelinge tans in Arabiese (Moslem) lande, dan is dit duidelik dat hierdie stelling nie waar is nie. Moslems in Afghanistan (Noord teen Suid) veg steeds teen mekaar en maak mekaar dood. Dit is byna alledaags dat Moslems onder mekaar veg. Talle ander voorbeelde kan genoem word. Gestel egter dit is waar dat Moslems veilig is van die tong en hande van ander Moslems, wat moet dan uit hierdie stelling afgelei word? Is nie-Moslems dan nie veilig van 'n Moslem se hande en tong nie? As 'n Moslem in teenstelling met wat Mohammed gesê het, nie werklik veilig is nie, hoe veilig is 'n nie-Moslem dan? Veral in die lig van die volgende aanhaling uit die Hadis: die Profeet sê volgens Al-Hadis 1:73 (Vol. 1 bl. 144):

> *"'n Groep van my mense sal nooit ophou om te veg vir waarheid (Islam) nie, en sodoende dié oorwin wat dit teenstaan"*

Dit is hierdie soort uitsprake van Allah se boodskapper wat 'n mens bekommerd maak. As 'n mens dit egter vergelyk met die Quran dan is daar groot ooreenstemming.

### Die vyf beginsels (pilare) van Islam

Die Islam geloof berus op vyf beginsels wat ook bekend staan as Islam se vyf pilare van geloof. Hierdie beginsels is volgens Al-Bukhari (Khan, 1987(Vol.1):17) as volg:

- Om te bely dat niemand die reg het om aanbid te word nie behalwe Allah, en dat Mohammed Allah se boodskapper is.
- Om die vyf verpligte daaglikse gebede pligsgetrou en korrek te offer.
- Om die *Zakaat* te betaal. Dit is verpligte liefdadigheid.
- Om die *Hajj* (pelgrimsreis na Mekka) te onderneem.
- Om die vas gedurende die maand van Ramadan te onderhou.

Daar is spesifieke voorskrifte vir die nakoming en betekenis van elk van hierdie beginsels (pilare). Dit sal egter nie in hierdie boek bespreek word. Daar word volstaan met die opmerking dat dit van elke Moslem verwag word om die voorskrifte in verband daarmee getrou na te kom.

Die vraag wat beantwoord moet word is: Is Allah ‘n God van liefde? Daar sal dus vervolgens gekyk word na uitsprake van Allah oor **liefde**, volgens sy heilige boek, die Quran en ook volgens die Hadis. Hiervolgens sal dan bepaal kan word of hy 'n god van liefde is. Dit sal dan vergelyk word met uitsprake hieroor deur Jahweh, God van die Bybel. Dit behoort dan ook meer duidelikheid te bring oor die vraag of Allah en Jahweh dieselfde God is.

## 4. Die Liefde van Allah, die God van Islam

Die vraag wat beantwoord moet word is of Allah liefde is. Daar moet bepaal word of hy alle mense liefhet, ongeag wie hulle is, en of al sy dade voortspruit uit 'n wese wat liefde is. Hier moet in gedagte gehou word dat 'n God van liefde wel opdrag kan gee dat mense doodgemaak moet word, maar dan slegs wanneer dit uit liefde is. ’n God van liefde kan met geweld optree in die geval van mense van wie Hy weet dat hulle totaal verdorwe is, dat daar geen moontlikheid van bekering by hulle bestaan nie, en dat hulle sy reddingsplan vir die mens in die wiele sal ry. Dit gaan dus nie daaroor om mense aan Hom te onderwerp nie, maar om te voorkom dat hulle meer skade maak aan die uitvoering van sy spesifieke plan.

### Volgens die Quran

Wanneer 'n mens die Quran lees wil dit voorkom of Allah se liefde nie algemeen vir alle mense is nie, en dat slegs die mense wat dit verdien sy liefde ontvang. Die volgende aanhalings uit die Quran gee 'n aanduiding van wie kwalifiseer vir Allah se liefde, en wie nie:

> *Sura* 2:190: *“Voorwaar, Allah het geen liefde vir die oortreders nie.”*

'n God wat die oortreders nie lief het nie het geen rede om hom met hulle te bemoei nie. Is almal nie maar op een of ander stadium van die lewe oortreders nie? Wie sal dan kwalifiseer vir Allah se liefde?

> *Sura* 2:195: *“Voorwaar, Allah het die weldoeners lief.”*

In hierdie geval moet die oortreders eers weldoeners word voordat hulle op sy liefde kan reken. 'n Mens wonder of hierdie 'weldoeners' nooit oortree nie. Indien wel is Allah se liefde vir hulle maar baie wisselvallig. Dit is daar as 'n mens goed doen en weg as 'n mens oortree. Is dit moontlik dat 'n Moslem die inherente vermoë besit om glad nie te oortree nie en dus altyd op die liefde van Allah kan staatmaak?

> *Sura* 2:222: *“Voorwaar, Allah bemin hulle wat hulself tot Hom wend, en Hy bemin die gereinigdes.”*

> *Sura* 5:13: *“Allah het hulle wat goed doen, waarlik lief.”*

Net soos die 'weldoeners' hierbo, kwalifiseer diegene wat hulle tot Allah wend asook die gereinigdes en diegene wat goed doen vir die liefde van Allah. Slegs diegene wat dit verdien, kan dus reken op Allah se liefde.

*Sura* 6:142: *"Voorwaar, Allah het die verkwisters nie lief nie."*

Dit is nie seker wat met verkwisters bedoel word nie. Dit lyk of dit gaan oor mense wat oorvloed het aan vrugte en kos en dit dan vermors (Engels *'wasters'*). Dit is ongetwyfeld verkeerd om te verkwis, maar 'n mens wonder of dit genoeg rede is om God se liefde te verbeur.

*Sura* 7:55: *"Hy* (Allah*) het die oortreders waarlik nie lief nie."*

Die aard van die oortredings is nog steeds nie seker nie.

*Sura* 3:30: *"As julle Allah liefhet, volg my* (Mohammed); *Allah sal julle dan liefhê en julle sonde vergewe."*

Allah straf nie noodwendig sonde soos 'n regverdige God behoort te doen nie, as jy hom liefhet en Mohammed volg, sien hy jou oor en vergewe hy jou.

*Sura* 4:107: *"Pleit nie vir hulle wat hul siele onreg aangedoen het nie. Voorwaar, Allah het hom nie lief wat verraderlik en sondig is nie."*

'Verraderlik' is blykbaar afvalligheid van Allah en 'sonde' word nooit duidelik omskryf nie. Dit is egter duidelik dat Allah net sekere mense liefhet, want daar is geen aanduiding in die Quran dat Allah <u>alle</u> mense liefhet nie.

### Volgens die Hadis

Wat betref die vier volumes van Al-Hadis, sowel as die nege volumes van Al-Bukhari se samestelling van die Hadis, is daar in die inhoudsopgawes 'n groot verskeidenheid onderwerpe wat behandel word. Aan die profeet Mohammed word, in Al-Hadis, meer as 250 bladsye bestee onder opskrifte soos, *"Die grootste wetgewer; Die grootste held en militêre aanvoerder; Die grootste welwillende man; 'n Groot onderwyser van gesondheid en higiëne*," ens. Verder is daar onderwerpe soos, "*Niesery en gapery; Kammery en haarkappery; Oog verf; Jihad (Heilige Oorlog); Seksuele gemeenskap; Veelwywery",* en verskeie ander onderwerpe. Daar is egter geeneen oor die liefde van Allah nie. Die naaste daaraan is *"Liefde en haat vir (ter wille van) Allah".*

Onder laasgenoemde onderwerp staan daar in Al-Hadis (Karim, 1998:4:273(Vol.1):506) die volgende:

*“Die Heilige Profeet het gesê: Die handeling wat vir Almagtige Allah die kosbaarste is, is liefde ter wille van Allah en haat ter wille van Allah.”*

Die vraag ontstaan nou: wat bedoel die Profeet presies? Die samesteller (Karim,1998:4:273(Vol.1):501) verduidelik onder die sub-opskrif: *Haat vir Allah se onthalwe*:

*“Indien 'n Moslem die leringe van Islam en sy groot leermeester* (Mohammed) *liefhet, kan hy nie anders nie as om andere lief te hê wat ook hierdie leringe navolg en ook Allah en sy Apostel* (Mohammed) *liefhet nie. Aan die anderkant is dit ook natuurlik vir hom om ook die te haat wat die leringe van Islam verwerp, en nie die gebooie van Allah en sy Apostel gehoorsaam nie.”*

Karim laat geen twyfel dat Allah van alle Moslems verwag om die mense te haat wat Islam verwerp, en dit is alle nie-Moslems. Hy maak egter ook aanspraak daarop dat Moslems mekaar altyd liefhet. Daar is egter reeds aangetoon dat Moslems hewig onder mekaar veg en mekaar doodmaak. Hulle is dus nie altyd sò lief vir mekaar soos wat hier beweer word nie. Hy sê verder van die mense wat Islam verwerp en dus gehaat moet word; *“Hulle is die slegste mense in die oë van Islam.”* Hy verwys dan na *Sura* 8:55 in die Quran wat sê:

*“Waarlik, die veragtelikste beeste in die oë van Allah is hulle wat nie glo nie omdat hulle nie wil nie.”*

Dit is dus geen wonder dat sulke slegte mense in die oë van Islam gehaat moet word nie. Hou steeds in gedagte dat dit almal is wat Islam as 'n godsdiens verwerp.

Oor hierdie ‘geregverdigde’ haat ter wille van Allah sê hy verder, steeds op bl. 501:

*“Intensiteit van haat is grootste in die geval van iemand wat aan veelgodery glo, groter in geval van mense van die Boek* (Christene en Jode)*, en groot in die geval van Moslem afwykendes en groot sondaars.”*

Die minimum vereiste vir die omvang van hierdie haat is dus groot in geval van gewone sondaars, maar dit is groter in die geval van Christene en Jode. As gevolg van die Drie-Eenheidsbegrip van God, word Christene ook soms deur Moslems beskuldig van veelgodery, wat beteken dat in hulle geval die omvang van 'n Moslem se haat vir hulle die grootste moet wees.

In die Hadis word nog 'n aanduiding gevind dat Allah nie alle mense liefhet nie, en wel in Al-Hadis (Karim, 1998:4:265(Vol.1):503):

> *”die Boodskapper van Allah het gesê: Wanneer Allah 'n man liefhet, dan roep hy Gabriël en sê: Ek het so en so lief, so jy moet hom ook liefhê. Dan kondig hy (Gabriël) in die hemel aan: Allah het so en so lief, so julle moet hom ook liefhê. Dan het al die inwoners van die hemel hom lief.”*

Hieruit is dit duidelik dat dit 'n prestasie is as Allah jou liefhet, en dit is in ooreenstemming met die bogenoemde aanhalings uit die Quran, naamlik dat Allah net sekere mense liefhet en nie alle mense nie. Sou dit onredelik wees om hieruit af te lei dat Allah slegs diegene liefhet wat hom liefhet? Dit blyk wel die geval te wees, veral vir sover dit diegene betref wat vir hom veg. Daar sal meer duidelikheid kom wanneer daar later in meer besonderhede aandag gegee word aan *Jihad* (Islam se heilige oorlog) en Islam se Paradys.

Maar wat is die God van die Bybel se gesindheid teenoor die mens?

## 5. Die Liefde van Jahweh, die God van die Bybel

Ware Christene weet dat die God van die Bybel 'n God van liefde is. Die Christen wat dit nie aanvaar of glo nie, het nie 'n studie van die Bybel hieroor gemaak nie. Dit is ook te betwyfel of so iemand werklik 'n Christen is, aangesien liefde die kern en die wese van die Christelike godsdiens is.

Niemand wat 'n redelike kennis van die Bybel het kan ontken dat Jahweh, die God van die Bybel, 'n God van liefde is nie. In Johannes 3:16 staan daar:

> *"Want sò lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* (beklemtoning bygevoeg)

Die woord 'wêreld' sluit alle mense in en sluit beslis nie sondaars uit nie. Jesus sê dan juis in Markus 2:17:

> *"Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."* Sien ook Mat. 9:12 en Luk. 5:31 in hierdie verband.

Jahweh het die sondaar lief en daarom stuur Hy vir Jesus, sodat daar vir hulle verlossing kan wees:-

> *"Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom."* (1 Timoteus 2:3,4)

Hierdie liefde van God en sy geduld met die sondige mens word ook verder bevestig in 2 Petrus 3:9:

> *"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."*

Jahweh se liefde vir die mens blyk ook duidelik uit Esegiël 18:23, Hy vra:

> *"Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here Here. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?"*

Jahweh het Sy skepsel, die mens, wat deur ongehoorsaamheid in die mag van sonde beland het, lief. Met eindelose geduld het Hy deur Abraham, Isak, Jakob en die volk Israel, sy verlossingsplan vir die mens geloods, sodat daar vir almal redding kon wees deur Jesus Christus. **Geen mens het dit verdien nie**. Hy (God) het ons eerste liefgehad. 1 Johannes 4:19:

> *“Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.”*

Wat is die bewys dat Hy ons eerste liefgehad het? 1 Johannes 4:10:

> *“Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.”*

Dit word bevestig in Romeine 5:8:

> *“maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat <u>Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”</u>* (beklemtoning bygevoeg)

God is liefde, volgens 1 Johannes 4:8: *“Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want <u>God is liefde</u>.”* & 16: *“<u>God is liefde</u>; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.”* (beklemtoning bygevoeg) Jahweh kan dus, met respek, nie enigiets doen wat liefdeloos is nie. Al sy dade is liefde, d.w.s. welwillend (‘benevolent’: dit is 'n disposisie om goed te wil, en te doen). Enige dade wat nie welwillend is nie, is nie van God nie, maar van Satan of van die mens. God se oordele is ook welwillend teenoor diegene wat sy liefde finaal verwerp. Hy moet optree, op grond van sy regverdigheid, en tot voordeel van sy totale skepping, en van diegene wat sy verlossingswerk in Christus aanvaar en sodoende met Hom versoen is. Dikwels tree Hy ook op om te voorkom dat sulke mense nog 'n groter oordeel oor hulleself bring. Pyn en lyding op aarde is nie noodwendig die straf van God nie. Dit is meestal die gevolg van sonde: 'n mens se eie sonde, maar ook andere se sonde.

God is liefde en die wese van sy wet is dus ook liefde. Jy moet God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself. Die opdrag is duidelik in Levitikus 19:18:

> *"maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

En die Here Jesus verduidelik dit so volgens Mattheus 22:37-39:

> *"En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Sien ook Deuteronomium 6:5; Markus 12:30-31 en Lukas 10:27 in hierdie verband.

Dit beteken 'n mens moet altyd welwillend optree teenoor God en jou naaste (jou naaste is elke mens met wie jy in aanraking kom, insluitend jou vyande). As 'n mens welwillend optree teenoor iemand, dan doen jy alles wat jy kan wat tot sy voordeel is en niks wat tot sy nadeel is nie. Dit is logies dat as alle mense altyd so optree sal niemand te na gekom word nie en God sal altyd geëer word. **Dit is**

**duidelik dat die motief vir sò 'n wet liefde is**. As almal so lewe, word die wet vervul en gaan dit goed met almal.

Hierdie liefde is nie 'n gevoel of 'n emosie nie. Dit is wel 'n keuse tot welwillendheid teenoor iemand ten spyte van jou gevoel vir hom. 'n Mens moet dus welwillend optree teenoor almal, ook diegene van wie jy nie hou nie, en dit sluit jou vyand in. Dit is dan ook die opdrag van God in sy Woord:

> *"Julle moet jul vyande liefhê;"* Mattheus 5:44; Lukas 6:27

En in Spreuke 25:21:

> *"As jou vyand honger het, gee hom brood om te eet; en as hy dors het, gee hom water om te drink."*

Romeine 12:14 se opdrag is:

> *"seën dié wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie:"*

1 Petrus 3:9 stem saam:

> *"Vergeld geen kwaad met kwaad of skelwoorde met skelwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe."*

Ons weet egter almal dat alle 'Christene' nie altyd so optree nie. Inteendeel, die ervaring is dat daar maar min Christene is wat so optree. Daar is egter verskillende definisies vir Christenskap, maar 'n Bybelse definisie vir 'n Christen is: Iemand wat, op grond van die verlossing deur Jesus Christus, totaal aan God oorgegee is; wat homself verloën en Christus volg, elke dag bereid is om aan homself te sterf (Lukas 9:23); wat dood is vir die wêreld en die sonde, maar lewe vir Christus (Romeine 6:2-14); wat as kind van God deur die Gees van God gelei word (Romeine 8:14); en in wie se hart die liefde van God uitgestort is (Romeine 5:5). (Sien ook Aanhangsel B in hierdie verband.)

Dit is belangrik om daarop te let dat die mens in hierdie proses niks het om op te roem nie en dat die verlossing volkome God se werk is. Selfs die vermoë om te glo en te kies is 'n gawe van God (Efesiërs 2:8). Sodoende word die oorgawe aan God in Jesus vir die mens moontlik gemaak (Johannes 15:5). **Geen goeie werke kan 'n mens red nie, maar as jou oorgawe (redding) nie 'n heilige (toegewyde) lewe en goeie werke tot gevolg het nie, dan kan die oorgawe hoegenaamd nie eg wees nie**.

Daar is wel enkele tekste in die Bybel waar dit met die eerste oogopslag kan lyk of God iemand haat byvoorbeeld Maleagi 1:2,3 waar God sê: *"Tog het Ek Jakob*

*liefgehad, maar Esau het Ek gehaat ..".* Die woord *'gehaat'* word egter gebruik in die sin van: 'ek ag die een hoër as die ander' of 'ek het die een liewer as die ander' en die rede daarvoor is voor-die-hand-liggend. God is alwetend en het altyd geweet dat Esau sy vyand sou wees. 'Vyand' is ook 'n woord wat uit die oorspronklike Hebreeuse woord, wat hier met 'haat' vertaal is, afgelei kan word. Volgens Vine's Expository Dictionary of Old and New Testament Words, is die uitdrukking ook in Ou Testamentiese tyd gebruik wanneer 'n persoon byvoorbeeld sy een vrou of kind liewer gehad het as die ander. Dan is daar gesê: 'die een het ek lief en die ander een haat ek'.

'n Ander voorbeeld is waar Jesus in Lukas 14:26 sê dat iemand wat nie sy vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters haat nie, nie sy dissipel kan wees nie. Die woord wat hier met 'haat' vertaal is kan onmoontlik nie liefdeloosheid beteken nie, want dit is dieselfde Jesus wat oor en oor geleer het dat 'n mens jou naaste, selfs jou vyand, moet liefhê soos jouself. 'n Mens moet God egter liewer hê as jouself. Taalkenners is van mening dat die woord wat met 'haat' vertaal is ook kan beteken 'minag', 'minder ag', of 'minder liefhê'.

Dit is duidelik dat die God van die Bybel alle mense liefhet, nie omdat mense die liefde verdien nie, maar omdat **Hy liefde is**. Dit is Sy wese. Wanneer God se liefde volhardend verwerp word, word sy toorn egter wel opgewek.

## 6. Verhoudings met ander Mense.

Die liefde van Jahweh sowel as die liefde van Allah ten opsigte van alle mense is reeds bespreek. Die verhouding wat Jahweh en Allah onderskeidelik verwag van hulle volgelinge teenoor ander mense behoort reeds hieruit duidelik te wees, en daar is reeds aangetoon dat Allah van Moslems verwag om nie-Moslems te haat, maar daar is ook duidelike verdere opdragte in die verskillende boeke oor die gesindhede wat Jahweh en Allah van mense verwag.

### Die Bybel

Soos reeds aangetoon is, is Jahweh, die God van die Bybel, liefde en daarom is dit vir Hom belangrik dat 'n mens in vrede lewe met almal, en dat 'n mens jou naaste liefhet, insluitende die vreemdeling:

> Romeine 12:18: *"... sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."*

> Hebreërs 12:14: *"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie."*

1 Korintiërs 13 gaan oor die uitnemendheid van die liefde. Dit is 'n opdrag om lief te hê. Dit sluit aan by Jahweh se wet van liefde wat reeds bespreek is, en dit sluit af met die volgende woorde:

> *"En nou bly geloof, hoop, liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."*(vers 13)

Die God van die Bybel is ernstig oor liefde teenoor ander mense, en dit sluit vreemdelinge in. Dit is mense van ander kulture wat anders leef en dink as wat jy dink. Dit is nog 'n bewys dat wanneer die God van die Bybel volke laat uitwis, dan is dit omdat daar geen ander uitweg is nie. Hy het hulle lief en sou hulle eerder wou spaar as daar nog enige hoop op redding vir enigeen van hulle sou wees. Die God van die Bybel sê in Esegiel 18:32:

> *"Want ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, ..., bekeer julle dan en lewe."*

Dit moet duidelik verstaan word dat toe God mense laat uitwis het in die Ou Testament, dit nie was omdat hulle Hom nie gedien het nie, maar omdat hulle 'n bedreiging was vir sy plan van verlossing vir die mens deur die Here Jesus Christus. Daarom verwag Jahweh van 'n mens om jou naaste, insluitende die

vreemdeling lief te hê soos jouself, soos die volgende drie verse uit die Bybel duidelik aantoon.

Levitikus 19:18: *" ... jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Levitikus 19:34: *"Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself,"*

Deuteronomium 10:19: *"Daarom moet julle die vreemdeling liefhê,"*

Waaraan word 'n ware Christen uitgeken? Die Here Jesus gee self die antwoord in Johannes 13:35 wanneer Hy sê:

*"Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

Indien u dus 'Christene' sien wat mekaar haat, onder mekaar twis en mekaar doodmaak, weet dan dat hulle nie ware Christene is nie.

### Quran

Indien Allah mense haat wat hom nie volg nie (nie-Moslems) , en van sy volgelinge (Moslems) verwag om hulle namens hom te haat, soos reeds aangetoon is, is dit moeilik om te verstaan hoe Islam 'vrede' kan beteken, en hoe Allah en die God van die Bybel dieselfde wese kan wees.

Afgesien van die haat wat Allah verwag van Moslems teenoor nie-Moslems, gee hy duidelike instruksies oor wat sy volgelinge (Moslems) se verhouding met nie-Moslems of 'ongelowiges' behoort te wees:

*Sura* 3:27: *"Laat die gelowiges nie die ongelowiges as vriende verkies nie."*

*Sura* 5:51: *"O julle gelowiges, neem nie die vyandiggesinde Jode en Christene as vriende nie. Hulle is mekaar se vriende. En die van julle wat hulle tot vriende neem, is inderdaad een met hulle. Voorwaar, Allah lei nie die onregverdige volk nie."*

In hulle boekie, *The Facts on Islam*, (bl. 8) haal John Ankerberg en John Weldon hierdie *Sura* aan uit 'n ander Engelse vertaling. Dit lui as volg:

*"O, ware gelowiges, neem nie die Jode en Christene as julle vriende nie. Hulle kan nie vertrou word nie. Hulle is besmette vuilgoed (defiled-filth)."*

Hoe vreedsaam is die volgende uittreksel uit die Quran, wat daarop aandring dat ongelowiges (nie-Moslems) onwrikbaar en hard behandel moet word deur Moslems?

> *Sura* 48:29 Afrikaans: *"Muchammad is die Boodskapper van Allah, en diegene saam met hom is onwrikbaar teen die ongelowiges gekant, en sagmoedig onder mekaar."* In Engels: *"Muhammad is the Apostle of God* (Allah); *and those who are with him are strong against unbelievers, (but) compassionate amongst each other."* (Ali, 2000:471) en: *"Mohammed is the messenger of Allah. And those with him are hard against the disbelievers and merciful among themselves."* Pickthall (1997:372).

Allah is ernstig oor vyandskap teenoor nie-Moslems. Die volgende is nie net 'n aanbeveling nie, maar 'n opdrag wat strafbaar is by oortreding:

> *Sura* 4:138,139: *"Vertel aan die huigelaars dat daar op hulle 'n smartlike straf wag – hulle wat die ongelowiges in plaas van die gelowiges as vriende neem."*

Dit is duidelik dat die 'huigelaars' in hierdie gedeelte diégene is wat 'ongelowiges' (nie-Moslems) as vriende neem.

> *Sura* 18:102: *"Dink hulle wat nie glo nie, dat hulle My dienaars as vriende buiten My kan neem? Voorwaar, Ons het die hel as 'n onthaal vir die ongelowiges voorberei."*

Indien daar 'n 'smartlike straf' wag vir Moslems wat nie-Moslems as vriende het, en hulle in die Quran huigelaars genoem word, verduidelik dit waarom daar nie werklik sosiale interaksie tussen Moslems en nie-Moslems is nie. Dit word nie toegelaat nie. **'n Moslem met nie-Moslem vriende kan dus nie 'n goeie Moslem wees nie, want hy verontagsaam Allah se opdragte.**

Hoe rym dit met vredeliewendheid?

## 7. Sonde, Vergifnis en Straf

### Volgens die Bybel

Die Bybel maak dit baie duidelik wat sonde is. God het die Tien Gebooie as riglyn gegee. Jesus het gekom en dit saamgevat in die liefdesgebod (waarna reeds verwys is). Jy moet God bò alles liefhê en jou naaste soos jouself. As 'n mens dit uitleef, vervul jy die wet. Sonde is oortreding van die wet of wetteloosheid volgens 1 Johannes 3:4:

> *"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid."*

As die wet liefde is dan is wetteloosheid 'n oortreding van die liefdesgebod. Sonde is dus, in ander woorde, liefdeloosheid of liefdelose gedrag. Enigiets wat 'n mens doen wat tot oneer van God is of wat tot nadeel van jou naaste is, is liefdeloosheid en dus sonde. Volgens die Bybel is die loon van die sonde die dood (ewige verwydering van God). 'n Mens lees dit in Romeine 6:23:

> *"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."* (hierdie dood is vervreemding van God)

God het die mens lief en wil hom van hierdie dood verlos. Vir hierdie rede stuur Hy Jesus om die prys vir ons sondes te betaal sodat diegene wat dit glo en aanvaar, vir ewig saam met Hom sal wees. Jesus verlos die mens egter nie net van die straf van sonde nie, maar ook van die sonde self, volgens Matteus 1:21:

> *"... en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."*

1 Johannes 3:5 bevestig hierdie feit ook:

> *"En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.".*

Dit is ook so dat as jy aan Hom behoort en deur Hom van sonde verlos is, dan is sy liefde in jou hart uitgestort, volgens Romeine 5:5:

> *"... die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is".*

As sy liefde in jou hart is dan is sy wet in jou hart en stel Hy jou in staat om dit te vervul. Hy maak dit met ander woorde vir die mens moontlik om welwillend en liefdevol op te tree.

God is egter regverdig, en daarom vergewe Hy sonde nie sonder meer nie. Numeri. 14:18 bevestig dit:

> *"'Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie."* (NAV).

Dit is die rede waarom Hy self in Christus die Offer voorsien het wat die straf moes dra vir die sondes van diegene wat dit glo en aanvaar, sodat hulle op grond van sy verdienste van die straf vrygestel kan word. God is regverdig en straf sonde nie twee keer nie. As iemand glo en aanvaar dat die Here Jesus die straf van sy sonde gedra het, dan word hy nie ook daarvoor gestraf nie. Die nadelige gevolge van sonde is nie God se straf vir sonde nie, dit is bloot die gevolge van sonde.

### Volgens Islam se boeke

Die Quran gee nie 'n duidelike riglyn van wat sonde is nie. Verskillende oortredinge en sondes word eerder by die naam genoem en dan word uitsprake daaroor gemaak. Die Al-Hadis van Karim (1998(Vol.3):121,124) het 'n omvattende beskrywing van verskillende sondes en deugde onder die opskrif *Sins and Virtues* (Sondes en Deugde). Dit sê uitdruklik dat goeie dade slegte dade (sondes) kan uitkanselleer:

> *"In baie plekke in die Quran en die Hadis, word dit verklaar dat sondes vergewe word as bepaalde dade van deug gedoen word op 'n bepaalde manier."*

Een van daardie plekke waarna hy verwys is *Sura* 23: 102-103 waar dit in verband met die oordeel sê:

> *"Diegene dan wie se goeie dade swaar weeg, sal suksesvol wees. En diegene wie se goeie dade lig sal weeg, dit is hulle wat hulle siele verloor het; in die hel sal hulle vertoef."*

Dit is natuurlik iets wat nie eers in 'n wêreldse regstelsel kan gebeur nie, bloot oor die onregverdigheid daarvan. Stel jou voor: 'n moordenaar probeer die regter oortuig dat hy, na die moord wat hy gepleeg het, weer in soortgelyke omstandighede was en toe nie 'n moord gepleeg het nie, of dat hy by 'n later geleentheid iemand wat in soortgelyke omstandighede was as wat sy slagoffer

was, se lewe gered het, of dat hy gereeld gebid het, of dat hy vir 'n sekere tyd gevas het. Wat is die kans dat die regter hom sal vryspreek of sy straf kwytskeld? Hoe regverdig sal dit wees indien hy wel vrygespreek word? Slegs 'n sin vir regverdigheid, waarmee elke mens toegerus is, en geen besondere regskennis nie, is nodig om die vraag te beantwoord. Dit geld vir enige misdaad. Hoeveel te meer sal 'n regverdige God toesien dat geregtigheid geskied?

In Islam kan dit egter gebeur. 'n Blote rituele gebed soos die *salaat* waarna vroeër verwys is, kan vir die bidder vergifnis van sy sonde bewerk. Volgens Al-Hadis (Karim, 1998:34:466w(Vol.3):168) het die Profeet Mohammed by navraag die volgende antwoord gegee:

> *"'n Moslem dienskneg sê gebede op en hoop om Allah daardeur te plesier en dan val sy sondes van hom af net soos die blare van hierdie boom afval."*

Al-Bukhari (Khan, 1987: 504(Vol.1):300) bevestig dat sonde vergewe word deur gebede op te sê. Hier verwys die Profeet iemand wat sonde gedoen het en daaroor navraag gedoen het na *Sura* 11:114 in die Quran waar daar geskryf is:

> *"Onderhou die gebed aan die twee uiterstes van die dag en gedurende die eerste ure van die aand. Waarlik, goeie dade verdryf die slegtes."*

'n Mens kan die onsekerheid van 'n Moslem verstaan. Hoe moet hy weet wanneer hy genoeg gebid, gevas of ander goeie dade gedoen het om vir sy sonde te vergoed? Erger nog: hy weet nie eers presies wanneer hy sonde gedoen het en hoe ernstig dit is nie, juis omdat daar nie 'n duidelike definisie van sonde in die Quran is nie.

Karim, in sy Al-Hadis (Karim, 1998(Vol.3):128) gee 'n lys van 53 sondes met die byskrif: *"Die volgende word deur juriste aangewys as groot sondes:"* Voorbeelde daarvan is:- nr. 1: *"Om deelgenote aan Allah toe te skryf (To set up a partner with Allah)."*, nr.12: *"Rebellie sonder geldige rede",* nr. 20: *"Om vriendskap te hê met ongelowiges tot nadeel van Islam.",* nr. 49: *"Om 'n Moslem aan te spreek as 'Kafir'"* (Kafir beteken ongelowige in Arabies), nr. 52 : *"Om met 'n vrou wat menstrueer saam te woon (cohabit)"*. Liefdeloosheid per sé kom egter nie ter sprake nie.

Sommige van hierdie sondes kan blykbaar glad nie vergewe word nie, terwyl dit onseker is wat die vereistes vir vergifnis van die verskillende sondes is. Dit is dus onduidelik watter goeie dade nodig is om elke sonde uit te kanselleer.

Hoewel die Quran by verskeie geleenthede sê dat Allah sonde vergewe indien daarvoor gevra word, is daar ander dele wat daarop dui dat Allah nie maklik vergewe nie. Dit is ook nie seker wat die gronde is waarop Allah die sondes vergewe nie, daarom is dit is 'n baie onseker saak of daar te alle tye vergifnis is.

Die eksklusiewe aard van Allah se liefde blyk ook uit die feit dat, volgens die Quran, 'n mens die ewige lewe verwerf deur 'n Moslem te wees en goed te doen. Redding is egter ook nie seker nie, want Allah vergewe wie hy wil, volgens:

> *Sura* 2:82: *"En hulle wat glo (Moslems) en goeie dade doen, sal die hemel beërwe;"* en verder:
>
> *Sura* 4:48: *"Waarlik, Allah vergewe niemand wat iets of iemand aan Hom gelyk stel nie, maar hy sal alle ander dinge vergewe van wie Hy wil."* (beklemtoning bygevoeg)

Beteken dit dat 'n Christen, of iemand uit 'n ander godsdiens, wat na die Moslem geloof oorgaan, nie deur Allah vergewe word nie, want hy het tog die God wat hy aanbid het gelyk of selfs hoër as Allah gestel? Watter sin sal sy godsdiensverandering na Islam dan hê as daar vir hom geen vergifnis is nie?

Daar is slegs een seker manier om in die Moslem-hemel, genoem die paradys, te kom en dit is deur vir Allah te veg (*Jihad* of Heilige Oorlog). Bewys daarvan word gelees in: Al-Hadis (Karim, 1998:23:39(Vol.2):356):

> *"Veg op die weg van Allah. Wie ookal veg op die weg van Allah, selfs al is dit vir die tydperk tussen twee melktye van 'n kameel, vir hom is die Paradys seker."*

Daar is egter 'n uitsondering: as 'n mens skuld het, gaan jy steeds nie die paradys beërwe nie, al neem jy deel aan *Jihad*, aldus Al-Hadis (Karim, 1998:23:20(Vol.2):350):

> *"die Heilige Profeet het gesê: Om te veg op die weg van Allah is versoening vir enigiets behalwe vir skuld."*

Ander sondes is egter nie 'n probleem nie. Volgens die Hadis kan selfs 'n sondige lewe goedgemaak word deur betrokkenheid by *Jihad*. In Al-Hadis (Karim, 1998:23:324w(Vol.2):369) was Mohammed by geleentheid

teenwoordig by die begrafnis-gebed van 'n man, toe die volgende gesprek plaasgevind het:

> *"O Boodskapper van Allah, moenie vir hom bid nie, want hy was 'n sondige (oortredende) persoon. Die Heilige Profeet kyk toe na die mense en vra: 'Het enige van julle hom ooit gesien in enige aksie vir Islam?' 'Ja' antwoord 'n man; 'O Boodskapper van Allah, hy was 'n wag vir een nag ter wille van Allah.' Die Boodskapper van Allah lei toe 'n gebed oor hom, en terwyl hy grond oor hom strooi sê hy: 'Jou metgeselle het gedink dat jy in die hel is, maar ek getuig dat jy een van die inwoners van Paradys is."*

Hierdie gedeelte sê egter nie of Mohammed navraag gedoen het oor die man se moontlike skuld nie. Dit bly dus 'n onseker saak oor wie vergewe word en wie kwalifiseer vir die paradys. Die volgende aanhalings uit die Quran bring nie veel meer duidelikheid nie:

> *Sura* 4:17: *"Waarlik, berou teenoor Allah is slegs vir hulle wat in onwetendheid gesondig het en spoedig daarna tot Allah terugkeer. Dit is tot hulle dat Allah Homself met barmhartigheid wend."*

> *Sura* 57:21: *"Wedywer dan om die vergifnis van julle Here en vir die paradys, waarvan die breedte gelyk is aan die breedte tussen die hemel en die aarde, voorberei vir diegene wat in Allah en Sy boodskappers glo. Dit is die genade van Allah; <u>Hy gee dit aan wie Hy wil</u>."* (beklemtoning bygevoeg)

Berou klink na 'n aanvaarbare rede vir vergifnis, maar is dit voldoende sonder straf? Sal 'n mens wat iets gesteel het, iemand aangerand het of 'n moord gepleeg het, van sy straf kwytgeskeld word deur 'n wêreldse hof, bloot omdat hy berou het, al is dit hoe opreg? Verseker nie, want dit sal onregverdig wees. Hoe regverdig is 'n God dan wat net vergewe wie hy wil, sonder enige geldige rede? 'n Mens kan sê: 'Ja, maar God kan doen wat Hy wil', en dit is waar. Hy kan doen wat Hy wil, maar as dit wat Hy doen nie regverdig is nie, en daar geen sprake van liefde is nie, dan is hy nie Jahweh, die God van die Bybel nie.

Allah straf egter wel (nie die mense wat hy vergewe nie), hier op aarde sowel as in die hiernamaals en hierdie straf is hewig. Allah waarsku nie-Moslems in die Quran in *Sura* 3:55 as volg:

> *"Aangaande die ongelowiges: Ek sal hulle straf met die ergste kastyding in <u>hierdie wêreld en in die Hiernamaals</u>, en hulle sal geen helpers hê nie."* (beklemtoning bygevoeg)

Daar sal in hierdie studie hoofsaaklik aandag gegee word aan strawwe wat hier op aarde uitgedeel word. Dit behoort by te dra tot die antwoord op die vraag of Islam vredeliewend is. Die volgende aanhaling uit Al-Bukhari se Hadis gee nie net 'n aanduiding van wat die straf is vir onvoldoende respek aan Allah nie, maar ook wat die lot van ongelowiges (nie-Moslems) behoort te wees volgens Islam: (Khan, 1987:173(Vol.2):100):

> *"Die Profeet het te Mecca, 'Surat-an-Najm' voorgedra* ('n soort gebed waar die voorkop vuil moet wees as bewys dat laag voor Allah gebuig is) *terwyl hy laag gebuig het saam met ander wat ook daar was, behalwe 'n ou man wat 'n handvol klippies en grond geneem het, dit teen sy voorkop gedruk het, en gesê het, 'dit is goed genoeg vir my'. Later het ek gesien hoe hy as 'n ongelowige doodgemaak word."*

Afvalligheid is ook 'n baie ernstige oortreding in Islam en dit word swaar gestraf. Hoewel die Quran dit nie spesifiek voorskryf nie, wil dit voorkom of dit nie aan Allah self oorgelaat word om af te reken met afvalliges nie. Die doodstraf word hier op aarde toegepas in geval van afvalligheid van Islam. *Sura* 3:55 hierbo aangehaal kan egter voldoende rede wees, nie net vir die doodstraf van afvalliges nie maar vir alle nie-Moslems. As Allah sê:

> *"Aangaande die ongelowiges: Ek sal hulle straf met die ergste kastyding in hierdie wêreld en in die Hiernamaals, en hulle sal geen helpers hê nie."*

Dit beteken moeilikheid vir alle nie-Moslems en nie net vir Moslem afvalliges nie. Die samesteller van die Al-Hadis, (Karim, 1998(Vol.2):523) sê die volgende:

> *"Dit blyk, … , dat die juriste die doodstraf voorgeskryf het vir afvalliges in ooreenstemming met vers – 5:33 Q."*

Dit verwys na *Sura* 5:33 (v. 36 in Yusuf Ali se Engelse vertaling) en dit lees as volg:

> *"Die enigste straf vir hulle wat oorlog teen Allah en Sy boodskappers voer, en begeer om wanorde in die land te skep, is dat hulle doodgemaak moet word; of dat hulle gekruisig word; of dat hulle hande en voete, die linker van die een en die regter van die ander, afgekap moet word; of dat hulle uit die land verban moet word. Dit sal vir hulle 'n skande in hierdie wêreld wees, en in die hiernamaals sal hulle 'n smartlike straf ontvang."*

Uit die Hadis se hantering van hierdie gedeelte kan 'n mens aflei dat afvalligheid van Islam en selfs weiering om Islam te aanvaar gelyk gestel word

aan oorlog teen Allah, waarteen Islam homself moet verdedig. Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom die Hadis geen twyfel laat oor wat met afvalliges gedoen moet word nie. Die Hadis se duidelike instruksies in die verband is as volg: Al-Hadis (Karim, 1998:25:74(Vol.2):524):

> *"Akramah het gerapporteer dat daar afvalliges* (heretics) *voor Ali gebring is en dat hy hulle verbrand het. Ibn Abbas het dit gehoor en hy het gesê: 'Indien ek daar was, sou ek hulle nie verbrand het nie, op grond van die volgende verbod van die Boodskapper van Allah': 'Moenie Allah se metode van straf op iemand toepas nie.' 'Ek sou hulle egter beslis doodgemaak het op grond van die Profeet se opdrag': 'Maak hom wat sy geloof verander dood.'"*

In hierdie geval was die doodmaak nie die probleem nie, maar die manier waarop dit gedoen is. Volgens die Profeet is verbranding Allah se manier en is die mens nie veronderstel om dit op dieselfde manier te doen nie. 'n Afvallige moet egter doodgemaak word.

Al-Bukhari, (Khan, 1987:57(Vol.9):45), laat ook geen twyfel oor wat die straf vir afvalligheid is nie:

> *"Allah se Boodskapper het gesê: 'Wie ookal sy Islam geloof verander het, maak hom dan dood'" ('Whoever changed his Islamic religion, then kill him'.)*

Om 'n afvallige dood te maak is 'n goeie daad wat deur Allah vergoed word volgens: Al-Hadis (Karim, 1998:25:75(Vol.2):524):

> *"die Boodskapper van Allah het gesê: '... Hulle sal wegvlug van die geloof soos 'n pyl van 'n koker* (hy het waarskynlik bedoel, boog)*. Waar julle hulle ookal raakloop, maak hulle dood, <u>want daar sal beloning wees vir hulle moord</u> op die Opstandingsdag vir die wat hulle doodgemaak het.'"* (beklemtoning bygevoeg)

Al-Bukhari (Khan, 1987:64(Vol.9):50) bevestig dit:

> *"So, waar julle hulle ookal vind, maak hulle dood, want wie hulle ookal doodmaak sal 'n beloning ontvang op die dag van Opstanding."*

'n Groep van die 'Ukl' stam het Islam aangeneem, en na Mohammed gegaan in verband met 'n gesondheidsprobleem wat hulle gehad het. Die volgende het toe gebeur volgens Al-Hadis (Karim, 1998:25:77(Vol.2):524):

> “*Hy* (Mohammed) *het hulle opdrag gegee om die kamele vir die ‘Zakat’* (Moslems se verpligte liefdadigheidsoffer) *te bring, en hulle urine en melk te drink. Hulle het dit gedoen en gesond geword. Daarna het hulle terug gedraai* (van die Islam geloof)*, die wagters doodgemaak en die kamele gevat, hy* (Mohammed) *het agterna gestuur en hulle laat terugbring. Hy het hulle hande en voete laat afkap en hulle oë laat uitpluk. Daarna het hy nie toegelaat dat hulle mediese behandeling ontvang nie, totdat hulle dood was”*

Hier moet toegegee word dat die straf waarskynlik nie net was vir afvalligheid nie, maar blykbaar ook vir die doodmaak van die wagters en die terugsteel van hulle kamele. Dit word egter in die Hadis behandel onder die opskrif *Moord van rebelle en afvalliges (Murder of rebels and apostates)*.

Sahih Al-Bukhari se Hadis het ook 'n paar voorbeelde van wat die Profeet Mohammed met afvalliges gedoen het. Hou in gedagte dat die Profeet se tradisies 'n maatstaf is wat deur Moslems nagevolg behoort te word. Hy sluit sy weergawe van bogenoemde verhaal van die ‘Ukl’ stam as volg af: (Khan, 1987:796(Vol.8):521):

> *“... die Profeet het opdrag gegee dat stukke yster rooiwarm gemaak word, en dat hulle oë daarmee uitgebrand word, en dat hulle hande en voete afgekap word sonder om die bloeding te probeer stop. Hulle is toe by 'n plek gelaat wat genoem word Al-Harra, en wanneer hulle gevra het vir water om te drink is dit nie vir hulle gegee nie, totdat hulle dood was.”*

Die bedoeling was duidelik om hulle dood te maak. Dit was dus niks anders as 'n wrede metode om hulle dood te maak nie. Al-Bukhari (Khan,1987(Vol.8):520), maak die volgende opmerking voordat hy die bogenoemde en ander voorbeelde gee:

> *“Die Profeet het nie die bloeding van die geamputeerde ledemate laat afbind of –brand, van die wat teen Allah en sy Boodskapper geveg het nie, en van die wat afvalliges van Islam was nie, totdat hulle dood was.”*

Die feit dat hulle mediese behandeling en water geweier is dui daarop dat die Profeet bedoel het om hulle dood te maak. Die vraag is of so 'n wrede metode nodig was. Sou hierdie mense nie voldoende straf vir hulle misdade in die Hiernamaals ontvang nie? Dit is egter in ooreenstemming met Allah se waarskuwing in *Sura* 3:55:

> *“Aangaande die ongelowiges: Ek sal hulle straf met die ergste kastyding in hierdie wêreld en in die Hiernamaals, en hulle sal geen helpers hê nie.”*

Islam se heilige boeke beskryf self hierdie verhale in besonderhede sonder om enige aanduiding te gee dat dit verkeerd is. Daar is inteendeel 'n heldeverering vir Mohammed ten spyte van al hierdie wrede dinge wat hy gedoen het.

Nog 'n oortreding wat baie swaar gestraf word in Islam, in opdrag van die Quran, is diefstal. Die voorskrif in die Quran is:

> *Sura* 5:38,39 (41,42 in sommige Engelse vertalings): *“En wat die man of vrou betref wat aan diefstal gewoond geraak het, kap hulle hand af; 'n straf van Allah as voorbeeld. …. Maar hy wat na sy oortreding berou het en homself verbeter – na hom sal Allah Hom met barmhartigheid wend.”*

Daar word egter nie gesê of die persoon sy hand terugkry nie.

Die opdrag is duidelik in die Quran. Die Hadis pas dit egter ietwat anders toe: Al-Hadis (Karim, 1998:25:351w(Vol. 2):560):

> *“die Boodskapper van Allah het in verband met 'n dief gesê: As hy steel, kap sy hand af. As hy weer steel, kap sy voet af. As hy weer steel, kap sy (ander) hand af. As hy weer steel, kap sy (ander) voet af.”*

Die Bybel is baie duidelik oor wat sonde is, wat die straf daarvoor is en hoe om vergifnis daarvoor te kry. Daar is wel baie ‘Christene’ wat dit nie weet nie, omdat hulle nie ernstig genoeg is oor die Bybel nie. Die ware Christen kan weet dat hy die ewige lewe het, sien 1 Johannes 5:11-13:

> *“En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.”*

Dit wil egter voorkom of dit in Islam 'n baie onsekere saak is, en dat 'n Moslem eers in die hiernamaals sal weet of sy goeie dade genoeg was om sy sondes te kanselleer, ten einde vir die paradys te kwalifiseer.

## 8. Islam se Paradys

Vir diegene wat vir die paradys kwalifiseer, wag daar baie plesier en dit sal vir ewig aanhou. Saam met *Jihad* (heilige oorlog) is die Paradys, of Tuine, die saak wat die meeste aandag in die Quran kry. Dit word hier bespreek omdat dit die vergoeding of prys is wat Allah betaal vir diegene wat vir hom veg, *Sura* 9:111:

> *"Voorwaar, Allah het van die gelowiges hulle persoon en hul besittings gekoop, sodat hulle die paradys daarvoor in ruil sal ontvang. Hulle veg op die weg van Allah en bring om, en word ook omgebring."*. Sien ook hoofstuk 11: iii *Jihad*.

Islam se Paradys is 'n plek van sinlike genot waar eet, drink en seks die hoofbestanddele is. Soos reeds gemeld, is *Jihad* vir die Moslem die enigste seker manier om in die paradys te kom. Dit verklaar waarskynlik ook waarom mans die mees bevoorregtes in die paradys is. Daar moet onthou word dat daar vir elke man minstens 72 maagde is. Dit is nie seker of hierdie maagde die vrouens op aarde is wat gekwalifiseer het vir die paradys nie. Indien 'n man, ongeag sy ouderdom, in die paradys soos 'n dertig- tot twee-en-dertig jarige man sal wees, is daar seker geen rede hoekom 'n ouer getroude vrou op aarde nie kan verander tot 'n maagd in die paradys nie. Daar is darem vir hulle die skrale troos dat, al is hulle maar een van minstens 72, die man darem in die paradys die seksuele vermoë van 'n honderd mans sal hê. 'n Verdere 'voordeel' is dat die man altyd jonk sal bly. Die maagde waarskynlik ook. Volgens Al-Hadis (Karim, 1998(Vol.4):161) is daar nog 'n 'voordeel' en dit is dat:-

> *"Ten spyte van verlengde gemeenskap, sal geen kind gebore word nie -"*

Dit rym egter nie dat daar meer vrouens in die paradys gaan wees nie, want in die hel gaan daar blykbaar ook meer vrouens wees. Volgens Sahih-Al-Bukhari se samestelling van die Hadis in (Khan, 1987:28,301(Vol.1) & 2:161), het Mohammed die volgende gesê:

> *"Die hel se vuur is aan my gewys, en die meerderheid van die inwoners was vrouens."*

Daar is, in die Quran, 'n minimum van 82 verwysings na hierdie Tuine of Paradys waar die Moslems, wat dit verdien, vir ewig gaan vertoef. Hier word slegs enkeles aangehaal: *Sura* 2:25:

*“En verkondig 'n blye tyding aan hulle wat glo en goeie dade doen, dat daar vir hulle tuine is waardeur riviere vloei. …. En daar sal vir hulle rein metgeselle wees om saam daarin te vertoef.”*

Die 'hulle' hierbo is mans en die 'rein metgeselle' wat saam met die mans in die tuine sal wees is vrouens. *Sura* 37:42-45, 48 noem dat daar vir die gesuiwerdes sal wees:

*“Vrugte, En hulle word geëer in Tuine van genot, op trone, teenoor mekaar. …En naas hulle sal vrouens wees van beskeie blik, met pragtige oë,”*

Weereens is die 'gesuiwerdes' mans en hulle vergoeding is vrouens met pragtige oë. Vir die pligsgetroues sal daar volgens *Sura* 38:50-52 wees:

*“Tuine van ewigheid waarvan die deure vir altyd wyd oop is en waarin hulle hul sal neervly en aanroep, en waarin oorvloedig vrugte en drank is. En saam met hulle sal daar kuise vroue wees, metgeselle van gelyke leeftyd.”*

Die vergoeding is hoofsaaklik steeds vroue. *Sura* 44:52, 54: Diegene wat hulle plig (in *Jihad*) nakom, sal hulle bevind in:

*“In die tuine met bronne, … En Ons (Allah) sal hulle met suiwer, skone metgeselle verenig.”*

Waar Allah beloof om self betrokke te wees by die 'vereniging' van die mans met die 'skone metgeselle'. Allah beloof ook in *Sura* 47:15:

*“'n Beeld van die Paradys wat aan die pligsgetroues belowe word: Daarin sal strome van water wat nooit sleg word nie, en strome van melk waarvan die smaak nie verander nie, en strome van wyn, smaaklik vir die drinkers, en strome van gesuiwerde heuning; en daar is vir hulle allerlei vrugte, asook beskerming van hulle Here.”*

Vir Moslems wat hier op aarde nie wyn mag drink nie (dit is nr.9 op die lys van 53 ernstige sondes) word dit blykbaar in die Paradys toegelaat. Allah belowe ook in *Sura* 52:17,19,20:

*“Die pligsgetroues sal sekerlik in Tuine en geluksaligheid wees, … Eet en drink met genoë as verdienste vir julle dade, en vly jul neer op trone wat in rye gerangskik is. En Ons (Allah) sal hulle met skone metgeselle verenig.”*

Allah is hiervolgens duidelik steeds persoonlik betrokke by die 'vereniging' van die mans met ‘skone metgeselle’. En daar word gesorg dat die metgeselle bewaak word volgens *Sura* 55:70,72,74,76:

> *“Daarin is goeie en mooi meisies, - … Skone maagde in pawiljoene gehuisves.('close-guarded in pavilions'-* volgens Pickthall en*' Maidens restrained in pavilions'* volgens Y. Ali 2000*) … Geen man of djien (gees) het hulle nog aangeraak nie. … Hulle sal hul neervly op groen kussings en pragtige tapyte.”*

Dit wil voorkom uit die twee Engelse vertalings of hierdie 'skone maagde' teen hulle sin aangehou word, want indien hulle vrywillig daar is sal 'close-guarded' en 'restrained' tog nie nodig wees nie. Is Islam se paradys dan so 'n gevaarlike plek vir maagde, en waar kom hierdie maagde vandaan wat nie daar wil wees nie?

In *Sura* 56 word daar ook 'n verduideliking gegee van wat wag vir die Moslems wat genoeg ‘goed’ gedoen het om in die paradys te kom:

> Daar wag, *“tuine van verrukking”* (v.17) *“en suiwer, skoon metgeselle, soos verborge pêrels:”* (v.22,23) *“Voorwaar, Ons het vir hulle 'n nuwe skepping geskape, en tot maagde het ons hulle gemaak, beminlik, en van gelyke ouderdom.”* (v. 35-37)

Daar is nog talle voorbeelde in die Quran, te veel om almal aan te haal. Die Hadis bevestig die Quran se uitsprake oor hierdie saak. Die Profeet sê van diegene wat aan *Jihad* deelgeneem het in Al-Hadis (Karim, 1998:23:44(Vol.2):358):

> *“die Boodskapper van Allah het gesê: Daar is ses deugde* (voordele) *vir 'n martelaar* (iemand wat sy lewe gee in oorlog vir Allah) *by Allah. By die eerste vergieting van bloed word vir hom sy plek in die paradys aangewys, hy word beskerm teen die kastyding van die graf, hy word veilig gehou teen groot onheil, 'n kroon van eer sal op sy hoof geplaas word waarvan slegs een juweel beter is as die wêreld en alles wat daarin is, hy sal in die eg verbind word met twee en sewentig vrouens wat almal maagde is met groot donker oë.”*

In Al-Hadis (Karim, 1998:42:36(Vol. 4):175) belowe die Profeet wonderlike gerief en plesier vir diegene wat kwalifiseer:

> *“Die laagste (in rang) van die bewoners van Paradys sal tagtig duisend bediendes hê, en twee en sewentig vrouens, 'n tent van pêrels, smaragte en juwele sal vir hom opgeslaan word.”*

Hoe sal 'n man egter regkom met so baie vrouens? Die Profeet antwoord hierdie vraag as volg in:

> Al-Hadis 42: 24 (Vol. 4 bl. 169): *“die Heilige Profeet het gesê: Aan die gelowige (Moslem) sal buitengewone vermoë tot seksuele gemeenskap gegee word in die Paradys. Hy is daaroor uitgevra: ‘O Profeet van Allah, kan dit wees dat hy daartoe instaat is?’ Hy het geantwoord: ‘Hy sal die seksuele vermoë van een honderd mans gegee word.’”*

Daar is ietwat van 'n balansversteuring hier: 72 vrouens en die seksuele vermoë van 100 mans. Gaan 'n man nie op 'n stadium voel : ’het ek tog maar nog 28 vrouens ekstra gehad nie’?

Hierdie beloftes van genot wat vir ewig aanhou, is hoofsaaklik om Moslems aan te spoor tot *Jihad*. Watter man, wat hierdie dinge werklik glo, sal nie bereid wees om sy lewe te offer in *Jihad* hiervoor nie?

## 9. Geweld in die Christendom

Jahweh, die God van die Bybel, haat geweld. God beskou geweld in so 'n ernstige lig dat Hy besluit om die mensdom uit te wis as gevolg van hulle geweldadigheid. In Genesis 6:13 sê God vir Noag voor die sondvloed:

> *"Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld."*

Die God van die Bybel maak sy ontevredenheid bekend oor sy uitverkore volk se geweld in Jesaja 59:6b:

> *"... hulle werke is onheilswerke, en die daad van geweld is in hulle hande."*

Ook in Amos 3:10 spreek Jahweh Hom uit teen die geweld en verdrukking waaraan sy volk hulle skuldig maak in:

> *"Ja, hulle weet nie om reg te doen nie, spreek die Here – hulle wat geweld en verdrukking opstapel in hulle paleise."*

Niemand kan egter ontken dat 'Christene' en organisasies in die naam van die Christendom, gruwelike dade van geweld gepleeg het in die geskiedenis van die mens nie. Dink maar aan die Inkwisisie waar die Rooms Katolieke Kerk (RKK) duisende sogenaamde ketters (afvalliges) gruwelik gemartel en doodgemaak het. Dit was gewoonlik die ware Christene teen wie opgetree is en wie dit moes ontgeld. Verder was daar die Kruistogte (*Crusades*), ook deur die RKK, waartydens duisende mense doodgemaak is, net omdat hulle nie 'Christene' was nie. Duisende Jode en ook Arabiere is onder andere voor die voet doodgemaak in die naam van Christendom.

Selfs Hervormers was geweldadig. Martin Luther het geweld teen Jode aangemoedig. Calvyn was betrokke by die teregstelling van minstens een 'teenstander', ene Michael Servetus. Die Switserse Hervormer, Zwingli, sterf op die slagveld na 'n aanval deur Rooms Katolieke groepe.

Sogenaamde Protestante en Katolieke veg al dekades lank teen mekaar in Noord-Ierland, onder die naam van Christelike groeperinge, wat in wese niks anders as politieke partye is nie. Hierdie partye het ontwikkel uit tradisioneel godsdienstige sienings wat, reeds in die ontwikkelingsfase daarvan, ver verwyderd was van ware Bybelse Christenskap. Daar kan nog baie voorbeelde genoem word.

In geeneen van hierdie gevalle kan die ‘Christene’ hulle gewelddadige optrede uit die Bybel regverdig nie. Reeds in die Ou Testament is God se opdrag aan die mens dat hy sy naaste, insluitende vreemdelinge, moet liefhê. Daar is reeds hierna verwys. God sê in Levitikus 19:18:

> *“ .. jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*

God sê ook in Levitikus 19:34:

> *“Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself,”*

God dring aan op liefde teenoor vreemdelinge in Deuteronomium 10:19:

> *“Daarom moet julle die vreemdeling liefhê,”*

God is ernstig hieroor. Deuteronomium 27:19:

> *“Vervloek is hy wat die reg van vreemdeling, wees en weduwee verdraai;”*

Geweld in die Christendom is nie Jahweh se skuld nie en waarskynlik ook nie ware Christene se skuld nie. Hoewel dit moontlik is dat Christene wat onder misleiding is by dade van geweld betrokke kan wees, is dit meer waarskynlik dat mense wat as Christene beskou word, maar dit nie werklik is nie, die skuldiges is. Hierdie ‘Christene’, soos die meeste mense wat vandag deurgaan as Christene, ken nie die Bybelse definisie van ware Christenskap nie.

Daar is reeds aangetoon dat 'n regverdige en liefdevolle God, juis as gevolg van hierdie eienskappe, 'n plig het om te straf en te beskerm. Dit was daarom onvermydelik dat God soms sy volk moes dissiplineer en soms streng teenoor heidense volke, deur toedoen van sy volk Israel, moes optree. Dit was egter juis die gevolg van sy liefde vir die mens. Sy verlossingsplan was in gedrang en dit was die enigste manier om dit op koers te hou.

Satan het van die begin af God se plan vir die mens se verlossing uit die mag van die duisternis probeer fnuik. Daarom het hy die volk waardeur God die wêreld wou seën, van die begin af nie net probeer uitwis nie, maar wou hulle ook tot afgodery mislei, wat hy ook dikwels reggekry het. God het gevolglik soms sy uitverkore volk deur ander nasies gestraf vir hulle afvalligheid, en soms het Hy Israel opdrag gegee om op te tree teen sekere vyandige en heidense volke. Daar was egter 'n rede vir elk van hierdie opdragte. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die suiwering en gereedmaking van die volk waardeur God die wêreld wou seën deur sy Verlosser, Jesus Christus. Dit was nooit

bedoel as 'n algemene reël vir optrede teenoor ander volke, of dat Israel kan oorheers nie.

Jesus Christus, God se Verlosser vir elke mens wat wil, kom in die Nuwe Testament, en maak dit duidelik dat liefde vir God bo alles, en liefde vir jou naaste soos vir jouself, die samevatting van God se wet is, volgens Mattheus 22:37-39:

> *"En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Slegs die mens van wie *"die god van hierdie wêreld die sinne verblind het,"* (2 Korinthiërs 4:4) is nie in staat om die groot liefde van God hierin te sien nie.

Hoe kan 'n mens sê dat jy God liefhet as jy jou teen sy opdrag in skuldig maak aan geweld en bloedvergieting? Hoe kan 'n mens sê dat jy jou naaste liefhet soos jouself, as jy geweld pleeg teen hom?

Wanneer 'n mens vir God sou vra: 'As U 'n God van liefde is en almagtig is soos wat die Bybel leer, waarom dan al die geweld en sinnelose lyding in hierdie wêreld?' Sy antwoord kan dan, gegrond op die Bybel, en in diepe ootmoet en respek, die volgende wees: *"In My alwysheid het Ek mense geskep om met My in 'n liefdesverhouding te lewe, hulle was in my teenwoordigheid en onder My beheer. Hulle het gekies om teen My waarskuwing in hulle eie belange bò Myne te stel en was ongehoorsaam. Ek is regverdig, en daarom het Ek hulle uit my teenwoordigheid, onmiddellike beheer en verantwoordelikheid weg gestuur in 'n wêreld in wat in die mag van die bose is. Indien Ek nie volgens My waarskuwing opgetree het nie, sou Ek van niemand, insluitende die engele, kon verwag om My ooit weer te glo en ernstig op te neem nie. Waarheid is verder deel van My, wat beteken dat Ek nooit een ding sal sê en dan 'n ander ding doen nie. Dit was hulle keuse teen My waarskuwing in. Onthou, om van My verwyder te wees is geestelike dood. Ek is liefde en daarom begeer Ek steeds dat hulle vrywillig na My moet terugkeer. Daarom het Ek deur die eeue altyd met die mense wat 'n begeerte na My gehad het bemoeienis gemaak. Vanuit sulke mense het Ek vir My 'n volk voorberei deur met hulle ooreenkomste aan te gaan, waarin hulle nie gedwing is nie. Deur hierdie volk (Israel) het Ek voorsiening gemaak vir die mens se versoening met My, ('n seën vir die wêreld) deur My Seun, Jesus, te stuur as losprys en versoening vir hulle sonde. Almal wat dit vrywillig aanvaar, en nou deur My krag in hierdie liefde van My lewe, is met My versoen. Dit sal onregverdig wees om die mens te dwing – op verskillende moontlike maniere – om na My terug te keer. Hulle*

*kan slegs vrywillig terugkeer. Deur die eeue het Ek nog net ingegryp (deur redding sowel as straf) in mense se lewens wat My vrywillig gesoek het en wat deur vrywillige ooreenkomste (verbonde) aan My verbind was. Dit is ook net sulke mense se gebede wat Ek verhoor, Ek luister nie na die gebede van mense wat in sonde (liefdeloosheid) lewe nie al noem hulle hulle-self gelowiges. Daar is baie mense wat hulleself Christen-gelowiges noem, maar net deel vorm van die gelowiges uit selfsugtige motiewe, met die oog op voordeel wat hulle daaruit kan kry. Hierdie mense het hulleself nog nie verloën nie en is nie bereid om My met hulle lewens te vertrou nie. Hoewel Ek hierdie mense ook liefhet en begeer dat hulle na My moet terugkom, sodat Ek hulle gebede, insluitende gebede om beskerming, kan verhoor, kan Ek dit as gevolg van my regverdigheid nie doen nie. Hulle is juis al so verdorwe en ongelowig en op hulleself gesentreerd dat as ek hulle sou beskerm, sonder dat hulle eers daarna vra, sal dit hulle net in hulle kwaad sterk. Andere dring weer aan op my beskerming en hulp omdat hulle daarop aanspraak maak dat hulle Christene is, maar Ek ken hulle nie want hulle doen nie My wil nie (sien Mat. 7:21**:" Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."**) Ware gelowiges leef nog fisies as vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld, wat tans nog in die mag van die bose is, en hulle is ook dikwels onderworpe aan pyn en lyding as gevolg van andere se sonde (soms van hulle eie sonde). Ek is egter met hulle elke oomblik, en in My almag sorg Ek dat alles vir hulle ten goede meewerk."*

Hieruit behoort die redes vir geweld, pyn en lyding in die Christendom duidelik te wees. Die God van die Bybel is teen geweld, en slegs die mens se sonde (liefdeloosheid) noodsaak geweld van sy kant af, wat Hy in die eerste plek sou wou verhoed. Geweld wat deur Jahweh geïnisieer word is uitsluitlik om sy verlossingsplan vir die mens te beskerm, en die motief daarvoor is liefde. Alle ander geweld is teen God se wil en is sonde teen Hom. Maar wat sou die redes vir geweld in Islam wees?

## 10. Geweld in Islam

Islam is betrokke by baie geweld in die wêreld. Geen poging gaan aangewend word om dit te bewys nie, want elke persoon wat die nuus volg is daarvan bewus. Moslems is egter nie noodwendig gewelddadige mense nie. Daar is reeds aangetoon dat 'n Moslem iemand is wat onderwerp is aan die Islam geloof, en dat die geloof gebaseer is op hulle heilige boeke, die Quran en die samestellings van die Hadis (tradisies van Mohammed). Vanweë hulle hoë agting en eerbied vir hierdie boeke lewe Moslems in gehoorsaamheid hieraan en volg hulle die leringe daarvan getrou na. Hoe meer getrou 'n Moslem aan Allah is, hoe meer getrou volg hy Allah se leringe in die Quran en Hadis na. Die volgende leringe uit hierdie boeke in verband met geweld, insluitende *Jihad* (heilige oorlog), is wat bepaal of 'n Moslem vredeliewend mag wees, ongeag hoe vredeliewend hy van nature is.

### i. Die Quran

Anders as die God van die Bybel wat geweld haat, is geweld in Islam dikwels 'n deug wat vir mense, soos reeds aangetoon is, groot voordele in die paradys kan verwerf.

Daar is talle plekke in die Quran waar Allah sy onderdane aanspoor tot geweld teen 'ongelowiges', met ander woorde teen almal wat nie Moslems is nie. Slegs enkele aanhalings word hier gegee, in Afrikaans en soms in Engels:

> *Sura* 8:38,39: *"Sê aan die ongelowiges dat as hulle ophou wat verby is, hulle vergewe sal word; en indien hulle terugkeer, dan was die voorbeeld van diegene voor hul vir hulle 'n teken gewees. En veg met hulle totdat daar geen vervolging meer is nie, en totdat alle godsdienste vir Allah is."* (beklemtoning bygevoeg)

Dit is 'n duidelike waarskuwing aan nie-Moslems dat dieselfde met hulle sal gebeur as wat met ander nie-Moslems voor hulle gebeur het. In (Ali, 2000:144) se Engelse vertaling (1946), is hierdie gedeelte ietwat duideliker.

> *"Say to the Unbelievers, if (now) they desist (from unbelief), their past would be forgiven them; But if they persist, the punishment of those before them is already a matter of warning for them. And fight them on until there is no more tumult or oppression, and there prevail justice and faith in God* (Allah)."

Dit is verder duidelik dat hierdie gedeelte van die Quran geskryf is nadat daar reeds in die naam van Allah teen 'ongelowiges' geveg is, anders sou die

voorbeeld wat voorgehou word nie sin gemaak het nie. *Sura* 4:74 belowe 'n *"groot beloning"* aan almal wat *"op die weg van Allah veg"*:

> *"Laat hulle dan wat die lewe van hierdie wêreld vir diè van die Hiernamaals opoffer, op die weg van Allah veg. En wie ookal op die weg van Allah veg, ongeag of hy sneuwel of 'n oorwinning behaal, Ons* (Allah) *sal hom weldra 'n groot beloning gee."*

Dan lees *Sura* 4:76 as volg:

> *"Hulle wat glo, veg op die weg van Allah, maar die ongelowiges (nie-Moslems) op dié van die duiwel. Veg daarom teen die vriende van die duiwel."*

Nie-Moslems word hier beskryf as 'vriende van die duiwel' en 'hulle wat glo' as Moslems, wat nie 'n ander keuse het as om Allah se opdragte uit te voer nie.

> *Sura* 4:84: *"Veg dan op die weg van Allah – u is slegs vir uself verantwoordelik – en spoor die gelowiges aan. Dit kan wees dat Allah die strydkrag van die ongelowiges beteuel."*

> *Sura* 4:89: *"Hulle wens dat julle so ongelowig is as hulle, sodat julle aan mekaar gelyk kan wees; neem daarom geen vriende uit hulle midde nie, totdat hulle ter wille van Allah uit hulle huise gevlug het. As hulle weer in vyandskap verval, gryp hulle dan en maak hulle dood, waar julle hulle ook al mag vind;"* (beklemtoning bygevoeg)

Moslems maak daarop aanspraak dat hulle slegs uit selfverdediging veg en doodmaak. Hierdie gedeelte verwys egter na mense wat reeds gevlug het ter wille van Allah, en wat dan doodgemaak moet word waar hulle ookal gevind mag word. Hieruit kan 'n mens aflei dat hulle gesoek en doodgemaak moet word. Dit kan werklik nie deurgaan as selfverdediging nie. Vers 104 sluit hierby aan:

> *"En wees nie weekhartig as julle die vyand agtervolg nie."*

As jy die vyand agtervolg, beteken dit dat die vyand besig is om te vlug. Wat sou Allah bedoel as hy sê dat die agtervolgers nie weekhartig moet wees nie? Pickthall se Engelse vertaling sê *"relent not in pursuit",* en dit beteken minstens dat Allah nie wil hê dat hulle moet ontvlug nie maar ingehaal moet word. Wat daarna met hulle sal gebeur behoort duidelik te word uit die res van die bespreking.

*Sura* 5:33 sê: *"Die enigste straf vir hulle wat oorlog teen Allah en sy boodskappers voer, en begeer om wanorde in die land te skep, is dat hulle doodgemaak moet word; of dat hulle gekruisig moet word; of dat hulle hande en voete, die linker van die een en die regter van die ander, afgekap moet word; of dat hulle uit die land verban moet word."*

Hoewel 'n oorlog situasie hier ter sprake is, is dit duidelik dat dit betrekking het op 'n situasie waar Allah se magte reeds in beheer is en in 'n posisie is om straf te kan uitdeel.

*Sura* 8:59-61 sê onder die opskrif, *"Vrede moet deur Krag beveilig word"*: *"En laat die ongelowiges nie dink dat hulle Ons (Allah) kan ontwyk nie. Waarlik, hulle kan nie ontsnap nie. En versamel alle beskikbare manskappe en perde op die grens, sodat julle jul vyande en die vyande van Allah, en ook ander wat julle nie ken nie, maar vir wie Allah ken, kan afskrik. En wat julle op die weg van Allah bestee, sal ten volle aan julle terugbetaal word, en geen onreg sal julle aangedoen word nie.."*

Hier is die 'ongelowiges' in die moeilikheid. Hulle probeer om Allah te ontwyk en hulle probeer ontsnap, maar Allah gee die versekering dat hulle nie sal ontsnap nie, want daar is reeds aangetoon, in die opmerking by 4:104 hierbo, dat die agtervolgers nie weekhartig mag wees nie. In *Sura* 8:65 sê Allah vir sy Profeet, Mohammed:

*"O Profeet, spoor die gelowiges* (Moslems) *aan tot die geveg. As daar twintig onder julle is wat standvastig is, sal hulle tweehonderd oorwin; en as daar honderd onder julle is, sal hulle duisend ongelowiges oorwin; Veg teen hulle omdat die ongelowiges nie wil verstaan nie."*

Let wel: daar moet geveg word. Dit is nie om 'n aanval af te weer nie, maar omdat hulle (die ongelowiges) nie wil verstaan nie. Hierdie is 'n duidelike aanmoediging deur die profeet Mohammed aan Moslems tot oorlog. Hy doen dit direk in opdrag van Allah. Dit geld ook vir die volgende ses aanhalings uit die Quran.

*Sura* 9:41: *"Gaan voort, lig of swaar, en strewe hard op die weg van Allah met julle rykdomme en julle lewens."*

*Sura* 9:111: *"Hulle* (Moslems) *veg op die weg van Allah en bring om, en word ook omgebring."*

Sien ook aanhaling van Ayatollah Khomeini, 'n Moslem leier aan die einde van hierdie hoofstuk onder iii *Jihad* (heilige oorlog)

*Sura* 9:123: *"O julle gelowiges, beveg die ongelowiges wat naby julle is,"*

*Sura* 61:4: *"Voorwaar, Allah het hulle lief wat op Sy weg in geledere veg,"*

*Sura* 61:11: *"Julle moet glo in Allah en Sy Boodskapper en hard strewe op die weg van Allah met julle besittings en julle lewens."*

*Sura* 66:9: *"O Profeet, stry teen die ongelowiges en die huigelaars en wees streng teen hulle."*

Geweld in Islam is egter nie beperk tot optrede teenoor 'ongelowiges' nie. Allah gee in *Sura* 4:34 ook duidelike instruksies hoe Moslem mans teenoor hulle vrouens, wie hy duidelik minderwaardig ag, moet optree:

*"Mans is die onderhouers van vroue, waarin Allah dan ook sommige laat uitblink bo ander, omdat hulle hul vermoë bestee. Daarom is 'n deugsame vrou ook onderdanig, … En hulle van wie julle ongehoorsaamheid vrees, wys hulle tereg, en laat hulle in die beddens alleen, en tugtig hulle."*

In die volgende Engelse vertaling van dieselfde *Sura*, kom die bedoeling heelwat duideliker oor:

*"Men have authority over woman, because God* (Allah) *made the one superior to the other, and because they spend their wealth to maintain them. … As for those from whom you fear disobedience, admonish them, forsake them in beds apart, and beat* (slaan) *them."* (Dawood)

Het 'n getroue Moslem 'n ander keuse as om, in ooreenstemming met hierdie opdragte van Allah, geweldadig te wees?

### ii. Geweld in die Hadis (Tradisies van Mohammed)

Die Hadis ondersteun die Quran en laat ook geen twyfel oor wat Allah en sy profeet van 'n Moslem verwag nie. 'n Volgeling van Islam is verplig om te veg vir vrede (Islam), as hy nie sy eie vrede wil verloor nie. Die volgende aanhalings is nie net aanmoedigings tot geweld nie, maar ook dreigemente aan die Moslems wat nie by die geweld, ter wille van Allah, betrokke wil raak nie.

Al-Hadis 1:73 (Karim, 1998:1:73(Vol.1):144): *"'n Groep van my mense sal nooit ophou om te veg vir waarheid (Islam) en sodoende dié oorwin wat dit teenstaan"*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:15(Vol.2):347): *"die Boodskapper van Allah het gesê: Hierdie godsdiens (Islam) sal nooit ophou om te floreer nie. Daar sal altyd 'n groep Moslems wees wat daarvoor sal veg."*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:20(Vol.2):350): *"die Heilige Profeet het gesê: Om te veg op die weg van Allah dien as versoening vir alles behalwe skuld."*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:27(Vol.2):352): *"die Boodskapper van Allah het gesê: Wie doodgaan sonder om te veg (in Heilige Oorlog), en sonder om te voel dat dit sy plig is, sterf as 'n soort huigelaar."*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:31(Vol.2):353): *"die Boodskapper van Allah het gesê: 'n groep van my metgeselle sal nooit ophou om te veg vir die reg om oorwinning te behaal oor almal wat hulle teenstaan nie."*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:32(Vol.2):354): *"die Heilige Profeet het gesê: Hy wat nie veg nie, of 'n soldaat toerus nie, of nie 'n soldaat se familie behoorlik versorg nie, Allah sal hom besoek met onheil voor die Opstandingsdag."*

Het 'n Moslem 'n ander keuse as om te veg as Allah en sy profeet sy volgelinge dreig met straf indien hulle nie veg nie?

Al-Hadis (Karim, 1998:23:33(Vol.2):354): *"die Heilige Profeet het gesê: Veg teen die beoefenaars van veelgodery met julle besittings, julle lewens en julle tonge."*

Al-Hadis (Karim, 1998:23:43(Vol.2):357): Mohammed *"was gevra: Watter Jihad is die beste? Hy het gesê: Daardie een wat geveg word deur iemand, teen beoefenaars van veelgodery met sy besittings en sy lewe."*

Dit sluit ook geweld teen vroue in. Die verkragting van die vyand se vroue, ter wille van 'ontspanning' vir die vegters aan die oorlogsfront, is volgens die samesteller van die Al-Hadis toegelaat. Karim (1998, (Vol.2):440) skryf onder die opskrif *"Oorlogsgevangenes" (Captives of War)* en die sub-opskrif *"Gevange vrouens en meisies" (Captive women and girls)* die volgende in verband met die behandeling van sulke vroue en meisies, uiteraard met die goedkeuring van Mohammed:

*"Op die werklike oorlogsfront te midde van vyandelikhede, volgens sommige juriste, was daar soms toegewings gemaak aan soldate vir*

*ontspanning. Dit was wettig gemaak vir soldate om gevange jongmeisies (maagde) te gebruik vir paring (copulation)".*

Mohammed se opdragte moet gevolg word en is so goed as wet, of dan 'n verpligte weg wat gevolg moet word (sunna) vir elke Moslem. Hy het nie 'n keuse om geweldadig te wees nie. Mohammed het gepraat en hy moet doen.

### iii. *Jihad* (Heilige Oorlog)

Uit wat reeds bespreek is, is dit duidelik dat Allah sy volgelinge oproep tot oorlog. Hy roep hulle dus op tot geweld teen die vyand, of dan die 'ongelowiges' (alle nie-Moslems, insluitende Christene en Jode). Die aanhalings en voorbeelde in die vorige afdeling is alles oproepe tot *Jihad* (heilige oorlog) ter bevordering van Islam.

Daar is verskillende verduidelikings deur Moslems oor wat *Jihad* is, maar dit kom daarop neer om te 'veg' of te 'strewe' ter wille van Allah. Daarom word dit 'Heilige Oorlog' genoem.

Al Bukhari beskryf *Jihad* in sy *Glossary* (Khan, 1987(Vol.4):viii) as volg:

*"Heilige oorlog (fighting) ter wille van Allah of enige ander soort poging om Allah se woord (Islam) te verhef, wat beskou word as een van die beginsels van Islam."*

Daar word dikwels deur Moslems daarop aanspraak gemaak dat *Jihad* net gaan oor selfverdediging. Dit wil egter voorkom asof die feit dat iemand 'n 'ongelowige' (nie-Moslem) is, alreeds genoeg aggressie teen Islam is, wat selfverdediging daarteen vereis. Al-Bukhari sê in (Khan, 1987(Vol.6):106) van sy Hadis,

*"om oorlog te voer teen Allah beteken om geloof in hom te verwerp"*

Die Quran se opdrag is duidelik:

*Sura* 2:216: *"Julle word beveel om te veg* (*Jihad*) *hoewel julle 'n afkeer daarvan het; maar dit kan wees dat julle teësin het in iets wat vir julle heilsaam is,"* Yusuf Ali (2000:270) se Engelse vertaling stel dit so: "*Fighting* (*Jihad*) *is prescribed for you, and you dislike it. But it is possible that you dislike a thing which is good for you,"*

Ongeag of 'n Moslem 'n saggeaarde en vredeliewende geaardheid het (en in die meeste gevalle is dit so), is hy verplig om te veg en deel te neem aan *Jihad*,

omdat dit volgens Allah vir hom heilsaam is. Die belangrikheid van deelname aan *Jihad* word ook in die Hadis beklemtoon (Karim, 1998:23:42(Vol.2):356):

> *"Abu Huraira rapporteer: wie ookal Allah ontmoet sonder 'n wond as gevolg van Jihad, ontmoet Allah met 'n defek in hom."*

Volgens die Quran behoort Moslems aan Allah, en het hy hulle gekoop vir die doel om ter wille van hom dood te maak en doodgemaak te word. Die prys wat hulle daarvoor ontvang is die paradys. Soos beskryf word in:

> *Sura* 9:111: *"Voorwaar, Allah het van die gelowiges hulle persoon en hul besittings gekoop, sodat hulle die paradys daarvoor in ruil sal ontvang. Hulle veg op die weg van Allah en bring om, en word ook omgebring."*

Dit is duidelik uit die aanhalings hierbo dat Allah se onderdane nie net met hulle lewens nie, maar ook met hulle besittings moet strewe vir die uitbreiding van Islam.

Almal kan egter nie fisies veg nie en die 'vredeliewende' onderdane van Allah moet die finansies en middele vir die *Jihad* of heilige oorlog voorsien, en as hulle dit uit ongelowiges kan kry, is dit nog beter. Afgesien van die *Jizya* (spesiale belasting) wat nie-Moslems aan Moslem regerings moet betaal, is daar 'n oorvloed van uiters suksesvolle en florerende Moslem sakelui in veral nie-Moslem lande. Die geld en besittings van Moslems, insluitende die middele wat in nie-Moslem lande bymekaar gemaak word, is veronderstel om aangewend te word ter wille van Allah se heilige oorlog teen ongelowiges (nie-Moslems). Die Quran asook die Hadis is duidelik hieroor, en elke Moslem is verplig om te gehoorsaam, want dit is Allah se opdrag.

> *Sura* 9:34: *"En hulle wat goud en silwer ophoop en dit nie in die weg van Allah bestee nie – verkondig aan hulle 'n smartlike straf."*

> *Sura* 9:41: *"Gaan voort, lig of swaar, en strewe hard op die weg van Allah met julle rykdomme en julle lewens."*

> Al-Bukhari (Khan, 1987:95(Vol.4):68): *"Hierdie wêreldse besittings is soet plantegroei (vegetation). As dit spandeer word in Allah se belang."*

Elke Christen en ander nie-Moslem behoort te weet dat met elke sent wat hy of sy spandeer in sakeondernemings wat aan Moslems behoort, ondersteun hy/sy Islam se *Jihad* of heilige oorlog teen hom/haarself. Om *Jihad* te finansier is om 'op die weg van Allah te strewe met jou rykdom' en dit is in sigself *Jihad.*

Al-Hadis (Karim, 1998(Vol.2):358), oor die prys wat Moslems ontvang vir *Jihad*:

> *"die Boodskapper van Allah het gesê: Daar is ses deugde (voordele) vir 'n martelaar* (iemand wat sy lewe gee in oorlog vir Allah) *by Allah. By die eerste vergieting van bloed word vir hom sy plek in die paradys aangewys, hy word beskerm teen die kastyding van die graf, hy word veilig gehou teen groot onheil, 'n kroon van eer sal op sy hoof geplaas word waarvan slegs een juweel beter is as die wêreld en alles wat daarin is, hy sal in die eg verbind word met twee en sewentig vrouens wat almal maagde is met groot donker oë, en hy sal toestemming gegee word om intersessie te doen vir sewentig van sy familielede."*

Wanneer daar in Islam terminologie verwys word na Martelaar (Martyr), soos in die volgende aanhalings, dui dit op iemand wat sy lewe offer in *Jihad* (heilige oorlog). Dit sluit mense in wat selfmoord aanvalle uitvoer ter wille van Islam, soos die aanvalle op die Wêreld Handel Sentrum en die selfmoord bomaanvalle in die Midde-Ooste, Bali en elders.

Die beloftes hieronder dien blykbaar om Moslems se vrese vir *Jihad* en die dood te besweer:

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:45(Vol.2):358): *"die Boodskapper van Allah het gesê: 'n Martelaar sal nie die pyn van moord voel nie, behalwe soos een wat die pyn van 'n (insek) steek voel."*

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:61(Vol.2):364): *"die Boodskapper van Allah het vir sy metgeselle gesê: Toe julle broers doodgemaak is in die veldslag van Uhud, het Allah hulle siele geplaas in die maag van 'n groen voël, wat voorkom by die riviere van die paradys, en sy vrugte eet en skuiling vind by goue lampe wat hang in die skadu van die Troon. Toe hulle die soetheid van hulle voedsels, hulle dranke en hulle slaapplekke ervaar het, het hulle uitgeroep: 'Wie sal vir ons 'n boodskap oordra aan ons broers dat ons lewe in die paradys, <u>sodat niemand sal ophou om Paradys en deelname aan Jihad te begeer nie</u>?' Dan sal Allah sê: 'Ek sal die boodskap oordra namens julle'. So het Allah dan openbaar: 'En julle moet nie die wat gemartel is op die weg van Allah as dood beskou nie, maar hulle is lewendig'."* (beklemtoning bygevoeg)

Toe hierdie martelaars se siele uit die maag van die groen voël kom en hulle die wonder van die paradys ervaar, toe voel hulle hulle broers op die aarde behoort daarvan te weet sodat hulle nie ophou om *Jihad* te begeer nie. Hulle dilemma is egter dat hulle nie weet hoe om die boodskap by hulle aardse

broers te kry nie. Gelukkig vir hulle is niemand anders nie as Allah self bereid om hulle boodskap oor te dra.

Te midde van die geweld van *Jihad* is daar nog meer geweld, en in hierdie heilige oorlog ontgeld elkeen dit wat onder verdenking is. Bewyse is nie nodig nie. Die diskressie van die leier, in die volgende gevalle, Mohammed, is blykbaar voldoende om 'n lewe te neem. Hierdie dien as afskrikking vir diegene wat teen Islam is:

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:202(Vol.2):441): *"Salamah-b-al-Akwa'a het gerapporteer: 'n Spioen van die wat veelgodery beoefen het na die Boodskapper van Allah toe gekom terwyl hy op reis was. Hy het gesit en met sy metgeselle gepraat en toe verder gegaan. Die Heilige Profeet het gesê: Soek hom en maak hom dood. Ek het hom toe dood gemaak. Hy (die Profeet) het sy besittings vir my gegee."*

Die spioen wat hier ter sprake is, was in Mohammed se teenwoordigheid. Dit is waarskynlik eers later onder sy aandag gebring dat dit 'n spioen was, geen verhoor was egter nodig nie. Mohammed het eenvoudig besluit hy moet doodgemaak word, en het so 'n opdrag gegee. In die volgende geval was daar darem 'n soort maatstaf:

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:214(Vol.2):451): *"Atiyyah ai-Qurazi het gerapporteer: Ek was een van die gevangenes van Quraizah. Ons is aan die Heilige Profeet bekendgestel en hulle het ons ondersoek. Wanneer iemand lang hare gehad het is hy doodgemaak, en wanneer hy nie lang hare gehad het nie is hy nie doodgemaak nie. Toe hulle my privaat deel ontbloot het en gevind het dat daar geen hare was nie, het hulle my tussen die gevangenes gehou."* (nie doodgemaak nie)

In hierdie geval het die man se geskeerde skaamhare sy lewe gered. Watter soort maatstaf is dit?

Ahmed Deedat, iemand wat vir jare, as gevolg van beroerte, 'n invalide was wat homself glad nie meer kon help nie en ook nie meer kon praat nie, was voorheen 'n vurige en ywerige Suid-Afrikaanse Moslem apologeet en propagandis. Dit was sy groot passie om die Christendom en veral Jesus Christus af te kraak en te bespot. In sy pamflet *What is his Name*, uitgegee deur die Islamic Propagation Centre, Durban, (aangehaal en vertaal uit Hunt, 1986/1995:275) sê hy:

> *“Ons wapenrusting, swaard en skild in hierdie stryd van Gelowe is in die Koran, ons het dit gedreunsang vir eeue ... nou moet ons dit na vore bring tot op die slagveld.”*

Ayatollah Khomeini, ‘n vorige godsdienstige en politieke hoof van Iran het na die grootskaalse slagting van nie-Moslems insluitende Christene, onder sy leierskap gesê:

> *“In Persië (Iran) is tot dusver geen mense doodgemaak nie – slegs diere (beasts)!”* en by 'n ander geleentheid: *“Die suiwerste genot in Islam is om dood te maak en doodgemaak te word vir Allah.”* (aangehaal en vertaal uit Moshay, 1994:31-32)

Hierdie laaste aanhaling is gebaseer op *Sura* 9:111 waarna hierbo verwys is.

Dit maak ook nie saak of die Moslem leier wat mense oproep tot *Jihad* 'n goeie of 'n slegte persoon is nie. Al-Bukhari sê daarvan in (Khan, 1987:44(Vol.4):71):

> *"Jihad is carried on whether the Muslim ruler who calls for it is a good or a bad person,".*

Dit verklaar waarom Moslems so eensgesind is in hulle ondersteuning van karakters soos Osama Bin Laden en Saddam Hoessein, wat deur sommige Moslems as slegte mense beskou word, maar desnieteenstaande steeds ondersteun word.

Is hierdie mense met hulle gedurige *Jihad*, ekstremiste en wreedaards of is hulle maar net getroue volgelinge van hulle Profeet Mohammed se leringe, in opdrag van hulle God, Allah?

## 11. Waarom is Oorlog dan Nodig?

> *"Beveg hulle wat nie in Allah glo nie, en ook nie in die Laaste Dag nie, en wat nie verbied wat deur Allah en sy Boodskapper verbied word nie, en hulle wat nie die Godsdiens van Waarheid (Islam) erken nie, onder wie die mense van die Skrifte (Jode en Christene) totdat hulle die 'Jizya' in onderdanigheid betaal, en hulleself onderworpe ag."*

Bogenoemde is 'n vry vertaling van Al-Bukhari se aanhaling van *Sura* 9:29 uit die Quran, en dit verskaf die antwoord op die vraag: 'waarom dan oorlog en geweld in Islam?' Yusuf Ali se vertaling hiervan is wesenlik dieselfde. In die Afrikaanse vertaling van die Quran lees dit as volg:

> *"Beveg hulle wat nie in Allah en aan die Laaste Dag glo nie, en nie verbied wat Allah en sy Boodskapper verbied het nie, en nie die Godsdiens van die Waarheid* (Islam) *navolg nie – onder diegene aan wie die Boek voorheen gegee is* (Jode en Christene) – *totdat hulle die belasting ter erkentenis van voorrang betaal en hulle onderdanig is."* Volgens Dawood moet daar teen die ongelowiges geveg word, *"totdat hulle die bydrae uit die hand betaal en hulle volkome onderwerp is."*

Die opdrag is baie duidelik dat almal beveg moet word totdat hulle aan Islam se heerskappy onderwerp is. Op die oog af verskil dit egter van wat in die Quran staan in *Sura* 2:256:

> *"Daar is geen dwang in die godsdiens nie"*

Dit is dus nie seker wat daarmee bedoel word nie, want indien dit wil sê dat Islam nie geweld gebruik in die uitbreiding daarvan nie, is dit nie net totaal teenstrydig met bogenoemde vers (9:29) nie, maar ook met die grootste gedeelte van die Quran, die Hadis sowel as die geskiedenis van Islam. Dit is waarskynlik 'n erkenning dat iemand in sy hart nie 'n godsdiens sal aanvaar nie, selfs al word hy met geweld daaraan onderwerp.

Dit is duidelik dat dit in Islam nie bloot gaan oor geweld nie, maar dat daar 'n doel daaragter is. Anders as Jesus, wat gesê het: *"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie;"* (Johannes 18:36) moet Islam hier op aarde gevestig word en wil Allah deur die hele wêreld geëer en aanbid word. **Die doel is dat die wêreld deur Islam oorheers en regeer moet word.**

Die Quran verseker sy lesers dat Islam wel sal seëvier, met ander woorde oorwin:

> *Sura* 48:28: *“dit is Hy wat Sy Boodskapper met die leiding en die godsdiens van die Waarheid gestuur het, sodat Hy dit oor alle ander godsdienste mag laat seëvier.”*

Die Hadis stem hiermee saam: Al-Hadis (Karim, 1998:1:14w(Vol.1):152):

> *“die Boodskapper van Allah het gesê: Daar sal geen huis van klei of tent van kameelhaar op die oppervlak van die aarde wees waarin Allah nie die woord van Islam sal toelaat met die eer van 'n eerbare man en die skande van 'n oneerbare man nie. Of Allah sal hulle eer gee en inwoners daarvan maak of hy sal hulle tot skande maak en hulle daaraan onderwerp.”*

Indien daar nog onsekerheid is, behoort die volgende as hulp te dien om dit uit die weg te ruim. In die Afrikaanse Quran lees *Sura* 2:193 as volg:

> *“En beveg hulle totdat die vervolging verby is, en die godsdiens alleen vir Allah is.”*

Al-Bukhari (Khan, 1987(Vol.9):167) vertaal hierdie gedeelte as volg:

> *“En beveg hulle totdat daar geen probleme meer is nie* (d.i. geen aanbidding meer van iemand anders behalwe Allah).”

> *Sura* 8:39: *“En veg met hulle totdat daar geen vervolging meer is nie, en totdat alle godsdienste vir Allah is.”*

Iemand het volgens Al-Bukhari (Khan, 1987:355(Vol.4):228) vir Mohammed gevra:

> *"'n Man mag veg ter wille van die buit, en 'n ander mag veg ter wille van erkenning, 'n derde mag veg om sy dapperheid te toon; watter van hierdie word gereken as veg vir die saak van Allah?' Die Profeet het geantwoord, 'Hy wat veg sodat Allah se woord (d.i. Islam) sal oorheers (be superior), veg vir die saak van Allah'."*

Elke hoofstuk (*Sura*) in die Quran word opgedeel in verskillende afdelings, behalwe die heel kort hoofstukke aan die einde. In die gebruikte Afrikaanse vertaling is daar verskillende afdelings met opskrifte wat aandui waaroor die afdeling hoofsaaklik handel. Sommige daarvan word hieronder aangehaal as aanduiding van hierdie strewe van Islam na oorheersing:

> Bl. 35 *Sura* 2 – *“Moesliems sal seëvier”* die afdeling word afgesluit in vers 286 met die gebed:

*“.. skenk ons daarom oorwinning oor die ongelowiges.”*
Bl. 53 *Sura* 3 – *“Uiteindelike Triomf van die Gelowiges* (Moslems)*”*
Bl. 109 *Sura* 7 – *“Die Hulpeloosheid van die Teenstanders”*
Bl. 128 *Sura* 8 – *“Vrede moet deur Krag beveilig word”*
Bl. 133 *Sura* 9 – *“Islam sal in die Wêreld Seëvier”*
Bl. 179 *Sura* 14 – *“Teenstand word uiteindelik vernietig”*
Bl. 207 *Sura* 18 – *“'n Waarskuwing aan die Christene”*
Bl. 211 *Sura* 18 – *“Die Skuldiges word Tereggestel”*
Bl. 257 *Sura* 24 – *“Die Bevestiging van die Koninkryk van Islam”.*
Vers 52 en 53 is insiggewend: *“En wie Allah en Sy Boodskapper gehoorsaam is, en Allah vrees, en sy plig teenoor Hom nakom, hulle sal seëvier. En hulle sweer by Allah hulle plegtigste ede dat indien u hulle gebied, hulle sekerlik sal opruk. Nie ede nie, maar werklike gehoorsaamheid is nodig.”*
Bl. 279 *Sura* 27 – *“Die verdwyning van Alle Teëstand”*
Bl. 285 *Sura* 28 – *“Die Teëstander sal Verneder Word”*
Bl. 302 *Sura* 32 – *“Islam sal Gevestig Word”*
Bl. 314 *Sura* 34 – *“'n Oorwinning vir die Moesliems”*
Bl. 332 *Sura* 38 – *“Die Vyand se Nederlaag”* vers 2 en 3 sê in verband met ‘ongelowiges’:*“Nee, die ongelowiges is valslik trots en opstandig. <u>Hoeveel geslagte het Ons nie voorheen reeds vernietig nie, en hulle het uitgeroep toe daar geen tyd meer was om te ontsnap nie</u>!”* (beklemtoning bygevoeg)
Bl. 339 *Sura* 39 – *“Die Verwerpers* (die mense wat Islam nie aanvaar nie) *sal Verneder Word”*
Bl. 349 *Sura* 40 – *“Die Einde van alle Teëstand”*
Bl. 380 *Sura* 48 – *“Die Uiteindelike triomf van Islam”* sien vers 28, wat reeds hierbo aangehaal is.
Bl. 412 *Sura* 61 – *“Die Triomf van Islam”* vers 4 sê:

*“Voorwaar, Allah het hulle lief wat op Sy weg in geledere veg, asof hulle 'n hegte muur vorm.”*

Nog dele uit die Hadis wat Islam se strewe na oorheersing bevestig is:

Al-Bukhari (Khan, 1987:65,355(Vol.4)&550(Vol.9): *“Die Profeet het gesê: ‘Die een wat veg sodat Allah se woord (Islam) sal heers, veg in belang van Allah.’”*

Al-Bukhari (Khan, 1987:196(Vol.4):124): *“Allah se Boodskapper het gesê: ‘Ek is beveel om teen mense te veg totdat hulle sê, 'niemand het die reg om aanbid te word behalwe Allah nie’ – sy lewe en besittings sal deur my beskerm word.’”*

Wanneer geweld daaroor gaan om 'n volk te dissiplineer of te beskerm met die oog op 'n spesifieke doel, sodat die wêreld deur hom geseën kan word, soos in die Bybel, maak dit sin. Die God van die Bybel verwag nie van sy volgelinge om die wêreld met geweld te dwing om hom te aanbid nie. Hy het alle mag in die hemel en op die aarde en as Hy nie vir mense 'n vrye wil wou gee nie, kon Hy hulle so geskep het dat hulle nie anders kon as om Hom te dien nie. Vir 'n liefdevolle verhouding is vrywillige volgelinge egter nodig. Daarom het hulle die vermoë gekry om te kies, en verplig Hy ook niemand met geweld om Hom te dien nie. Hy straf wel sonde, maar nie deur gewelddadigheid van mense nie. Die skrywer van die Hebreërs skryf hieroor in hoofstuk 10:30:

> *"Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel."* (beklemtoning bygevoeg)

Hy sál aan die einde van hierdie bedeling heers oor, en geëer word deur almal wat deur sy genade vir Hom gekies het. Die ander, wie ook deur Hom in staat gestel is om te kies maar sy genade verwerp het, sal hulle verdiende straf (waaraan hulle reeds onderworpe is) ontvang. Mense het nie nodig om ongelowiges hier op aarde namens Hom te straf en dood te maak nie. Die feit dat sommige sogenaamde Christene dit hier op aarde gedoen het beteken nie dat Hy dit van hulle verwag het nie.

Moslems het die plig om toe te sien dat almal aan Allah onderwerp word en hom aanbid. Dit doen hulle deur *Jihad*, en elke Moslem word deur Allah verplig om deel te neem aan *Jihad* teen 'ongelowiges'. Sommige doen dit deur selfmoord bomme en aanvalle, andere deur in konvensionele oorloë te veg, andere deur terroristiese aanvalle, insluitende ontvoerings, en andere deur geld en besitting te gee vir die doel van *Jihad*. Volgens Karim, (1998:8:90(Vol.2):39) vorm hierdie geld deel van die verpligte zakaat wat een van die vyf pilare van Islam is.

Solank daar nie-Moslems op aarde is sal Moslems veg. Hulle het nie 'n keuse nie, want hulle God, Allah, verwag dit van hulle.

## 12. Die Waarde van Ooreenkomste, Beloftes en Ede in Islam

Om met iemand 'n ooreenkoms (verbond) te hê of om 'n belofte te maak, hetsy onder eed of nie, en dit dan nie na te kom nie is liefdelose gedrag, want dit benadeel die ander party. Daarom is dit, volgens die Christelike definisie, ongetwyfeld sonde.

Ons weet dat baie mense, Christene ingesluit, ooreenkomste en beloftes verbreek. Moslems het egter Allah se toestemming om onder sekere omstandighede beloftes en ooreenkomste te verbreek. In die Quran word daar so 'n uitsondering gemaak:

> *Sura* 9:1-5: 1*)"'n Verklaring van vrystelling van Allah en Sy Boodskapper teenoor die afgodedienaars met wie julle 'n verdrag gesluit het.*
> 2) *Gaan daarom vier maande lank in die land rond en weet dat julle nie van Allah kan ontsnap nie en dat Allah skande oor die ongelowiges sal bring.*
> 3) *En dit is 'n aankondiging van Allah en Sy Boodskapper aan almal op die dag van die groot bedevaart, dat Allah, saam met Sy Boodskapper, <u>vry is van verantwoordelikheid teenoor afgodedienaars</u>. As julle daarom berou toon, sal dit vir julle beter wees; maar as julle julle afwend, weet dan dat julle Allah nie kan ontwyk nie. En verkondig 'n smartlike straf aan die ongelowiges* – (beklemtoning bygevoeg)
> 4) *Met die uitsondering van daardie afgodedienaars met wie julle 'n verdrag gesluit het en wat julle in niks in die steek gelaat het nie; kom dan die ooreenkoms met hulle tot aan die einde van die tydperk na. Waarlik, Allah het die pligsgetroues lief.*
> 5) *En wanneer die heilige maande verby is, bring dan die afgodedienaars om waar julle hulle ook mag vind, en neem hulle gevange, beleër hulle en loer op hulle uit elke hinderlaag. Maar as hulle berou toon en die gebed onderhou en die zakaat betaal, laat hulle weg dan onverhinderd wees."*

In vers 3 staan daar in Yusuf Ali se Engelse vertaling:

> *".. Dat Allah en sy Apostel verpligtinge in verband met ooreenkomste wat met heidene (nie-Moslems) aangegaan is, ontbind."* (vry vertaal)

Allah gee hulle dus die reg om verdrae of ooreenkomste met nie-Moslems te verbreek. In sekere gevalle moet hulle egter vier maande wag voor hulle dit mag verbreek (sien vers 2 en 5 hierbo). Hulle teenstanders mag egter nie 'n 'verbond skend' nie.

*Sura* 8:55-56: *"Waarlik, die veragtelikste beeste in die oë van Allah is hulle wat nie glo nie omdat hulle nie wil nie. Hulle met wie u 'n verbond sluit en wat telkens daarna die verbond skend, en hulle plig nie na kom nie."*

Die Hadis ondersteun die Quran hierin. In Al-Hadis (Karim, 1998: 23:133(Vol.2):397), wat handel oor die verbreking van 'n ooreenkoms, skryf die samesteller in sy voetnota as verduideliking:

*"Verdrae en ooreenkomste wat in ooreenstemming met die Quran en Hadis is, word beveel om nagekom te word. Islam moedig nie laksheid in die nakoming van verdrae aan nie aangesien dit plegtige beloftes is, maar verdrae en ooreenkomste wat onwettig is (volgens Quran en Hadis) is nie nodig om na te kom nie."* (beklemtoning bygevoeg).

Die probleem is dat 'n nie-Moslem nie 'n manier het om te weet of 'n ooreenkoms teenstrydig is met die Quran of Hadis, en of dit dus onwettig is nie. Dit kom daarop neer dat die Moslem die reg het om met 'n nie-Moslem 'n 'onwettige' ooreenkoms aan te gaan wat hy dan later, wanneer dit hom pas, kan verbreek.

**Ede in Islam**

In aansluiting hierby is daar ook duidelike uitsprake in die Quran in verband met 'n eed of 'n plegtige onderneming of gelofte (vow).

*Sura* 2:225 : *"Allah sal julle nie verantwoordelik hou vir jul ydele ede nie,"*

*Sura* 5:89: *"Allah sal julle nie verantwoordelik hou vir jul ydele ede nie, maar wel vir ede wat julle in alle erns aflê. Die boetedoening daarvoor is die gee van voedsel aan tien arm mense, met dieselfde soort voedsel waarmee julle jul huisgesinne voed; of om hulle te klee; of die bevryding van 'n nek ('n slaaf). Maar wie dit nie kan doen nie, sal drie dae lank moet vas."* (beklemtoning bygevoeg)

'n Mens wonder wat sou die verskil wees tussen 'ydele ede' en 'ede in alle erns' afgelê. 'n Mens sou verwag dat alle ede in alle erns afgelê word. Daar is egter selfs uitkomkans uit die ede wat in *alle erns* afgelê is, as jy geld het of drie dae kan vas kan jy daaruit ook kom. Wat 'n gerieflike verskoning om jou plig te versuim, met toestemming van jou God. *Sura* 66:2:

*"Allah het inderdaad die versoening (ontbinding) van julle ede vir julle goedgekeur;"*

Die Engelse vertaling, van dieselfde *Sura*, deur Yusuf Ali stel dit duideliker as die Afrikaans:

> *"God* (Allah) *has already ordained for you (o men) the dissolution of your oaths (in some cases)."*

Dit is glad nie duidelik uit die Quran watter gevalle uitgesonder word nie en wat die maatstaf is waarvolgens hierdie uitsondering toegepas word nie. Die Hadis maak ook voorsiening vir die verbreking van ede, maar weereens is daar nie duidelike riglyne vir wanneer dit toelaatbaar is en wanneer nie:

> Al-Hadis (Karim, 1998:24;8(Vol.2):475): *"die Apostel van Allah het gesê: Wie ookal 'n eed aflê en daarna iets anders sien wat beter is, laat hom boete doen vir sy eed en dan kan hy die ander ding doen."*

So maklik soos dit. Geen geldige rede is nodig nie, want jy doen die boete en jy het geen verdere verpligting nie. Wat behels hierdie boete?

> Al-Hadis (Karim, 1998:24;24(Vol.2):479: *"die Apostel van Allah het gesê: Die boetedoening vir 'n gelofte is dieselfde as vir 'n eed."*

Die aanhaling hierbo uit *Sura* 5:89 gee die boetedoening (expiation) vir 'n eed: voedsel vir tien arm mense ens. of drie dae vas.

**Beloftes in Islam**

Wat van 'n gewone belofte? Die nakoming van ooreenkomste en ede is in wese dieselfde as om 'n belofte te hou. Dit word egter afsonderlik behandel in die Hadis. Die samesteller van die Al-Hadis, Karim (1998(Vol.1):470) sê in verband daarmee:

> *"Alle (Moslem) geleerdes is egter eenstemmig dat in onwettige dinge kan 'n belofte wettiglik verbreek word sonder om skuldig te wees aan sonde."*

Die argument hierbo in verband met onwettige verdrae en ooreenkomste is ook hier van toepassing. Die vraag is egter: "weet 'n Moslem nie wanneer hy 'n onwettige belofte maak nie, of 'n belofte maak oor 'n onwettige ding nie?" Indien hy wel weet, het hy dan toestemming om wetende so 'n ongeldige belofte te maak?

Uit die volgende uitspraak van die profeet Mohammed is dit duidelik dat hy nie eers omgee of die belofte onwettig is nie, as jy nie meer lus is daarvoor nie is dit ook maar reg: Al-Hadis (Karim, 1998:4:213(Vol.1):472):

> "*die Heilige Profeet het gesê: Wanneer 'n man 'n belofte maak aan sy broer en die bedoeling het om dit na te kom, maar dit nie nakom nie, en ook nie op die afgesproke tyd opdaag nie, daar is geen sonde teen hom nie.*"

Om 'n belofte te maak en dit nie na te kom nie is gelykstaande aan 'n leuen. Daarom laat hierdie dinge 'n mens wonder hoe belangrik dit in Islam is om die waarheid te praat. Oor die algemeen word van die Moslem verwag om die waarheid te praat, maar soos in die geval van ooreenkomste, ede en beloftes is daar tog ook uitsonderings.

> Al-Hadis (Karim, 1998:4:201(Vol.1):465): *"sy het gesê: Ek het nie gehoor dat hy (Sy het bedoel die Heilige Profeet) toestemming gee dat mense onwaarhede kan praat nie behalwe in drie dinge – oorlog, om vrede tussen manne te herstel en in die gesprek van 'n man met sy vrou en in die gesprek van 'n vrou met haar man."*

> Al-Hadis (Karim, 1998:4:208(Vol.1):467): *"die Boodskapper van Allah het gesê: Onwaarheid is nie wettig nie behalwe in drie dinge: onwaarheid van 'n man teenoor sy vrou om haar gelukkig te maak, onwaarheid in oorlog, en onwaarheid ten einde vrede tussen manne te bewerkstellig."*

Soos vroeër aangetoon, verwag Allah dat sy boodskapper, Mohammed, gehoorsaam moet word. Wanneer Mohammed dus toestemming gee dat in sekere omstandighede leuens vertel kan word, is dit so goed of Allah gee self die toestemming. *Jihad*, wat 'n 'heilige oorlog' is, word waarskynlik hierby ingesluit, wat beteken dat die redes waar leuens toegelaat word redelik wyd is.

In die lig hiervan kan 'n mens nie help om te wonder watter nut en sin enige vredesonderhandelinge met Moslems het nie. Daar is altyd vir die Moslem 'n 'wettige' uitkomkans uit 'n ooreenkoms, onderneming of belofte. As dit volgens die Quran nie onwettige ooreenkomste was nie, kan die feit dat dit 'n oorlog situasie is die Moslem vrystel van sy verpligting. Anders kan hy vier maande wag, tien mense kos gee, of drie dae lank vas. Uitkomkans sal daar altyd wees.

'n Mens kry Israel jammer, wat tans poog om met die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO) van Yasser Arafat te onderhandel vir vrede. Mag God hulle van sulke ooreenkomste bewaar. Afgesien daarvan dat so 'n ooreenkoms totaal nutteloos is, wonder 'n mens hoe gevaarlik dit kan wees vir Israel.

Ons het reeds gesien 'n Moslem het geen keuse nie. Hy moet ter wille van *Jihad* gewelddadig wees as hy getrou aan Allah se opdragte wil wees. Hy mag egter daaroor lieg, met toestemming van sy God. Hy kan byvoorbeeld voorgee om vredeliewend te wees, en dat Islam 'n vredeliewende godsdiens is, al weet hy dit is nie waar nie. Oorlog is een van die drie uitsonderings in verband waarmee 'n Moslem mag lieg, en hier gaan dit oor (heilige) oorlog, waarmee 'n Moslem altyd besig is solank daar nie-Moslems is.

### In die Bybel

Vir die God van die Bybel is die verbreking van 'n verbond (ooreenkoms), 'n eed of 'n gelofte (vow) sonder uitsondering sonde, want dit is bedrieglik en bedrieglike optrede is niks anders as liefdelose optrede nie. In die Bybel is daar talle voorbeelde van verbonde, nie alleen tussen God en mense nie, maar ook tussen mense. Geen voorsiening word gemaak om 'n verbond sondeloos te verbreek nie. Al wanneer een party vrygestel word van sy verpligting ten opsigte van 'n verbond is wanneer die ander party die verbond reeds verbreek het.

Niemand word toegelaat om 'n vals eed af te lê nie: Levitikus 19:12 en Mattheus 5: 33:

> *"Jy mag nie vals sweer nie,"*.

Jahweh sê verder vir sy volk, Israel, in Sagaria 8:16-17:

> *"Wat julle moet doen, is dit: Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak sodat daar vrede onder julle kan wees. Moenie bose planne teen mekaar bedink nie, moenie vals ede bly aflê nie. Ek haat sulke dinge, sê die Here."* (NAV)

So belangrik is waarheid en vrede vir Jahweh dat hy in 'n volgende vers (19) vir sy volk belowe dat hulle vasdae vrolike feestye van blydskap en vreugde sal wees op die volgende voorwaarde:

> *"maar julle moet die waarheid en die vrede liefhê."* (OAV)

Die God van die Bybel is die God van waarheid en in Hom is daar geen valsheid nie. Jesus is volgens Johannes 16:6:

> *"... die weg en die waarheid en die lewe;"*

In die waarheid is daar geen plek vir die leuen nie en daarom verbied die Bybel dan ook leuens (onwaarhede). Levitikus 19:11:

> *"Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, en julle mag die een die ander nie bedrieg nie."* Spreuke 19:9 sê: *"'n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, kom om."*

Kolossense 3:9 sê:

> *"Lieg nie vir mekaar nie,"*.

Vir die sondaars, insluitende leuenaars, is daar die volgende waarskuwing in die Bybel in Openbaring 21:8:

> *"Maar ... moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die <u>leuenaars</u> – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel:"*

Hierdie geld vir almal wat hulle nie tot God bekeer het nie, wat nie vir Jesus as verlosser aangeneem het nie en wat volhard in hulle sonde.

## 13. Buit, belastings en ander voordele vir Islam

Allah is so tevrede met die mense wat trou gesweer het aan Mohammed in *Sura* 48:18 dat hy aan hulle baie oorlogsbuit belowe in vers 20. Die Afrikaanse vertaling sê dat Allah aan hulle 'wins' belowe het, maar Al-Bukhari vertaal dit as volg in Engels: *"Allah has promised you much booty which you will capture"* Pickthall (1997:371) se Engelse vertaling stem ooreen hiermee terwyl Ali (2000:470) se Engelse vertaling dit ook 'gains acquire' maak in stede van 'booty capture'

Hoewel dit in die geskiedenis eintlik algemene gebruik was dat oorwinnaars in 'n oorlog beslag gelê het op oorlogsbuit, en selfs ook die geval was in die Bybel, is Moslems van mening dat dit eintlik onwettig was, maar dat Allah 'n uitsondering gemaak het deur dit vir hulle wettig te maak. Mohammed verduidelik dit as volg in die Hadis.

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:142(Vol.2):407): *"die Boodskapper van Allah het gesê: Bui*t (deur oorlog en plundering) *was voor ons, vir niemand wettig nie. Dit was omdat Allah ons swakheid en hulpeloosheid gesien het, daarom het hy dit vir ons wettig gemaak."*

> Al-Hadis (Karim, 1998:23:157(Vol.1):415): *"die Profeet het gesê: Allah het aan my mense meerderwaardigheid* ( superiority) *gegee oor al die nasies, en hy het dit wat ons buit wettig gemaak vir ons."*

Dit is duidelik 'n verdere aansporing tot *Jihad*. Watter soort God verander sy wette sommer so links en regs om by omstandighede te pas? Anders as Allah wat sy wette na willekeur kan verander en verskillende maatstawwe vir verskillende persone het kan die God van die Bybel se wet van die liefde nie verander nie, en God kan ook geen uitsonderings maak sonder om sy regverdigheid in te boet nie. Daarom doen Hy dit ook nie.

> Efesiërs 6:9 sê: *".. by Hom (is) geen aanneming van die persoon nie."* (Ou Afrikaanse Vertaling) Of: *".. Hy trek niemand voor nie."* (Nuwe Afrikaanse Vertaling)

Allah het egter 'n ander stel reëls vir Moslems, en veral diegene wat vir hom veg. Mohammed self het blykbaar toestemming gehad om wette te verander. Al-Bukhari (Khan, 1987(Vol.9):343) sê die volgende:

> *"Enigiets wat deur die Profeet verbied is, is wettiglik verbode tensy daar bewys is dat dit later gewettig is."*

Daar was voorskrifte hoe die buit verdeel moes word. Allah en Sy Boodskapper (Mohammed) kry een vyfde en die res kan die vegter hou. Dit word deur die Quran self voorgeskryf:

> *Sura* 8:41: *"En weet dat 'n vyfde van wat julle in die geveg buit, moet gaan aan Allah en die Boodskapper* (Mohammed)*,"*

Dit sal interessant wees om te weet hoe Moslems na Mohammed se dood hierdie opdrag van Allah in die Quran interpreteer en in die praktyk toepas.

Wanneer Islam die oorhand kry in 'n land, is almal veronderstel om Islam as geloof te aanvaar. Diegene wat dit nie doen nie en dit oorleef, word verplig om 'n spesiale soort belasting, genoem *Jizya*, te betaal. Dit het reeds ter sprake gekom toe *Sura* 9:29 in die vorige afdeling bespreek is, dit sê:

> *Sura* 9:29: *"Beveg hulle wat nie in Allah en aan die Laaste Dag glo nie, en nie verbied wat Allah en Sy Boodskapper verbied het nie, en nie die godsdiens van die Waarheid navolg nie – onder diegene aan die wie die Boek vroeër gegee is* (Jode en Christene, wat die Bybel ontvang het) – *totdat hulle die belasting ter erkentenis van voorrang betaal en hulle onderdanig is"* Die laaste gedeelte in Engels lui as volg: *"Until they pay the Jizya with willing submission."*.

*Jizya* is 'n vorm van belasting, soos wat die Afrikaanse vertaling dit dan ook noem, wat as 'n vergoeding betaalbaar is deur nie-Moslems [genoem zimmis ook gespel Dhimmi(s)] aan 'n Moslem owerheid. In sy voetnota by die woord Jizya, in sy vertaling van die Quran, sê Ali (1946:447):

> *"die grondbetekenis is vergoeding (compensation). ... dit is 'n hoofbelasting wat gevorder word van die wat nie Islam aanvaar nie."*

Dit is egter nie al nie. Daar is nog 'n vorm van voordeel vir Islam uit nie-Moslems wat in onderwerping aan Islam lewe. Dit word genoem *Fai Property*. Die samesteller van die Al-Hadis (Karim, 1998(Vol.2):429) beskryf dit as volg:

> *"'Fai' is besittings van ongelowiges* (nie-Moslems) *wat die Moslems se eiendom word sonder oorlog."*

Hy maak nie duidelik hoe dit bekom word nie, maar die volgende aanhaling uit die Hadis gee 'n goeie aanduiding:

> AL-Hadis 23:200 (Vol. 2 bl.437) *"Ogbal-b-A'mer het gerapporteer: Ek het gevra: O Boodskapper van Allah, ons het by mense gekom wat ons nie ontvang het nie, en ook nie hulle belasting (fai) noukeurig oorhandig het nie, en ons het ook niks van hulle afgevat nie. Die Profeet het toe gesê: As hulle dit vir julle nodig maak om dit met geweld af te neem, doen dit."*

Sal dit die lot wees van oorlewende nie-Moslems indien Islam suksesvol is in hulle strewe na wêreld oorheersing?

## 14. Islam, Israel en Geweld

Toe God Abra(ha)m roep uit Ur, gee Hy aan hom die volgende belofte in Genesis 17:8:

> *"En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees."*

In Genesis 48:4 herhaal God hierdie belofte:

> *"Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou nageslag ná jou hierdie land as ewige besitting gee."*

Hierdie belofte van God aan Abraham van die land as 'n ewige besitting, is die belofte aan sy afstammelinge deur sy seun Isak by sy vrou Sara. Dit word bevestig deur Genesis 25: 5, 6:

> *"En Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het, maar aan die seuns van die byvroue van Abraham het Abraham geskenke gegee en hulle, nog by sy lewe, van sy seun Isak af oos laat wegtrek, na die Oosland."*

Die Quran stem eintlik hiermee saam as hy van die Israeliete en die heilige land sê, in *Sura* 5:20,21:

> *"En toe Moses aan sy volk gesê het: O my volk, dink aan die guns van Allah en hoe hy profete onder julle verwek, en van julle konings gemaak het, en aan julle gegee het wat hy aan geen ander volk gegee het nie. O my volk, betree die heilige land wat Allah vir julle bestem het ..."*

Ten spyte van hierdie en heelwat ander erkennings in die Quran dat Israel die uitverkore volk van God is, leer Islam dat Israel verwerp is as volk van God en dat Islam nou die uitverkorenes van God (Allah) is. Die Quran leer dat die Israeliete as uitverkorenes deur "*Allah … oor hul ongeloof vervloek*" is (*Sura* 2:88,89). Daarom glo hulle ook dat die Jode geen bestaansreg meer het nie. Die blote bestaan van die Joodse staat van Israel, bring die geloofwaardigheid van die Quran in gedrang, en daarom is dit vir Islam so 'n dringende saak dat Israel as staat en die Jode van die aardbol moet verdwyn.

Hierdie haat teen Israel word aangevuur in die Quran, waar daar heelwat haatspraak teen die Jode voorkom. *Sura* 5:13 is 'n voorbeeld daarvan:

> *"Maar weens hul skending van die verbond het Ons* (Allah) *hulle vervloek en hulle harte verhard. Hulle ruk woorde uit verband en vergeet 'n deel van die vermaninge teen hulle. Op enkeles na sal julle hulle altyd verraderlik vind."*

Daar word beweer dat die Jode die Quran van God ontvang het, maar dat dit verdraai is en dat die Bybel 'n verdraaiing van die Quran is. Dit is natuurlik absoluut vergesog en totaal onwaar, aangesien die Quran, behalwe vir verdraaide uittreksels uit die geskiedenis van Israel, vanaf Abraham tot by Jesus, hoofsaaklik handel oor gevegte, veldslae en twiste waarby Mohammed en sy volgelinge betrokke was. Verder bestaan dit uit dreigemente van teëspoed en ellende wat nie-Moslems gaan tref en die genot wat Moslems wat vir die ‘Paradys’ gaan kwalifiseer, te beurt gaan val. Die grootste deel van wat in die Quran geskrywe is, het nog nie eers plaasgevind toe God sy openbaringe aan die geïnspireerde skrywers van die Bybel bekendgemaak het nie.

Dit is dus te verstane dat die sogenaamde Moslem-ekstremiste hulleself die reg veroorloof om as deel van hulle heilige oorlog, terroristiese dade teen die VSA te pleeg weens laasgenoemde se hulp aan Israel. Luister 'n mens na die uitsprake van die meer ‘gematigde’ Moslems dan word dit gou duidelik dat, hoe diplomaties en taktvol hulle dit ook al stel, hulle simpatie by die ekstremiste lê, en dat hulle ook Amerika se hulp aan Israel as die groot probleem beskou.

Israel moet uit die weg geruim word ten alle koste en dit is nie nuut nie. Mohammed het reeds die volgende oor hierdie saak gesê:

> In Al-Hadis (Karim, 1998:39:35(Vol.4):25) sê Mohammed in verband met die laaste dae: *“Voor die Uur aanbreek sal die Moslems die Jode beveg, en die Moslems sal hulle doodmaak, soveel so dat die Jode skuiling sal soek agter klippe en bome, en die klippe en die bome sal uitroep: ‘O Moslem! Hier is 'n Jood agter my, so kom en maak hom dood, behalwe vir die ‘garqad’ boom, want dit is die boom van die Jode.”*

Hoewel Israel ‘n piepklein staatjie is met minder as 1% van die grondgebied wat sy Arabiese (Moslem) bure het, en ‘n Joodse bevolking wat nog kleiner is in verhouding met hulle Arabiese bure, moes hy sedert sy moderne ontstaan in 1948 die woede en aanslae van sy Arabiese (Moslem) bure verduur, en het hy dit tot dusver suksesvol gedoen. Die verleentheid wat Israel se sukses vir Islam is, vererger net die probleem.

Hoe waar is dit nie wat Weldon en Ankerberg (1991:8) geskryf het nie:

> *“Millions of Muslims are standing shoulder to shoulder against their perceived enemies – Israel and, more and more, America for its support of Israel. Even though most Muslims are not now militant, calls are increasingly heard throughout the Muslim world for Islamic unification and the waging of war against those it considers its enemies. Who can tell what the future will bring?”*

En wat het die ‘toekoms’ toe nie alles gebring nie, veral in die lig van al die selfmoordbomme en ander terroristiese dade wêreldwyd, insluitende die vernietiging van die Wêreld Handel Sentrum in Amerika op 11 September 2001? Die vraag kan weer gevra word: ‘wat lê nog voor?’

## 15. Jesus en Mohammed

Volgens die Quran sê Mohammed dat Jesus Christus slegs 'n profeet is soos hy. Hy stel homself egter bokant Jesus, want hy sê dat hy self die finale profeet met die finale openbaring van God is. 'n Vergelyking van enkele aspekte uit die aardse lewens en persoonlikhede van hierdie twee persone behoort die eerlike soeker na waarheid gou tot die besef te bring dat daar eintlik geen vergelyking is nie. Net soos Satan homself aan God wou gelykstel en selfs bo God wou verhef, sonder sukses, is daar niemand anders wat homself suksesvol gelyk kan stel of kan verhef bo Jesus Christus nie.

Die Quran en die Hadis erken Jesus se maagdelike geboorte en dat Hy wonderwerke gedoen het:

> *Sura* 3:46: *"Toe het sy (Maria) gesê: My Heer, hoe sal ek dan 'n seun hê as geen man by my ingaan nie? Ook so skep Allah wat Hy wil. Wanneer Hy iets beslis sê Hy slegs: Wees, en dit word."*

Die Quran ontken dat Jesus gekruisig is en beweer dat Hy lewend in die hemel opgeneem is. Die Hadis sluit hierby aan en beweer dat Hy tans, na 2000 jaar, nog lewe in die hemel, dat Hy in die laaste dae sal terugkeer aarde toe, dat Hy dan die Antichris (*Dajjal*) sal onderwerp en hom doodmaak, Islam as geloof op aarde sal vestig en dan sal sterf..

Is dit nie vreemd dat iemand wat volgens Islam nie so 'n groot profeet soos Mohammed was nie, nog na 2000 jaar leef terwyl Mohammed dood is, en dat hierdie 'minderbelangrike Profeet' sal terugkom om Islam te vestig? Die feit dat Jesus na 2000 jaar volgens Islam nog lewe terwyl die sogenaamde 'laaste profeet' (Mohammed) in 632 n.C. dood en begrawe is, word nie verduidelik nie. *Sura* 4:157:

> *" .. en hulle het hom nie gedood nie, en ook nie tot die dood toe gekruisig nie, maar dit het vir hulle gelyk of dit so is."*

(Ali, 2000:80) se vertaling van die laaste gedeelte van vers 157 en 158 is as volg:

> *"They killed him not:- Nay, God raised him up unto Himself;"*

Die samesteller van die Al-Hadis, Karim (1998(Vol.4):50,79), skryf onder die opskrif: *'Groter tekens voor die Uur' (Greater signs before the Hour)* op bl. 50 van Vol. 4 die volgende:

> *"Dan sal Jesus wat tans in die hemel lewe, neerdaal uit die hemel en Dajjal met sy eie hand doodmaak."* waarna Hy dan sal sterf, volgens bl. 79.

Dajjal is 'n raaiselagtige wese, (waarskynlik die Antichris volgens Moslem tradisie) wat blykbaar ook reeds meer as 1 400 jaar leef. Hy word as volg beskryf deur Karim (1998(Vol.4):51,77) in die Al-Hadis:

> *"Dajjal het gelewe of is ten minste gebore in die tyd van die Heilige Profeet. Hy sal eers doodgaan wanneer hy deur Jesus doodgemaak sal word, in die tussentyd word hy aangehou in sterk yster kettings."*

Waar hy gehou word is onbekend (aan skrywer). Aan sy verdere beskrywing klink hy soos iets uit *Star Wars* of ander soortgelyke okkultiese fiksie. Selfs sy pa word beskryf as lank met 'n lang neus en sy ma as vet met lang hande. Dit is egter nie duidelik hoekom hy so vreesaanjaend is nie, behalwe vir die feit dat hy in die laaste dae blykbaar vrygelaat sal word, dat hy buitensporig groot is *("daar is 'n afstand van 70 el tussen sy oë")* en dat hy gevolg sal word deur 70 000 Jode *"met hoede of swart hooftooisels."*

As gevolg van hierdie ooglopende verdraaiing van die feite in verband met Jesus se koms na die aarde, besef Moslems nie dat Jesus ook vir hulle verlossing van sonde en versoening met God bewerkstellig het nie. As hulle dit net wil glo en aanvaar. Dit word egter vir hulle byna onmoontlik gemaak deur die swaar straf vir afvalligheid, soos wat reeds aangetoon is.

Moslem boeke praat van die Antichris sonder om te verduidelik wie en wat hy is. Die Bybel praat ook van die Antichris. In 1 Johannes 2:22 is dit duidelik dat die Antichris die leuenaar is wat ontken dat Jesus die Christus is, die gesalfde van God, wat gekom het om die sonde van die wêreld weg te neem. Daar staan geskryf:

> *"Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën."*.

Volgens die Bybel het Jesus, as die Seun van God, in die vlees na die aarde gekom om die prys vir die mens se sondeskuld te betaal, en die mens met God te versoen. Efesiërs 1:7:

> *"In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade."*

Hy het egter nie net gekom om 'n mens van die gevolge van sonde te verlos nie, maar ook van sonde self. Romeine 6:11:

*"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, ons Here."*

Vervolgens sê vers 14:

*"Want die sonde sal oor julle nie heers nie;"*

Jesus kom in nederigheid na die aarde om te dien en nie om gedien te word nie. Die liefde van God word duidelik uit alles wat Hy leer en sy optrede bevestig hierdie liefde van Hom. Jesus was sondeloos, en dit (Sy sondeloosheid) is niks anders as volmaakte liefde nie. Liefde is die vervulling van die wet en Hy het die wet kom vervul.

*"Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul."* (Romeine 13:8, OAV).

As sulks is Hy nie net liefdevol nie, maar Hy is liefde. Dit is nog 'n bewys dat Hy God is, want God is liefde.

Jesus se nederigheid en liefde blyk duidelik uit die volgende: In Mattheus 20:28 sê Jesus dat Hy

*".. nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."*

In Johannes 13:5 was Jesus sy dissipels se voete. Volgens Filippense 2:8:

*"... het Hy* (Jesus) *Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."*

In verband met nederigheid leer Jesus ook in Mattheus 18:4:

*"Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele."*

In teenstelling met Jesus se nederigheid word die volgende in die Hadis gelees, wat 'n aanduiding behoort te gee van hoe 'nederig' Mohammed was:

Al-Hadis (Karim, 1998:44:18(Vol.4):323): *"die Boodskapper van Allah het gesê: Ek sal die leier van die kinders van Adam wees op die Opstandingsdag en dit is nie grootpratery nie, en in my hand sal die banier van roem wees en dit is nie grootpratery nie, en daar sal in daardie dag geen Profeet wees, Adam of enigiemand anders wat nie onder my banier*

*sal wees nie, en ek sal die eerste wees wat uit die aarde sal voortkom en dit is nie grootpratery nie."*

Mohammed en Islam beskou Jesus Christus as 'n profeet. Volgens hierdie aanhaling sal Jesus dus onder Mohammed se banier wees. Daar is geen twyfel dat hy homself bokant Jesus stel nie.

Al-Hadis (Karim, 1998:44:21(Vol.4):325): *"die Profeet het gesê: Aan my sal gegee word 'n kleed uit die klere van die paradys. Dan sal ek staan aan die regterkant van die Troon. Daar sal niemand wees onder die skepsele behalwe ek wat daar sal staan nie."*

Hiervolgens kry Mohammed die ereplek aan die regterkant van die troon ten koste van Jesus. Volgens Islam se eie boeke leef Jesus nou in die hemel terwyl Mohammed dood is, maar hulle aanvaar dit dat Mohammed homself so bokant Jesus verhef.

Al-Hadis (Karim, 1998:44:23(Vol.4):326): *"die Heilige Profeet het gesê: Wanneer die Opstandingsdag aanbreek, sal ek die leier wees van die profete en ek sal vir hulle intree,"*

Mohammed: Jesus se leier?

Volgens die Bybel het Jesus geen sonde gedoen nie en Islam ontken dit nie. Dit skep vir Islam 'n probleem, want dit is duidelik dat Mohammed sonde gedoen het. Hoewel die Al-Hadis van Fazlul Karim daarop aanspraak maak dat Mohammed sondeloos was, word dit deur aanhalings uit Al-Bukhari se Hadis, sowel as die Quran, weerspreek. Al-Bukhari (Khan, 1987:319(Vol.8):213):

*"Ek het Allah se Boodskapper hoor sê: 'By Allah! Ek vra vergifnis van Allah en wend my tot Hom in berou meer as sewentig keer per dag."*

Hierdie is maar een van talle voorbeelde uit Al-Bukhari waar Mohammed by Allah om vergifnis gevra het vir sy sonde.

In die volgende aanhaling gaan dit ongetwyfeld oor Mohammed self.

*Sura* 48:1,2: *"Voorwaar, Ons* (Allah) *het aan u* (Mohammed*) 'n duidelike oorwinning verleen, sodat Allah u tekortkominge* ('faults' volgens Y Ali*) van die verlede en van die toekoms kan bedek* ('forgive' volgens Y Ali), *en dat Hy sy guns aan u kan volbring en u op die regte pad kan lei,"*

Dit is duidelik dat die oorwinning wat hy op die slagveld behaal het vir hom vergifnis vir vorige sowel as toekomstige ‘tekortkominge’ verwerf het. Onthou: in Islam kanselleer goeie dade sonde uit, en in hierdie geval was Mohammed se sukses op die slagveld genoeg om sy sonde te bedek. Dit is werklik 'n vertalingsprobleem as hy sondeloos was. As ‘tekortkominge’ nie sonde is nie, hoekom moet dit vergewe of bedek word? En hoekom moet 'n sondelose mens op die regte pad gelei word?

Soos reeds aangedui, is daar nie in die Quran 'n duidelike omskrywing van wat sonde is nie, wat dit baie moeilik maak om vas te stel of iemand sonde gedoen het. Uit Mohammed se tradisies (die Hadis), ook die wat hier aangehaal is, is daar egter heelwat dinge wat Mohammed gedoen het wat, volgens die Bybelse definisie, as sonde sou deurgaan.

Volgens die Bybel is oortreding van die wet sonde (1 Johannes 3:4 & Romeine 4:15). Die wet word saamgevat in die liefdesgebod (Mattheus 22:37-39 ea), soos reeds aangetoon**. Dit sou beteken dat alle liefdelose optrede sonde is**. Hierdie liefde is nie 'n emosie (gevoel) nie, maar 'n ingesteldheid om te alle tye welwillend (benevolent) op te tree teenoor God en jou naaste (almal met wie jy te doen kry). Liefde beteken dat jy nooit iets doen aan iemand wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie en dat jy altyd aan 'n ander doen wat jy in dieselfde omstandighede graag aan jouself gedoen sou wou hê.

Die liefdeloosheid van Mohammed se optrede, met ander woorde sy sonde (volgens die Bybelse definisie van sonde), is duidelik uit al die aanhalings uit die Hadis van die dinge wat hy sou gesê en gedoen het.

### Mohammed se vrouens

Jesus as Seun van God het nooit getrou tydens sy verblyf en werk hier op aarde nie, en Hy was sondeloos in alle opsigte. Mohammed het egter meer vrouens gehad as wat 'n Moslem volgens die Quran mag hê. Volgens *Sura* 4: 3 is vier die maksimum aantal vrouens wat 'n Moslem man mag hê. Gerieflikheidshalwe het die Quran Mohammed egter uitgesonder vir voorregte, sover dit vrouens betref, wat nie vir ander Moslems beskore was nie. Allah gee vir Mohammed spesiale toestemming in *Sura* 33: 50

> *"O Profeet, Ons* (Allah) *het u vroue vir u wettig gemaak aan wie u bruidskatte gegee het; en diegene van hulle wat u regterhand besit, wat Allah as oorlogsbuit aan u gegee het, en die dogters van u ooms van vaderskant, en die dogters van u tantes van vaderskant, en die dogters van u ooms aan moederskant, en die dogters van u tantes aan moederskant, wat met u gevlug het; en 'n* (volgens Engels: any) *gelowige*

*vrou, indien sy haarself aan die Profeet toevertrou, as die profeet begeer om met haar te trou; dit is slegs vir u en nie vir die gelowiges nie –"*

Mohammed het hierdie vergunning terdeë benut en vir homself heelwat vrouens geneem waarvan sommige nog kinders was toe hulle sy vrouens geword het. Oor die hoeveelheid vrouens wat hy gehad het verskil Moslem bronne. Al-Bukhari noem op een plek nege en op 'n ander plek elf. Dit was waarskynlik korrek maar op verskillende tye. Die volgende aanhalings uit Al-Bukhari werp heelwat lig op Mohammed se seksuele aptyt en bedrywighede: (Khan, 1987:268(Vol.1):165):

*"Anas bin Malik het gesê, 'Die Profeet besoek gewoonlik al sy vrouens in 'n rondte, gedurende die dag en aand en hulle is elf in getal.' Ek het vir Anas gevra, of die profeet die krag daarvoor het, Anas het geantwoord, 'Ons sê gewoonlik dat die Profeet die krag van dertig man het'."*

Volgens Al-Bukhari (Khan, 1987:6(Vol.7):5) het Anas as volg gerapporteer:

*"Die Profeet gaan gewoonlik rond by (hou seksuele gemeenskap met) al sy vrouens in een nag, en hy het nege vrouens."*

Die ouderdom van Mohammed se vrouens was ook nie vir hom belangrik nie. Een van sy vrouens was so jonk dat dit Mohammed in vandag se terme, en sonder Allah se spesiale goedkeuring, 'n pedofiel sou maak. Volgens (Khan, 1987:64(Vol.7):50): skryf Al-Bukhari in verband met Mohammed se huwelik met Aisha:

*"... dat die Profeet met haar 'n huwelikskontrak aangegaan het toe sy ses jaar oud was, en die huwelik het 'n aanvang geneem toe sy nege jaar oud was, en dat sy toe by hom gebly het vir nege jaar (d.i. tot sy dood)."*

(Khan,1987:88(Vol.7):65) gee dieselfde inligting. Oor Aisha, wat as kind Mohammed se vrou geword het, sê Karim (1998:27:28(Vol.2):636) as volg:

*"Aisha het gerapporteer dat die Boodskapper van Allah met haar getrou het toe sy sewe was. Sy was op die ouderdom nege na hom toe gestuur saam met haar speelgoed."*

In verband met Mohammed se aantal vrouens noem Karim (1998(Vol.4):478) die name van twaalf vrouens. Morey (1992:85-86) gee 'n naamlys van twee en twintig vrouens wat deur 'n ander Moslem geleerde, Ali Dashti, saamgestel is, waarvan sestien met Mohammed getroud was, twee was slawe wat hy as

vroue gehou het en vier was toegewyde Moslem vroue wat hulleself aan Mohammed oorgegee het ter wille van sy seksuele bevrediging.

Toe Mohammed met sy aangenome seun Zeid (Zaid) se vrou Zeinab (ook Zainab of Zaynab), wou trou en hulle onwillig was in verband daarmee, was daar nog 'n gerieflikheidsuitspraak van Allah in die Quran in *Sura* 33: 36-37:

> *"En dit betaam nie 'n gelowige man of 'n gelowige vrou, wanneer Allah en sy Boodskapper* (Mohammed) *oor 'n saak besluit het, dat daar nog vir hulle 'n keuse in die saak sal wees nie. En hy wat Allah en sy Boodskapper* (Mohammed) *nie gehoorsaam nie, het inderdaad 'n verkeerde koers ingeslaan. En toe u aan hom, aan wie Allah sowel as u guns bewys het, gesê het: Behou u vrou en kom u plig teenoor Allah na. En u het in u hart verberg wat Allah aan die lig wou laat kom; en u het die mense gevrees, terwyl Allah meer reg daarop het dat u hom sou vrees. En toe Zeid van haar geskei het, het Ons* (Allah) *haar as vrou aan u gegee, sodat daar vir die gelowiges geen beswaar meer sal wees ten opsigte van die vroue van aangenome seuns, nadat hulle geskei is. En die gebod van Allah moet uitgevoer word."*

Jesus het Homself geoffer om die mens met God te versoen, maar vir Mohammed het dit gegaan oor mag, eer, aansien en plesier. Mag die Here die leser wat nog nie gekies het nie se oë open dat hy kan onderskei tussen 'n vals profeet en die ware Verlosser.

## 16. Jesus, Seun van God?

Volgens die Bybel is Jesus gebore as gevolg van die bonatuurlike bevrugting van Maria, sy moeder, deur die werking van die Heilige Gees van God. Dit was dus nie 'n gewone bevrugting deur die fisiese samekoms tussen man en vrou nie, maar wel 'n wonderwerk deur die krag, wil en inisiatief van God. Dit wat in haar liggaam ontstaan het, het gebeur omdat God dit bonatuurlik so beskik het. Dit kan gelees word in Lukas 1: 30-35:

> *30 "En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.*
> *31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.*
> *32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,*
> *33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*
> *34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?*
> *35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word".* Sien ook Mattheus 1: 18-25.

Volgens die skeppingsverhaal van Genesis 1 het God alles geskep deur slegs te sê: 'laat dit daar wees' en die dinge wat Hy beveel het om daar te wees het ontstaan. God het dus gespreek en Maria was bonatuurlik bevrug.

Die Quran se verhaal in verband met Jesus se geboorte stem ooreen, want in *Sura* 3:46 staan daar:

> *"Toe het sy (Maria) gesê: My Heer, hoe sal ek dan 'n seun hê as geen man by my ingaan? Ook so skep Allah wat Hy wil. Wanneer Hy iets beslis, sê Hy slegs: Wees, en dit word."*

As Maria dan bonatuurlik deur God bevrug is met Jesus, wie kan Hy dan sy Vader noem? 'n Vader is tog nie net iemand wat fisies bevrug nie, maar ook die bewerker of veroorsaker (originator) van iets. As Jesus nie vir God, wat sy liggaamlike natuur deur sy bonatuurlike krag veroorsaak het, Vader kan noem nie, dan het Hy, volgens die Bybel sowel as die Quran, geen vader nie.

'n Mens wonder hoekom sou God die persoon, wie se geboorte Hy deur bonatuurlike bevrugting veroorsaak het, nie sy seun wil noem nie. Volgens die

Quran wil Allah nie die seun wat hy na bewering veroorsaak het, deur te sê; ‘wees’, sy seun noem nie. Hy ag Hom darem hoog genoeg dat hy Hom lewend in die hemel opgeneem het. In *Sura* 4:157 word gesê dat ‘die Messias, Jesus’ nie doodgemaak is nie, en in vers 158 staan daar: *"nee, Allah het hom*(Jesus) *in sy aanwesigheid verhewe."* Ali (2000:81) se Engelse vertaling is duideliker: *"No, Allah raised him* (Jesus) *up unto himself;"* So, volgens die Quran neem Allah vir Jesus lewend in die hemel op, en dit terwyl die laaste en finale profeet volgens die Quran, op die ouderdom van 62 dood en begrawe is, en nog nie weer sy verskyning gemaak het nie.

Soos in die vorige aanhaling verwys die Quran ook in *Sura* 4:171 na Jesus as ‘Die Messias’. ‘Messias’ is 'n Hebreeuse woord wat ‘gesalfde’ beteken (word ook vertaal as Christus of ‘Christ’ in die Engelse vertalings van die Quran). Dit beteken niks anders nie as dat Hy (Jesus) die gesalfde van God is vir die verlossingswerk wat Hy moes kom doen.

Die feit is dat Jesus, as Seun van God, die Woord is wat vlees geword het, en onder die mense kom woon het as Eniggeborene wat van die Vader kom; Johannes 1:14:

> *"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid."*

1 Johannes 2:22,23 bevestig dit wanneer hy sê:

> *" 22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. 23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie."*

Kan die Seun van God iets anders wees as 'n Goddelike wese, ten spyte van die menslikheid wat Hy van sy aardse moeder gekry het? Hoekom sal God 'n gewone mens soos Mohammed verhoog bokant sy Seun Jesus Christus, soos wat beweer word in die Quran en Hadis?

Islam is egter reg in die sin dat Allah nie Jesus se Vader is nie. Allah het niks met Jesus se geboorte te doen gehad nie, want Jesus is die Seun van die ware God, Jahweh, wat gekom het om die mense (wat dit wou glo en aanvaar) van sonde te verlos en met Hom te versoen.

## 17. Dieselfde God?

Kan Jahweh, die God van die Bybel en Allah, die God van die Quran dieselfde God wees? Uit die feite wat tot hiertoe bespreek is, is dit duidelik dat die God van die Bybel en Allah totaal uiteenlopende morele attribute of eienskappe het, wat dit bo alle twyfel behoort te stel dat die twee wesens onmoontlik dieselfde persoon kan wees.

Die Moslems glo vas dat hulle die ware God aanbid en dat Hy ook die God van die Christene en Jode is. Die feit dat iemand glo dat hy die ware God aanbid, maak dit nie die ware God nie. Indien dit so gewerk het, sou dit beteken het dat alle godsdienste die ware God aanbid, soos wat baie mense deesdae beweer. Die Bybel maak egter nie daarvoor voorsiening nie.

Koning Dawid van die Bybel, wat deur Islam as 'n profeet erken word, het volgens 2 Samuel 7:22 die volgende gesê:

> *"Daarom is U groot, HERE God! Want daar is niemand soos U, en daar is geen God behalwe U nie,".*

Die woord 'Here' in hierdie teks is in die oorspronklike taal Jahweh (of Jahwe), en so is daar baie tekste in die Bybel wat daarmee saamstem en sê dat Jahweh die enigste God is.

In die lig van die aanhalings en feite uit die heilige boeke van Islam en Christendom wat hier bespreek is, word dit aan die leser self oorgelaat om te besluit wie van die twee God is, en wie (of wat) die ander een is. Is dit die een wat liefde is, of is dit die een wat geweld en liefdeloosheid van sy volgelinge vereis? Die leser se besluit kan nie die waarheid verander nie, maar dit kan sy eie eindbestemming beïnvloed.

Om net 'n besluit te neem oor wie die ware God is, sal egter nie voldoende wees om die ewige lewe te beërf nie. Die regte besluit moet gevolg word deur bekering, sondebelydenis en totale oorgawe aan Jahweh, die ware God. Dit beteken wedergeboorte, wat 'n nuwe lewe in Christus is waar Hy regeer in die lewe van die nuwe gelowige. Dit is wat ware reddende geloof is.

Volgens die Bybel, in 1 Johannes 2:9-11 staan daar:

> *"Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel*

*in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het."*

Iemand wat haat is dus in die duisternis en die duisternis verblind sy oë. So iemand sal nooit die waarheid kan herken nie. Daarom is dit so belangrik dat 'n mens sal ophou haat sodat jy in staat kan wees om te sien en die regte besluite te neem.

Ware aanbidding is totale oorgawe aan God in Christus. Om die ware God, Jahweh, te aanbid is die enigste manier om uit te kom by ware liefde, want God is liefde. As gevolg van hierdie liefde vind ons daar ook vervulling, harmonie en vrede wat alle verstand te bowe gaan. Op geen ander manier kan hierdie dinge verkry word nie as deur aanbidding van die ware God. Wêreldse voorspoed en plesiere is tydelik en lei 'n mens eerder weg van 'n lewe van aanbidding as nader aan God. Daarom roep God die mens in die Bybel telkens op tot ware aanbidding. Die Psalm digter sê in Psalm 84:11:

*"Want 'n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan van die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid."*

Ware aanbidding is nie 'n doel in sigself nie, maar 'n middel tot die teenwoordigheid van God, sy Koninkryk, waar daar liefde, vrede en harmonie heers.

Vir Allah is die aanbidding van homself die einddoel van die mensdom. Hy sê in die Quran in *Sura* 51:56:

*"En ek het die djien* (geeste) *en die mense om geen ander rede geskape nie, as dat hulle My moet aanbid."*

As dit die enigste rede vir die mens se bestaan is, dan kan 'n mens verstaan waarom enige versuim om daaraan te voldoen glad nie geduld kan word nie, en waarom die straf in Islam, op aarde sowel as in die hiernamaals, volgens die Quran, so hewig is.

**Die regte antwoord is in die Bybel te vind**. Dit word nie verander deur die feit dat sommige dit nie wil glo nie.

## 18. Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat, hoewel alle 'Christene' nie altyd welwillend optree nie, dit waar is dat hoe meer toegewyd en oorgegee 'n persoon aan die God van die Bybel is, hoe meer liefdevol of welwillend word hy. Daarteenoor is dit in die geval van Islam net die teenoorgestelde. Hoe meer toegewyd 'n Moslem aan Islam is, hoe meer aggressief en geweldadig word hy. Allah verwag dit van hom.

Dit is alom bekend dat Christene in Moslem lande vervolg en doodgemaak word ter wille van hulle geloof (omdat hulle Christene is). Buitelandse Christene is in sommige van dié lande redelik veilig, solank hulle net nie probeer om mense te evangeliseer (oortuig) nie. Burgers van hierdie lande, wat hulle tot die Christendom bekeer, is egter glad nie veilig nie. Indien dit ontken word, sal dit nie net 'n leuen wees nie, maar 'n erkenning dat hulle die Quran en die Hadis se voorskrifte nie volg nie. Hulle moet maar self besluit watter een die ergste is, want 'n leuen is nie noodwendig 'n ernstige oortreding in Islam nie.

Christene word verhoor en tereggestel of sommer net vermoor vir 'afvalligheid van Islam'. Ter wille van Islam se openbare beeld word hierdie dinge nie aan die groot klok gehang nie. In gevalle waar daar internasionale belangstelling is, word hoë profiel Christene se 'vermoorde' lyke ontdek en geen haan kraai weer daarna nie.

Een van talle voorbeelde is die geval van Mehdi Dibaj, 'n Iranse Christen leier wat na 9 jaar in aanhouding, in 1993 skuldig bevind is aan 'afvalligheid van Islam' en ter dood veroordeel is. As gevolg van publisiteit is dit deur die regering ontken en is hy in Januarie 1994 onverwags vrygelaat. Drie dae later het Iranse Biskop Haik Hovsepian-Mehr, wat verantwoordelik was vir die publisiteit rondom die Dibaj geval, spoorloos verdwyn en 11 dae later het staatsamptenare sy familie gekontak en 'n foto van sy lyk gebruik om hom te identifiseer. Vyf maande later is Dibaj se lyk in 'n bos ontdek met tou merke om sy nek wat daarop dui dat hy gehang is. (Estabrooks, 1996:54-56). Sendingorganisasies berig dat duisende sulke en erger gevalle op 'n gereelde grondslag plaasvind.

In Westerse lande, wat oorwegend 'Christelik' van aard is, is daar godsdiensvryheid en kan Moslems hulle godsdiens vryelik, sonder enige verhindering, beoefen. Islam maak misbruik van hierdie godsdiensvryheid. Hulle gebruik hulle vryheid, wat Christene en ander gelowe nie in Moslem lande het nie, om te strewe na (veg vir) 'vrede' waar almal aan Allah onderwerp is.

Indien Islam dan ‘vrede’ beteken, wil dit voorkom of vrede net beskore is vir iemand wat in Islam is. Buite Islam is daar moeilikheid. As jy Islam nie aanvaar nie is jy 'n aggressor teen wie Islam die reg het om *Jihad* (heilige oorlog) te voer, sodat vrede met geweld gehandhaaf kan word, soos reeds vroeër aangetoon. Islam strewe ook na vrede met ander godsdienste. Sodra hierdie godsdiensgroepe Islam as godsdiens aanvaar is daar vrede. Solank hulle Islam nog nie aanvaar het nie, strewe Islam nog na vrede. Hierdie strewe is niks anders as *Jihad* (heilige oorlog) nie.

Hierdie feite kan egter maklik by 'n mens gedagtes van wrewel, woede en haat laat ontstaan. As hierdie boekie so 'n reaksie ontlok het, het dit nie in sy doel geslaag nie. Nie-Moslems het egter voldoende rede om bedreig te voel. Dit word 'n Christen nie toegelaat om enigiemand te haat nie, maar behoort almal, selfs sy vyand, lief te hê. Hierdie is dus 'n toets vir die Christenskap van elkeen wat homself 'n Christen noem. Maklik sal dit nie wees nie, want hierdie emosies van wrewel, woede en haat is natuurlike reaksies vir enige mens wat self in beheer van sy lewe is. Wanneer 'n mens egter volkome aan God oorgegee is, is jy onder beheer of leiding van sy Heilige Gees en stel Hy jou in staat om liefdevol (welwillend) op te tree teenoor almal.

Die Christen moet God vertrou om hom in elke situasie die wysheid te gee vir optrede wat tot God se eer sal wees en tot voordeel van jou naaste, insluitend jou vyand. Onthou, ferm optrede kan ook goed wees vir iemand. Dink maar aan 'n kind wat gedissiplineer moet word. Dissiplinering moet egter in liefde geskied en tot voordeel van die persoon of groep teen wie opgetree word.

Waar die individu 'n duidelike opdrag in die Nuwe Testament het om die ander wang te draai en nie by geweld betrokke te raak nie, het die regering die taak om orde en reg te handhaaf tot voordeel van sy burgers.

> *“Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat die wat kwaad doen, moet straf, maar die wat goed doen, moet prys.”* (1 Petrus 2:13,14, NAV)

Mag God hulle wysheid gee.

Die antwoord lê nie in twis en tweedrag nie, maar in gebed en vertroue op God.

> *“Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die*

> *mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word."* (2 Korintiërs 10:3-5 Nuwe Afrikaanse Vertaling)

Mag God elke Moslem wat hierdie boekie lees se hart versag dat hy of sy, ten spyte van dinge wat dalk mag seermaak of aanstoot gee, tot hier sal lees en ontvanklik sal wees. As hy haat uit sy hart weer en met 'n opregte hart na die waarheid van God soek, sal God sy hart en verstand verlig sodat hy die waarheid sal kan sien. Die prys vir 'n Moslem wat tot geloof in Christus kom is baie hoog, want die vervolging is hewig. Wat Westerlinge nie altyd besef nie is dat, hoewel Jesus se verlossingswerk gratis is en deur geloof alleen verkry word, die prys van dissipelskap van Jesus net so groot is. 'n Mens moet sterf – aan jouself. Lees weer Lukas 9:23 en vra die Here om dit aan u duidelik te maak. Jesus sê daar, volgens die Ou Afrikaanse Vertaling:

> *"As iemand agter My aan wil kom* (d.w.s. My dissipel wil wees)*, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg."*

## Aanhangsel A.

## Hoekom is dit nodig om 'n Christen word?

Jahweh, die God van die Bybel (wat in hierdie boekie aan u voorgehou is), is 'n God van liefde wat nie wil hê dat enigiemand, insluitende u, verlore moet gaan nie; 1 Timoteus 2:3,4:

> ***“Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”***

Om 'n Christen te word is, volgens die Bybel, die enigste manier om gered te word. Gered beteken om met God versoen te word sodat ek in die ewige lewe saam met Hom sal wees in heerlikheid. Die Bybel sê hiervan:

- Johannes. 6:47: ***"Voorwaar, voorwaar ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."*** (OAV)
- Handelinge. 16:31: ***"Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, …"*** (OAV)
- Efesiërs. 1:7: ***"In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, …"*** (OAV)
- Johannes. 3:16: ***"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*** (NAV)
- Rom 10:9-10 ***"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."*** (OAV)

Geen goeie dade kan my red nie. Die Bybel sê hiervan:

- Romeine 3:23: ***"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,"*** (OAV)
- Prediker. 7:20: ***"Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie."*** (NAV)
- 1 Johannes. 1:8: ***"As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie."*** (NAV)
- Jesaja. 53:6: ***"Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom."*** (OAV)

Wat is sonde? Die Bybel sê hiervan:

- 1 Johannes. 3:4: ***"Elkeen wat sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid."*** (OAV)

Volgens die Bybel, soos reeds aangetoon, is die wet liefde. Alle liefdelose optrede is dus 'n oortreding van die wet, met ander woorde, sonde. 'n Mens moet God liefhê bo alles. Dit beteken dat enige optrede wat tot nadeel van

God se koninkryk of eer is, liefdeloos en dus sonde is. Ons kan dus ook sê: liefde teenoor God is om nooit iets te doen wat tot sy nadeel of sy oneer is nie. Liefde teenoor my medemens is om nooit aan iemand iets te doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie, en om altyd aan 'n ander te doen wat jy in dieselfde omstandighede aan jouself gedoen wil hê.

Hoekom moet ek die Bybel glo? Niemand kan verplig word om die Bybel te glo nie, maar as 'n mens die volgende feite in aanmerking neem sou 'n mens verwag dat elke intelligente persoon ten minste ernstige oorweging sal gee aan die inhoud van die Bybel en dit nader sal ondersoek:

- Oor 'n tydperk van 1 500 jaar het meer as 40 skrywers, (waaronder vissermanne, herders, konings, dokters, ens.), in drie kontinente, (Asië, Afrika en Europa) in drie verskillende tale, (Hebreeus, Aramees en Grieks) oor honderde potensieel kontroversiële sake, die openbaring van God aan die mens in 66 boeke opgeskryf, sonder om mekaar te weerspreek, en in perfekte harmonie.
- Deur die eeue was kritici se pogings om die geloofwaardigheid van die Bybel af te breek onsuksesvol. Baie bewerings oor die korrupsie en verdraaiing van die Bybel word gemaak, maar geen bewyse kan voorgelê word nie.
- Argeologiese opgrawings kon niks in die Bybel as vals bewys nie. Inteendeel het dit skeptici telkens verkeerd bewys en die Bybel as waar. Daar was byvoorbeeld aanvanklik geen argeologiese bewys vir die bestaan van die Hetiete as 'n volk in Kanaän nie. Skeptici het dit aangegryp as sou dit bewys wees dat die Bybel onbetroubaar is. Tot hulle ontsteltenis het argeologiese bewyse egter begin instroom en is daar tans in Ankara, Turkye, 'n hele museum wat uitsluitlik gewy is aan die Hetiete. Dit is maar een van talle voorbeelde. As gevolg van die betroubaarheid van die argeologiese rekord van die Bybel word die Bybel vandag deur sommige argeoloë gebruik om antieke stede op te spoor.
- Die profetiese rekord van die Bybel is onberispelik. 'n Groot hoeveelheid profesieë oor nasies en mense is in die Bybel gemaak, en alles wat reeds vervul moes word is presies so vervul, insluitende al die profesieë oor die eerste koms van Jesus. Daarom is dit seker dat alle profesieë wat volgens die Bybel nog in vervulling moet gaan, presies so vervul sal word.
- Die Bybel het miljoene mense in kontak gebring met die lewende God wat hulle lewens, vir ewig, onherroeplik verander het. Hulle ervaar die blydskap en vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, selfs in die haglikste omstandighede en te midde van ernstige vervolging.

Bron: (Hunt, 1996 & McDowel, 1979)

## Aanhangsel B.

## Wat is 'n Christen?

Daar is 'n verskeidenheid betekenisse wat aan die woord ‘Christen’ gekoppel word. Sommige mense beskou hulleself as Christene, en word ook deur andere as Christene beskou wanneer hulle name op die lidmate lys van 'n Christelike denominasie is, ongeag of hulle 'n persoonlike kennis van, en verhouding met die lewende Christus het , en ongeag hulle betrokkenheid en verdere verhouding met die denominasie (kerk). Ander mense word weer as Christene beskou omdat hulle sekere tradisionele Christelike gebruike soos Kersfees of Goeie Vrydag vier. Sommige mense dink dat as hulle 'n gebed gebid het, waarin hulle Jesus as persoonlike verlosser aangeneem het, hulle Christene is, ongeag die soort lewe wat hulle daarna lei. Daar is andere wat dink dat as hulle gereeld kerk toe gaan, nie te veel sondig nie, ordentlike lewens lei, en baie goeie dade doen (soos om te gee aan die kerk en minderbevoorregtes), sonder 'n persoonlike verhouding met Jesus, dan is hulle Christene.

Volgens die woordeboek is ‘Christen’ iemand wat die Christelike godsdiens bely of volg. Dit kan egter ook iemand wees wat as sulks geklassifiseer word, en hierdie klassifikasie kan geskied volgens 'n verskeidenheid van maatstawwe, soos onder andere hierbo genoem. Dit is dus moontlik dat mense as Christene geklassifiseer of beskou kan word sonder dat hulle dit werklik is. 'n Persoon kan selfs sê (bely) dat hy 'n Christen is sonder om werklik self te weet wat die vereistes vir Christenskap is.

Volgens die Bybelse definisie van ‘Christen’, wat ons in Hand.11:26 kry, word dissipels (van Jesus) Christene genoem, aldus die OAV en verskeie Engelse vertalings. Die NAV noem hulle ‘gelowiges’, wat in die konteks dan Christen-gelowiges beteken. Dissipel beteken volgeling, of leerling van - (gewoonlik Jesus). 'n Christen is dus 'n dissipel, volgeling of leerling van Jesus.

'n Meer Bybelse definisie vir die woord ‘Christen’ sal dus wees: ‘'n Ware volgeling en leerling van Jesus, wat deur Hom as sulks erken en aanvaar word’. Die een wat gevolg word (Jesus) is dus die een wat die vereistes van dissipelskap bepaal.

Jesus stel dit duidelik in Lukas 9:23: ***“As iemand agter My aan wil kom*** (My dissipel wil wees)***, moet hy homself verloën*** (sy eie belange nie meer bokant God stel nie) ***en sy kruis elke dag opneem*** (bereid wees om aan homself te sterf, soos wat Jesus self gedoen het toe Hy sy kruis opgeneem het) ***en My***

***volg*** (My dissipel wees)***."*** Sien onder andere ook Matthéus 16:24 en Markus 8:34.

'n Christen of dissipel van Jesus is dus iemand wat, op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus, totaal aan God oorgegee is, wat homself verloën en Christus volg, elke dag bereid is om aan homself te sterf (Lukas 9:23); wat dood is vir die wêreld en die sonde, maar lewe vir Christus (Romeine 6:2-14); sien vers 11: ***" So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here."***; wat as kind van God deur die Gees van God gelei word aldus Romeine 8:14: ***"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."***; en in wie se hart die liefde van God uitgestort is volgens Romeine 5:5: ***"... en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."***. In hierdie proses van verlossing kry God al die eer, want dit is sy werk. Selfs die vermoë om te glo en te kies is 'n geskenk van God; Sien Efesiërs 2:8, 9: ***"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*** Deur sy krag stel God ons in staat om hierdie dinge te doen en hierdie nuwe lewe te leef, sien Johannes 15:5: ***"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*** 'n Christen is iemand wat in heiligheid (totale toewyding aan God) lewe en nie meer sonde doen nie; 1 Johannes 3:6: ***"Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie."***

Word 'n mens dus deur jou dade 'n Christen? Nee, deur geloof alleen. Dit is egter 'n regte, 'n ware geloof wat oorgaan tot dade. Die apostel Jakobus skryf in 2:20: ***"Maar wil jy weet o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?"*** sien ook vers 26. Maar hoe word 'n mens dan 'n Christen?

## Aanhangsel C.

## Hoe om 'n Christen te word

In Handelinge 16:30 vra die tronkbewaarder aan Paulus en Silas: ***"Menere, wat moet ek doen om gered te word?*** 31) ***Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word,".*** Redding geskied slegs deur só in Jesus Christus te glo, dat jy totaal aan Hom oorgee, dit wil sê, 'n dissipel van Hom, of 'n Christen word. Dit word ook genoem weergeboorte, want dit is 'n nuwe geestelike lewe wat begin waar jy nie meer vir jouself leef nie maar vir God. Jy hoef ook nie meer sekere rituele na te kom nie want Hy plaas die begeerte om tot sy eer te leef in jou hart.

Jy neem die besluit en God voorsien die krag vir die uitvoering daarvan deur sy Heilige Gees. Onthou: jy kan slegs die besluit neem omdat Hy in sy groot genade vir elke mens die vermoë gegee het om 'n besluit te kan neem.

Ten einde in staat te wees om hierdie besluit te kan neem het elke mens 'n sekere basiese kennis nodig van die evangelie (goeie nuus) van Jesus. In hierdie boekie en veral in die aanhangsel A, is gepoog om genoeg inligting te gee sodat elke persoon voldoende rede het om 'n besluit te neem.

Wanneer 'n mens besef dat jy 'n verlore sondaar is en dat jou goeie dade jou nie kan red nie, maar dat Jesus vir jou die volle prys betaal het vir jou versoening met God en vir jou verlossing, is 'n diepe berou oor jou sonde onvermydelik. Dit is egter nie genoeg nie; 'n oorgawe is nodig. Johannes 1:12 sê: ***"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."***

Jy moet dus 'n besluit neem en jou besluit in gebed aan God bekend maak. Gebed is gesprek met die lewende God. Hy wil graag hê dat ons in gebed na Hom toe moet kom. Jakobus 4:8: ***"Nader tot God, en Hy sal tot julle nader."*** Dit is goed om voor God te kniel in gebed, want dit dui op respek en eerbied, maar dit is nie verpligtend nie. Hy ken die gesindheid van ons harte en is nie afhanklik van ons houdings om te weet of ons Hom eer en respekteer nie. Dit is ook nie nodig om in 'n sekere rigting te kniel nie, want God is alomteenwoordig en alwetend. Hy weet wanneer jy kniel met die bedoeling om voor Hom te kniel. Gebed is ook nie 'n vasgestelde rympie wat jy moet opsê nie. Dit is om eerlik met God te praat oor die dinge wat op jou hart is. Dit mag wees dat die Heilige Gees jou bewus maak van dinge wat jy graag vir God wil sê. Doen dit met suiwer motiewe en tot eer van God. Om 'n Christen te word moet jou gebed egter ook die volgende sake bevat:

1. Bely aan God jou sondes. Hy sal al jou sondes vergewe. Jy mag dalk voel dat jou sonde te groot is en dat God dit nie kan vergewe nie. Hy sê egter in sy Woord dat hy al ons sondes vergewe en nooit weer daaraan dink nie. (Jesaja 43:25) Hy sê ook deur die profeet Jesaja in Jesaja 1:18: ***"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."***
2. Neem sy geskenk van verlossing deur Jesus aan en dank Hom dat Jesus die prys vir hierdie sondes betaal het deur sy kruisdood, en dat jy as gevolg daarvan gered is en met God versoen is. Dit word aanvaar soos wat mens enige ander geskenk sou aanvaar, want dit is 'n geskenk aan jou uit God se hand. Efesiërs 2: 8, 9: ***"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."***
3. Gee jouself aan Hom oor. Sê vir Hom dat jy van nou af nie meer vir jouself lewe nie maar vir Hom, dat jy nie meer jou eie belange eerste stel nie, maar dat Hy nou die eerste plek in jou lewe inneem.
4. Dank Hom dat Hy vir jou die geleentheid gegee het en deur sy Gees in staat stel om dit te doen.

As jy Hom eerste stel dan vervul jy die wet van liefde, want dan het jy Hom liewer as alles insluitende jouself. As jy bereid is om jouself te verloën dan sterf jy aan jouself en sal jy nie jou naaste te na kom nie, en dan sal jy aan hom doen wat jy aan jouself gedoen wil hê. Daarom is dit ook nodig om restitusie te doen sover moontlik. Gaan stel reg waar mense deur jou verkeerde dade te nagekom is. Indien werklike vergoeding nie moontlik is nie, vra ten minste verskoning as erkenning, en onderneem om te vergoed sodra dit moontlik is. Jy moet ook almal vergewe wat jou benadeel het. Jesus sê in Mattheus 6:15: ***"Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."***

Dit mag wees dat daar sekere dinge in verband met 'n oorgawe aan God is waaroor jy onseker is ten spyte van jou behoefte om 'n oorgawe aan God te maak. Doen dan baie moeite om so vinnig moontlik al jou vrae beantwoord te kry. Soek na 'n Christen wat erns maak met God en die Bybel. Dit mag moeilik wees, maar vertrou die Here om jou deur sy Heilige Gees na so 'n persoon te lei. Kry 'n Bybel en lees dit biddend. Begin by die Nuwe Testament, verkieslik die evangelie van Johannes. Dit sal egter goed wees om leiding te kry van 'n volwasse Christen. Die enigste manier om die ware God te leer ken is om die Bybel biddend te lees, want dit is Sy openbaring aan die mens.

## Wat nou?

'n Nuwe Christen moet groei in sy kennis van God en in die proses van heiligmaking. Daar is reeds aangetoon dat 'n Christen nie maar kan voortgaan met sy ou sondige lewe van voorheen nie. Baie sogenaamde 'Christene', wat in sonde lewe, en wat leer dat mense nie sonder sonde kan lewe nie, het deur hulle optrede Moslems van Christenskap weerhou, en is die oorsaak van struikeling vir baie mense. Die Bybel sê van hierdie mense in die Nuwe Vertaling: ***"Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak*** (struikelblokke)***! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit*** (die struikelblokke) ***kom."*** (Matteus 18:7; sien ook Lukas 17:1)

Dit is noodsaaklik dat elke nuwe Christen die ware God beter leer ken. So sal hy/sy leer hoe om in oorgawe te lewe, onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die enigste manier tot 'n heilige (toegewyde en sondelose) lewe, want sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Hebreërs 12:14). 'n Christen groei deur die Bybel biddend en soekend te lees, en onderrig te ontvang in die waarhede van die Woord (die Bybel) in 'n gemeenskap van toegewyde Christene.

Die God van die Bybel verwag die volgende van Christene, in Jesus se eie woorde: ***"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."*** (Mattheus 5:48) in die woorde van die apostel Petrus: ***"Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig want Ek is heilig."*** Hierdie gedeelte is in 1 Petrus 1:15,16 en dit verwys na wat geskryf staan in Levitikus 11:44,45.

Die mense (baie Christene) sê ons kan nie so lewe nie en hulle is reg, want uit eie vermoë kan ons nie volkome heilig wees nie. Die Here beloof ons egter in sy Woord dat Hy ons deur sy Heilige Gees sal toerus met krag om dit uit te lewe, indien ons wil en ons Hom glo en vertrou daarvoor. Rom. 13:14 (OAV) ***"Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."*** In Gal. 2:19b-20 (NAV) leer ons van die apostel Paulus: ***"... ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."*** In 1 Thessalonicense 5:23 wens Paulus hulle die volgende toe: ***"En mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus."*** Hy gee dan vir ons die versekering in vers 24: ***"Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen."***

Dit is nie nodig om iemand te probeer oortuig dat 'n Christen 'n getuie vir Christus moet wees nie. Vir iemand wat totaal aan Hom oorgegee is, soos hierbo uiteengesit, is dit onmoontlik om nie 'n getuie vir Hom te wees nie; ***“maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ... “*** Handelinge 1:8. Dit geld ook vir gebed, want in gebed nader jy tot God en praat jy met Hom, en as jy Hom so liefhet dat jy jouself volkome aan Hom oorgee, is dit onvermydelik dat jy Hom soveel as moontlik in gebed sal opsoek.

> ***“Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.”*** 2 Korinthiërs 5:20b

## Bronnelys


**Die Bybel in Afrikaans**, Hersiene uitgawe met teksverwysings 1963, Die Bybelgenootskap van Suid Afrika.

**Die Bybel Nuwe Vertaling**, 1983. Die Bybelgenootskap van Suid Afrika.

Ankerberg, J & Weldon, J. 1991. **The Facts on Islam**. Harvest House Publishers, Oregon.

Ali, AY. 1946. '**The Holy Qur'an'.** Islamic Propagation Centre, International.

Ali, AY. 2000. **The Meanings of The Illustrious Qur'an.** Idara Isha'at-E-Diniyat (P) LTD. New Delhi.

Baker, MA. 1981. Imam, **'Die Heilige Qur'an**'. Islamic Propagation Centre, Durban.

Dawood, N J. 1999. **The Koran.** Penguin Books, London, England

Estabrooks, P. 1996. **Secrets to Spiritual Success**. Sovereign World, Kent.

Hunt, D. 1995. **A Cup of Trembling**. Harvest House Publishers, Oregon.

Hunt, D. 1996. **In Defense of the Faith.** Harvest House Publishers, Oregon.

Karim, F. Al-Haj Maulana. 1998. **Al-Hadis, an English Translation and Commentary of MISHKAT – UL – MASABIH**. Islamic Book Service, New Delhi.

Khan, MM. Dr. 1987. **The Translation of the Meanings of Sahih Al-Bukhari.** Kitab Bhavan New Delhi.

Mc Dowel, J. 1979. **Evidence That Demands A Verdict**. Here's Life publishers, inc.

Mc Dowel, J. & Gilchrist, J. 1983. **The Islam Debate**. Here's Life publishers, inc.

Morey, R. 1992. **The Islamic Invasion**. Harvest House Publishers, Oregon.

Moshay, GJO. 1995. **Who is this Allah.** Dorchester House Publications, U.K.

Nehls, G. 1987. **Christians Ask Muslims**. Evangelical Mission Press, Bellville.

Nehls, G. 1988. **Christians Answer Muslims**. Evangelical Mission Press, Bellville.

Nehls, G. 1998. **The Great Commission You and The Muslims**. Evangelical Mission Press, Bellville.

Pickthall, MM. 1997. **The Meanings of The Glorious Qur'an.** Farid Book Depot New Delhi.